- (6) The Municipality may determine conditions additional to those contained in this by-law for the use of camping sites that fall under the control of the Municipality.
- (7) The Municipality may determine conditions for the establishment of private camping facilities.
- (8) A person who contravenes a provision of subsections (1), (2) and (4), or any condition imposed by the Municipality in terms of subsections (6) and (7) commits an offence.

## **25. Provisions regarding Caravan parks**

- (1) Notwithstanding the provisions of section 23(2), the Municipality may allocate ten percent (10%) or such greater percentage of the sites in a caravan park to be permanently occupied by caravans or mobile homes.
- (2) The Municipality may determine conditions for the establishment of private caravan parks.
- (3) The Municipality may determine conditions additional to those contained in this by-law for the use of caravan parks that fall under the control of the Municipality.
- (4) Any person who contravenes or fails to comply with any condition imposed in terms of subsections (2) and (3) commits an offence.

## **Consumption of liquor/Drugs**

- 26.** No person may operate or use a vessel, or may be in the driving seat of a power-driven boat with its engine running, or may water ski, while his or her blood contains 0.05 grams of alcohol or more per 100 ml of blood or as amended by possible new legislation regarding levels of alcohol per 100 ml of blood, or while under the influence of drugs.

## **Entertainment and trade**

- 27.** No person shall, without the prior written permission of the Municipality, and then only in accordance with any conditions which may be imposed by the Municipality, irrespective whether for reward or gain, conduct:-
- (i) an organised entertainment, sports event, recreational activity; or
  - (ii) business or trade of any sort within the beach area; and
  - (iii) build, erect or place a building or structure of any kind on any part of the beach area.

## **Fireworks**

- 28.** No person shall discharge without the prior consent of the Municipality, any fireworks or pyrotechnic works within the beach area, coastal access land, or coastal public property.

## **Fires**

- 29.** No person shall, except at places and amenities provided by the Municipality, kindle a fire in the beach area without the prior written permission of the Municipality, excluding gas operated equipment of which the gas cylinder not exceeds 4,5 kilogram gas capacity.

## **Protection of coastal fauna and flora**

### **30. Environment conservation**

- (1) No person may camp, picnic or light a fire below a high-water mark.
- (2) No person shall catch, chase, remove, or kill any bird, sea-life or other animal which occurs in the beach area, subject to the provisions of other legislation.
- (3) No person may disturb or attempt to disturb any bird or the nest thereof or remove eggs from nests, or disturb or attempt to disturb any animal or plant.

- (4) No person may wilfully or negligently pollute or foul a water body with fuel, oil, garbage, offal, sewerage, refuse or rubble of any kind whatsoever.
- (5) The Municipality has the right to indicate, by means of notices erected, where activities shall be limited, allowed, controlled or prohibited, and no person, other than an authorised officer, may move, deface or otherwise interfere with such notice-board, notice or marker placed by the Municipality in terms of this by-law.
- (6) A person who contravenes any provision of this section commits an offence.

## **Waste Management**

### **31. Littering**

- (1) No person may -
  - (a) discard, place or leave waste on any municipal land, a public road or a public place other than in a receptacle provided or approved by the Municipality for the discarding of waste by the public;
  - (b) disturb anything in, or remove anything from any receptacle which has been placed for the purposes of collecting waste; or
  - (c) sweep any waste into a gutter, onto a road reserve or onto any other public place.
- (2) An owner or occupier of property must monitor the property for acts of littering by another person and must forthwith report such act of littering to the Municipality.
- (3) A person who contravenes a provision of this section commits an offence.

### **32. Dumping**

- (1) No person may -
  - (a) except with the permission of the owner or of the person or authority having control thereof dump, accumulate, place, deposit, leave or cause or allow to be dumped, accumulated, placed, deposited or left any waste whatsoever, whether for gain or otherwise, on or in -
    - (i) a public road;
    - (ii) a public place;
    - (iii) any drain, watercourse, flood prone areas, tidal or other water in or abutting on any such road, highway, street, lane, public footway or pavement, roadside or other open space to which the public has access; or
    - (iv) private or municipal land.
- (2) Should a person perform any of the acts referred to in subsection (1), the Municipality may by written notice require -
  - (a) the person directly or indirectly responsible for dumping, accumulating, placing, depositing, or leaving the waste;
  - (b) the owner of the waste, whether or not he is responsible for dumping, accumulating, placing, depositing, or leaving the waste; or

- (c) the owner of the property on which the waste was dumped, accumulated, placed, deposited, or left, whether or not he or she is responsible therefore; to remove the waste within the period stated in the notice.
- (3) If a person fails to comply with the requirements of a written notice, the Municipality may dispose of, destroy or remove the waste and may recover the cost of doing so from the person or persons to whom the notice was issued.
- (4) If waste has been deposited in or on any unoccupied land in contravention of subsection (1) and it is necessary that the waste be forthwith removed or other steps be taken to eliminate or reduce the consequences of the deposit, the Municipality may remove the waste from the land or take other steps to eliminate or reduce the consequences of the deposit or, as the case may require, to remove the waste and take those steps, and is entitled to recover the cost incurred by it-
  - (a) from the owner of the land, unless he or she proves that he or she neither made nor knowingly caused nor knowingly permitted the deposit of the waste; or
  - (b) from any person who deposited or knowingly caused or knowingly permitted the deposit of any of the waste.
- (5) Any waste removed by the Municipality belongs to the Municipality and may be dealt with accordingly.
- (6) A person who contravenes a provision of subsection (1) or who fails to comply with a notice issued in terms of subsection (2) commits an offence.

### **33. Burning of waste**

- (1) No person may burn waste except at -
  - (a) an authorised incinerator operated by the Municipality; or
  - (b) a place designated by the Municipality for such purpose.
- (2) A person who contravenes a provision of subsection (1) commits an offence.

## **Swimming/Bathing**

### **34. Prohibition of swimming within certain areas**

- (1) The Municipality may by means of a notice set aside and reserve any area of the beach area, including a bathing pool exclusively for bathing or sunbathing.
- (2) Swimming within any part of the bathing area or presence within the beach area may be prohibited by the Municipality, either as a permanent or temporary measure, where special circumstances necessitate.
- (3) Swimming or presence within any part of the beach area may be temporarily prohibited by an authorised life-saver on duty for as long as he may consider a situation or the conditions of the sea unsafe.
- (4) Any permanent designation or prohibition under this by-law shall be indicated by notice on the spot and any temporary designation or prohibition by recognisable and intelligible signs at both ends of the prohibited area.

**35. Offences relating to swimming**

- (1) No person shall swim in any part of the bathing area in which swimming has been prohibited.
- (2) No person shall remain, swim or sunbathe in the nude or be clad improperly or indecently or be dressed in underwear only within the beach area.
- (3) No person shall hang on to, sit upon or cause to sink any safety ropes provided for the protection of bathers, or in any way tamper with or interfere with such safety ropes or other appliances provided for the assistance of swimmers in distress.
- (4) No person shall enter or remain within the beach area contrary to a reasonable prohibition by the person having authority over or placed in charge of such coastal or seashore area, or as evidenced by a notice on the spot.

**Aquatic events (e.g. organised triathlons, inflatable boat races)****36. No person shall:-**

- (a) within or on any beach area organise, participate or compete in any swimming race or aquatic sport or event, or organise training in respect of such water or any other sports that cause annoyance or affect the safety, comfort or rights of the users of the beach area, except with the prior consent of the Municipality and at such time and place as the Municipality may have determined;
- (b) within the bathing area play any game where the playing of games has been prohibited by a sign.

**Damage to property****37. Damage of property**

- (1) No one may:-
  - (a) move, deface or otherwise interfere with any notice board, notice or marker or other object erected, posted or placed on the beach by the Municipality or an authorised official or
  - (b) interfere with, misuse or damage any building, facility, structure or other amenity provided for the use of the public on the beach area.
- (2) Any person who fails to observe the terms of notices affixed to any building, structure or amenity or upon the beach area by the Municipality or authorised person, shall be guilty of an offence.

**Angling****38. No person may:**

- (1) catch undersized or recently bred fish or remove such fish for breeding or stocking purposes;
- (2) catch fish or angle, whether from a boat or by way of gill net fishing, in the first 1km (one kilometre) from the river mouth of the estuary;

- (3) catch fish or angle in that portion of the bathing area wherein the Municipality has by notice prohibited fishing.
- (4) Where fishing and angling is not prohibited, no person may cast or manipulate his fishing equipment in a manner which may endanger or cause annoyance to anyone.

**39. No person may:**

- (1) fish from any bridge over a river;
- (2) impede any navigational channel with a fishing line;
- (3) leave a fishing line unattended in or near a navigation channel;
- (4) spear fish in a river.

A person who contravenes a provision of this section commits an offence.

## Animals on the beach and adjacent areas

**40. Animals on beaches**

- (1) The Municipality may, after an impact assessment and public participation process, allow dogs or horses or both on designated parts of the beach area, on such conditions, requirements, restrictions or tariffs it deems necessary.
- (2) No person shall:-
  - (a) cause or allow any animal belonging to them, or in their charge, to enter upon or remain in any part of the bathing area, unless it is a demarcated area wherein the Municipality has, by notice on the spot, admitted the presence of animals, except a certified guide dog fulfilling its duty as a guide dog;
  - (b) cause or allow a dog or horse in his charge, to enter or remain upon the bathing area, where the presence of dogs and or horses is admitted by a notice, unless:-
    - (i) such a dog is on a leash;
    - (ii) such a horse is bridled or reined; and is effectively restrained from causing annoyance or posing a danger to any other person or persons;
  - (c) cause or allow any other animal in his charge, to enter or remain upon the bathing area except with prior written permission by the Municipality.
- (3) Any animal found in the bathing area contrary to the provisions of subsection (2) may be impounded by an authorised person or municipal official and be removed to a pound, or other place of safe keeping, there to be dealt with in accordance with the prescriptions of such pound or place of safe keeping irrespective whether such animal is under the control or care of or accompanied by the owner or any other person
- (4) The owner or person in charge of the allowed dog, horse or other animal:-
  - (a) must at all times have the necessary equipment in his possession to be able to forthwith clean up any excretion from such animal and place it in a bag, wrapper or other container;
  - (b) forthwith clean up and remove any excrement resultant from such animal and dispose of it in a receptacle provided for the deposit of litter or refuse, or to keep it until it can be disposed of.

- (5) No animals of whatever kind may graze on any estuary, salt marsh or wetland.
- (6) Any person who, in contravention of the provisions or requirements of subsections (4) or (5), brings an animal in a bathing area or brings or allows any animal to graze on any estuary, salt marsh or wetland is guilty of an offence and such animal may be seized and impounded by an authorised person and removed to the Municipality's pound, or other place of safe keeping, there to be dealt with in accordance with the prescriptions of such pound or place of safekeeping.

### **General conduct on rivers, dams, estuaries and sea**

#### **41. Conduct on rivers, dams, estuaries and sea**

- (1) No person may:
  - (a) use obscene, offensive or indecent language;
  - (b) behave in an offensive, improper or disorderly manner;
  - (c) wilfully or negligently cause discomfort or inconvenience to others;
  - (d) disturb the peace or cause undue noise;
  - (e) behave in a dangerous or reckless manner;
  - (f) furnish to any authorised officer any particulars that are false or misleading;
  - (g) impersonate or falsely represent himself or herself as an authorised officer;
  - (h) fail to comply with the lawful requirements of any authorised officer; or
  - (i) assault, obstruct, resist, delay, intimidate or otherwise interfere with an authorised officer in the performance of his or her duties.
- (2) A person who contravenes a provision of subsection (1) commits an offence.

### **Miscellaneous Provisions**

#### **42. Powers of official and offences**

- (1) The Municipality may appoint an officer, as well as any other official or person, and entrust them with the powers and duties to ensure that this by-law is duly observed.
- (2) In addition to the powers and duties referred to elsewhere in this by-law, and subject to any other applicable law, an officer or any other appointed official or person, including a peace officer, on presentation of his official identification:-
  - (a) may investigate any act or omission which on reasonable suspicion may constitute an offence and a person commits an offence if he or she:
    - (i) threatens, resists, hinders or obstructs, or uses foul, abusive or insulting language towards or at an official in the exercise of his or her powers or execution of his or her duties;
    - (ii) falsely holds himself or herself out to be an official;
    - (iii) furnishes false or misleading information when complying with a request of an official;
    - (iv) fails to comply with a request of an official.



- (b) may stop any vehicle or vessel within the beach area and examine any permit or authorisation, in order to satisfy himself that the vehicle or vessel permit or authorisation complies with this by-law or any other applicable law;
- (c) require any person to furnish his/her name and address and give any other particulars required as to his identification where, in the opinion of the officer the person may reasonably be suspected of having committed an offence or is able to give evidence in regard to the commission, or suspected commission, of any such offence;
- (d) seize anything which may in the opinion of the officer, afford evidence of an offence, provided if no prosecution for an offence is instituted, it be returned to the person from whose possession it was taken;
- (e) subject to subsection 2(c), anything seized shall be disposed of in accordance with the applicable provisions of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977).

#### **43. Appeal**

A person whose rights are affected by a decision delegated by the Municipality may appeal against that decision by giving written notice of the appeal and the reasons therefor in terms of section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) to the Municipal Manager within 21 days of the date of the notification of the decision.

#### **44. Penalties**

A person who has committed an offence in terms of this by-law is, on conviction, liable to a fine or in default of payment, to imprisonment, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment, and in the case of a successive or continuing offence, to a fine for every day such offence continues, or in default of payment thereof, to imprisonment.

#### **45. Limitation of liability**

The Municipality is not liable for any damage or loss caused by:

- (a) the exercise of any power or the performance of any duty in good faith under this by-law; or
- (b) the failure to exercise any power, or perform any function or duty in good faith under this by-law.

#### **46. Authentication and service of notices and other documents**

- (1) A notice issued by the Municipality in terms of this by-law is deemed to be duly issued if it is signed by an officer authorised by the Municipality.
- (2) Any notice or other document that is served on a person is regarded as duly served:
  - (a) when it has been delivered to that person personally;
  - (b) when it has been left at that person's place of residence or business in the Republic of South Africa with a person apparently over the age of sixteen years;
  - (c) when it has been posted by registered or certified mail to that person's last known residential or business address in the Republic of South Africa and an acknowledgment of the posting thereof from the postal service is obtained;
  - (d) if that person's address in the Republic of South Africa is unknown, when it has been served on that person's agent or representative in the Republic of South Africa in the manner provided by paragraphs (a), (b) or (c);

- (e) if that person's address and agent or representative in the Republic of South Africa is unknown, when it has been posted in a conspicuous place on the land or business premises to which it relates;
  - (f) in the event of a juristic person, when it has been delivered at the registered office of the business premises of such juristic person;
  - (g) when it has been delivered, at the request of that person, to his or her e-mail address.
- (3) Service of a copy is deemed to be service of the original.
- (4) When any notice or other document is served on the owner, occupier, or holder of any property, or right in any property, it is sufficient if that person is described in the notice or other document as the owner, occupier, or holder of the property or right in question, and it is not necessary to name that person.

#### **47. Presumption**

In any prosecution under this by-law it shall be presumed, unless the contrary is proved, that an animal found in a public amenity was brought into the amenity by the owner thereof or a person under the control of the owner, or that the owner or the person allowed the animal to enter the amenity.

#### **48. Entering into agreements**

The Municipality may enter into a written agreement with any person, organ of State, local community or organisation to provide for –

- (a) the co-operative development of any public amenity; or
- (b) the co-operative management of any public amenity; and
- (c) the regulation of human activities within a public amenity.

#### **49. Liaison forums in community**

- (1) The Municipality may establish one or more liaison forums in a community for the purposes of:
- (a) creating conditions for a local community to participate in the affairs of the Municipality;
  - (b) encouraging a local community to participate in the affairs of the Municipality; and
  - (c) promoting the effective and safe use of public amenities.
- (2) A liaison forum may consist of:
- (a) a member or members of an interest group, or an affected person;
  - (b) a member or members of a community in whose immediate area a public amenity exists;
  - (c) a designated official or officials of the Municipality;
  - (d) the councillor responsible for public amenities.
- (3) (a) The Municipality may, when considering an application or registration in terms of this by-law, request the input of a liaison forum.
- (b) A liaison forum or any person or persons contemplated in subsection (2) may, on own initiative submit an input to the Municipality for consideration.

**Repeal of by-laws**

50. The provisions of any by-laws previously promulgated by the Municipality or by any of the disestablished municipalities now incorporated in the Municipality are hereby repealed as far as they relate to matters provided for in this by-law.

**Short title and commencement**

51. This by-law may be cited as the Matzikama Local Municipality Coastal Management By-law and commences on the date of publication thereof in the Provincial Gazette.

# MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

## VERORDENING INSAKE KUSBESTUUR

### Woordomsrywings

In hierdie verordening sluit woorde wat in die manlike geslag gebruik word, die vroulike geslag in; die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd; die Engelse teks sal voorrang geniet in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

**“admiraliteitsreservaat”** enige strook grond wat grens aan die binnelandse kant van die hoogwatermerk wat ten tye van die inwerkingtreding van hierdie Wet op 'n amptelike plan, toekenningsakte, titelakte of ander dokument waarop die titel of grondgebruiksregte as “admiraliteitsreservaat”, “regeringreservaat”, “strandreservaat”, “kuswoudreservaat” of ander soortgelyke reservaat aangedui is, as staatsgrond gereserveer of aangewys is;

**“afval”** enige stof, ongeag of daardie stof hergebruik, herwin of herstel kan word –

- (a) wat oorbodig, ongewens, verwerp, weggegooi, agtergelaat of mee weggedoen is;
- (b) waarvoor die genereerder geen verdere nut vir die doeleindes van produksie, verwerking of verbruik het nie; en
- (c) wat weggedoen of agtergelaat is op 'n wyse wat die omgewing nadelig kan beïnvloed;

**“aktiewe kussone”** enige grond wat deel uitmaak van of aanliggend is aan die seekus is wat –

- (a) as gevolg van natuurlike prosesse onstabiel en dinamies is; en
- (b) gekenmerk word deur duine, strande, sandwalle en ander grondvorme wat uit ongekonsolideerde sand, klippies of ander sulke materiaal bestaan wat óf nie-gevegeteer óf slegs gedeeltelik gevegeteer is;

**“baaigebied”** die seekus en daardie gedeelte van die see wat binne of aangrensend aan die Munisipaliteit se regsgebied is, asook daardie gedeelte van die aangrensende duin en die strand wat gewoonlik deur lede van die publiek vir swem- en ontspanningsdoeleindes gebruik word;

**“beskermd gebied”** 'n beskermd gebied waarna daar in artikel 9 van die Wet op Beskermd Gebiede verwys word;

**“besoedeling”** die betekenis wat in artikel 1 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur daaraan toegewys is;

**“boot”** enige bevaarbare vaartuig, hetsy selfgedrewe of nie, en of dit gebruik word om persone of goedere te dra of om iets te sleep of om enige ander rede, hetsy vir sport, ontspanning, of nie;

**“branderplank”** 'n plank wat hoofsaaklik uit veselglas of epoksihars bestaan en gebruik word om branders te ry, insluitend lang branderplanke, roeiplanke (staande en knielend), knieplanke en soortgelyke vaartuie, maar sluit lyfplanke uit wat hoofsaaklik uit poliëtileen, polipropileen of soortgelyke materiaal bestaan;

**“branderry”** die ry van branders op 'n plank of soortgelyke toestel wat 'n persoon kan ondersteun as dit in beweging is, maar sluit 'n plank uit wat deur windkrag of met behulp van 'n seil aangedryf of beheer word;

“**drank**” drank soos omskryf in artikel 1 van die Wes-Kaapse Wysigingswet op Drank, 2015 (Wet No. 3 van 2015);

“**dronk**” ’n persoon wat as gevolg van die alkohol of dwelms wat hy of sy verbruik het, in so ’n mate beheer oor sy of haar geestes- of fisiese vermoëns of albei verloor het dat hy of sy nie in staat is om hom of haar te gedra of om enige handeling waarby hy of sy betrokke is, met veiligheid vir hom- of haarself of met inagneming van die regte van ander wat deur die wet vereis word, uit te voer nie;

“**duin**” enige opbou of ophoping van sand langs die kusgebied wat geleë is binne ’n gebied waaroor die Munisipaliteit jurisdiksie het, ongeag of dit kaal en mobiel of gevegeteer en stabiel is;

“**eksklusiewe ekonomiese sone**” die eksklusiewe ekonomiese sone van die Republiek, waarna daar in artikel 7 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet No. 15 van 1994) verwys word;

“**fasiliteit**” onder meer ’n afgeslote baaigebied, boothuis, baaihokkie, kleedkamer, swembad-pawiljoen, speelgrond, parkeerterrein, kleedhokkie, stort, badkamer of toilet;

“**gesond**” dit wat nie nadelig of moontlik skadelik vir die gesondheid van die publiek is nie;

“**goedere en eiendom**” roerende asook onroerende goedere of eiendom;

“**hoogwatermerk**” die hoogste lyn wat deur kuswaters bereik word, maar sluit enige lyn uit wat bereik word as gevolg van –

- (a) buitengewone of abnormale oorstromings of storms wat nie meer as een keer in tien jaar voorkom nie; of
- (b) ’n riviermonding wat vir die see gesluit is;

“**kennisgewing**” (kennisgewingbord of -teken) ’n gepaste amptelike kennisgewing wat by die ingang na of op ’n opsigtelike plek of in ’n prominente plek in ’n leesbare toestand opgerig of vertoon word, en kan ’n piktogram insluit wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is;

“**kusbeskermingsgebied**” ’n beskermde gebied wat in geheel of gedeeltelik binne die kussone geleë is en wat deur of namens ’n staatsorgaan bestuur word, maar sluit enige deel van so ’n beskermde gebied uit wat van die kus afgesny is ingevolge artikel 22 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur;

“**kusbeskermingsone**” die kusbeskermingsone beoog in artikel 17 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur.

“**kussone**” die gebied bestaande uit openbare kuseiendom, die kusbeskermingsone, kustoegangsgrond en kusbeskermingsgebiede, die seekus, kuswaters en die eksklusiewe ekonomiese sone, en sluit in enige aspek van die omgewing op, in, onder en bo sodanige gebied;

“**kustoegangsgrond**” grond aangewys as kustoegangsgrond ingevolge artikel 18(1), gelees met artikel 26 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur;

“**kusvleiland**” –

- (a) enige vleiland binne die kussone; en
- (b) sluit in –
  - (i) grond aanliggend aan kuswaters wat gereeld of periodiek oorstrom word deur water, soutmoerasse, wortelboomgebiede, tussengety-sand- en moddervlaktes, moerasse en kleiner kusstrome, ongeag of dit van ’n souterige, varswater- of brakkerige aard is; en

- (ii) die water, die ondergrond en substrata daaronder, en die bed en oevers van enige sodanige vleiland;

**“kuswater”** –

- (a) seewaters wat deel uitmaak van die binnelandse waters of territoriale waters van die Republiek waarna daar in artikel 3 en 4 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet No. 15 van 1994) onderskeidelik verwys word; en
- (b) enige riviermonding behoudens artikel 26 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur.

**“laagwatermerk”** die laagste lyn waarteen kuswaters tydens springgetye afgaan;

**“Munisipaliteit”** die Matzikama Plaaslike Munisipaliteit, ingestel kragtens artikel 12 van die Wet op Munisipale Strukture (Wet No. 117 van 1998) en sluit in enige behoorlik gemagtigde agent, diensverskaffer of enige werknemer daarvan handelend ingevolge hierdie verordening uit hoofde van ’n bevoegdheid wat aan die Munisipaliteit verleen is en aan sodanige agent, diensverskaffer of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;

**“omgewing”** ‘omgewing’ soos omskryf in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur;

**“oorlas”** enige geraas, klank, optrede of gedrag wat ’n bron van gevaar, nadeel, ongerief of ergernis vir of ’n wesentliche inmenging of versteuring met die gewone gemak, vrede of gerief van ander persone uitmaak of kan uitmaak;

**“openbare byeenkoms of optog”** ’n optog of byeenkoms van meer as 20 mense;

**“openbare gerief”** –

- (a) enige grond, meentgrond, plein, kampeerterrein, karavaanpark, strand, swembad, openbare oop ruimte, openbare oord, ontspanningsgebied, rivier, riviermonding, dam, natuurreserveaat, soutmoeras, vleiland, dieretuin, botaniese of ander tuin, of staproete, insluitend enige gedeelte daarvan en enige fasiliteit of apparaat daarin of daarop, wat die eiendom van die Munisipaliteit is of in besit is van of beheer of gehuur word deur die Munisipaliteit en waartoe die algemene publiek toegang het, hetsy teen betaling van toelatingsgeld of nie, maar sluit ’n openbare pad of straat uit;
- (b) ’n gebou, struktuur, saal of kantoor, insluitend enige deel daarvan of enige fasiliteit of apparaat daarin wat die eiendom van die Munisipaliteit is of in besit is van of beheer of gehuur word deur die Munisipaliteit en waartoe die algemene publiek toegang het, hetsy teen betaling van toelatingsgeld of nie; en
- (c) ’n openbare gerief beoog in paragraaf (a) en (b) indien dit wettiglik ingevolge ’n ooreenkoms tussen ’n persoon en die Munisipaliteit beheer of bestuur word;

**“openbare kuseiendom”** openbare kuseiendom waarna daar in artikel 7 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur verwys word;

**“openbare plek”** enige plein, gebou, park, ontspanningsgebied of oop ruimte –

- (a) wat in die Munisipaliteit gevestig is;
- (b) waartoe die publiek gebruiksreg het; of
- (c) wat aangedui word op ’n algemene plan van ’n dorpsgebied wat by ’n aktekantoor of ’n landmeter-generaal se kantoor ingedien is en wat vir die gebruik van die publiek of die eienaars van erwe in sodanige dorpsgebied voorsien of gereserveer is;

“**persoon**” onder meer ’n vereniging of organisasie;

“**riviermonding**” ’n liggaam oppervlakwater –

- (a) wat deel is van ’n waterloop wat permanent of periodies oop is na die see;
- (b) waarin ’n styging of daling in die watervlak as gevolg van die getye meetbaar is tydens springgetye wanneer die waterloop na die see oop is; of
- (c) ten opsigte waarvan die soutgehalte as gevolg van die invloed van die see meetbaar hoër is.

“**rommel**” afval, vullis of enige voorwerp of stof wat gestort, gedeponeer, weggegooi of agtergelaat word deur ’n persoon in wie se besit of beheer dit was;

“**see**” alle seewaters, insluitende –

- (a) die oop see;
- (b) alle seewaters in enige regering se regsgebied; en
- (c) die bed, ondergrond en substrata onder daardie waters, maar sluit nie riviermondings in nie.

“**seekus**”, behoudens artikel 26 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, die gebied tussen die laagwatermerk en die hoogwatermerk;

“**soutmoeras**” vleilande wat deel vorm van die vloedvlakte van riviere en riviermondings;

“**spesiale bestuursgebied**” ’n gebied wat as sodanig kragtens artikel 23 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur verklaar is;

“**strandgebied**” die see, seekus, baagebied, sandduin en enige grond in besit van die Munisipaliteit wat bo die hoogwatermerk en aangrensend aan die seekus is en deur die publiek vir ontspanningsdoeleindes gebruik word of gebruik kan word, insluitend enige aangrensende fasiliteit, promenade, looppad, parkeerterrein, grasperk of strukture;

“**Suid-Afrikaanse vaartuig**” enige vaartuig wat ingevolge toepaslike wetgewing in die Republiek geregistreer is of geag geregistreer te wees;

“**vaartuig**” enige vervoermiddel wat op of in water kan dryf of wat ontwerp is om op of in water te vaar en sluit in ’n boot, ’n seilboot of seilplank, roeiboot, platboomboot, straalaangedrewe boot, waterponie of enige ander vaarbare vaartuig van enige tipe hoegenaamd, hetsy dit selfaangedrewe is of nie, maar sluit ’n branderplank uit;

“**verantwoordelike persoon**” die persoon wie se persoonlike besonderhede en handtekening op die voorgeskrewe aansoekvorm vir registrasie verskyn;

“**vleiland**” grond in ’n oorgangsfase tussen geologiese (aardse) en akwatiese stelsels waar die watertafel gewoonlik by of naby die oppervlak is, of waar die grond periodiek deur vlak water bedek is, en welke grond onder normale omstandighede die plantegroei wat tipies aangepas is om in versadigde grond te leef, ondersteun of sal ondersteun;

“**voertuig**” ’n voertuig wat ontwerp of aangepas is vir aandrywing of vervoer deur middel van brandstof, gas, elektrisiteit, battery of andersins, ’n voertuig wat deur diere gesleep word, ’n windaangedrewe voertuig, ’n motorfiets of fiets, asook ’n sleepwa, ’n karavaan of ander implemente wat ontwerp of aangepas is om deur sodanige voertuig gesleep te word;

“**Wet op Beskermdede Gebiede**” die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermdede Gebiede, 2003 (Wet No. 57 van 2003).

## Doelwitte

Om voorsiening te maak vir prosedures, metodes en praktyke om die gebruik en bestuur van die kussone te reguleer. Om aktiwiteite in die kussone te beheer en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. Kragtens die bepalings van artikel 156(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en artikel 20(2) en 50 van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur (Wet No. 24 van 2008) verorden die Matzikama Plaaslike Munisipaliteit soos volg:

## Toepassing

1. Hierdie verordening is van toepassing op die strandgebied en die kusgebied onder beheer van die Munisipaliteit in soverre dit tersaaklik is en nie by enige ander wet uitgesluit is of in stryd daarmee is nie.
2. Indien 'n bepaling van hierdie verordening in stryd is met enige ander verordening van die Munisipaliteit, moet hierdie verordening of die mees beperkende bepalings van 'n verordening nagekom word, maar sal nie afbreuk doen aan die bepalings van enige ander wetgewing nie.

## Openbare geriewe

### 3. Getal besoekers

- (1) Die Munisipaliteit mag die volgende bepaal:
  - (a) die maksimum getal persone of voertuie wat op enige tydstip in of by 'n openbare gerief teenwoordig mag wees; en
  - (b) verskillende klasse voertuie wat op enige tydstip in of by 'n openbare gerief teenwoordig mag wees, en dit mag tussen openbare geriewe onderskei.

### 4. Toelating tot 'n openbare gerief

- (1) Die Munisipaliteit mag die tye en datums waarop en voorwaardes waarvolgens 'n openbare gerief vir die publiek oop mag wees, met behoorlike inagneming van artikel 6(1)(a) bepaal.
- (2) Die Munisipaliteit mag bepaal watter aktiwiteite by 'n openbare gerief onderneem of nie onderneem mag word nie en dit sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:
  - (a) die bestuur van 'n motorvoertuig en verskillende klasse motorvoertuie by 'n openbare gerief;
  - (b) branderry, vlieërvlieg, seilplankry, sweefski, waterski, roeiski, waterponiery, die ry van gemotoriseerde vaartuie, en soortgelyke aktiwiteite op strande waar hierdie aktiwiteite toegelaat word;
  - (c) baai in sodanige baaigebiede op die strand, welke gebiede deur die Munisipaliteit afgebaken is;
- (3) Die Munisipaliteit mag gedurende die ure en vir die tydperk wat die Munisipaliteit as geskik ag, aan enige persoon of persone die eksklusiewe gebruik van 'n openbare gerief vir speletjies, 'n openbare vergadering, kermis, vertoning of ander funksie of vermaak toestaan.



- (4) Die Munisipaliteit mag tydelik of permanent vir die doeleindes van instandhouding, ontwikkeling, sekuriteit, veiligheid of openbare gesondheid:
  - (a) 'n openbare gerief of 'n gedeelte daarvan sluit; of
  - (b) alle of enige bedrywighede daarop staak.
- (5) Waar 'n persoon in 'n openbare gerief ingevolge hierdie verordening 'n misdryf begaan het, mag 'n amptenaar so 'n persoon gelas om die openbare gerief te verlaat, en 'n persoon wat aldus gelas word om die gerief te verlaat, moet die gerief verlaat langs die kortste roete wat vir die publiek beskikbaar is.
- (6) Waar 'n amptenaar op redelike gronde vermoed dat 'n persoon wat 'n openbare gerief wil binnegaan, voornemens is om 'n misdryf in of by die openbare gerief te begaan, mag hy of sy die betrokke persoon toegang weier.

## 5. Toegangsgelde

- (1) Die Munisipaliteit mag verskillende toegangsgelde hef en toegangskaartjies uitreik ten opsigte van persone van verskillende ouderdomme, groepe persone of verskillende klasse voertuie, en mag konsessies ten opsigte van die betaalbare toegangsgelde toestaan.
- (2) Toegangsgelde is betaalbaar by die ingang van 'n openbare gerief, behalwe waar 'n ander plek aangedui word op 'n kennisgewingbord wat ingevolge artikel 6(1) opgerig is.
- (3) 'n Toegangskaartjie beoog in subartikel (1) is geldig vir die tydperk beoog in subartikel (4).
- (4) Toegangsgeld is betaalbaar ten opsigte van elke dag of gedeelte daarvan waartydens 'n persoon, groep of voertuig in 'n openbare gerief is, met dien verstande dat geen gelde betaalbaar is vir die dag waarop so 'n openbare gerief verlaat word as die gerief voor 10:00 op so 'n dag verlaat word en as die dag nie die dag van aankoms is nie.
- (5) Geen gelde beoog in subartikel (1) is terugbetaalbaar waar enige gedeelte van die tydperk ten opsigte waarvan sulke gelde betaal is, nie gebruik is of gebruik kan word nie, met dien verstande dat die gelde wat ten opsigte van elke volle dag betaal is en nie gebruik is nie, deur middel van 'n aansoek en met die goedkeuring van die Munisipaliteit terugbetaal kan word. Vir die doeleindes van hierdie subartikel beteken "volle dag" 'n tydperk van 24 uur wat om 10:00 van enige dag 'n aanvang neem.
- (6) 'n Amptenaar mag enige persoon in 'n openbare gerief versoek om die toegangskaartjie te toon wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, en 'n persoon wat versuim om so 'n kaartjie te toon of 'n persoon wat 'n openbare gerief binnegaan sonder om die toegangsgelde te betaal, begaan 'n misdryf.

## 6. Kennisgewingborde

- (1) Die Munisipaliteit mag 'n kennisgewingbord by die ingang na of in die onmiddellike omgewing van 'n openbare gerief oprig, waarop enige van die volgende aangedui word:
  - (a) die tye, datums en voorwaardes van toegang en die aktiwiteite wat toegelaat of verbode is;
  - (b) die gelde betaalbaar;
  - (c) 'n kennisgewing van sluiting soos na verwys in artikel 4(4);

Waar geen kennisgewingbord opgerig is nie en behoudens artikel 8, mag geen aktiwiteite egter by die openbare gerief onderneem word nie.

- (2) Geen persoon buiten 'n amptenaar of ander persoon wat ingevolge hierdie verordening daartoe gemagtig is, mag 'n kennisgewingbord wat die Munisipaliteit opgerig het, verskuif, die inhoud daarvan verander, dit ontsier of andersins daarmee peuter nie.
- (3) 'n Kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) deur die Munisipaliteit aangebring is, mag 'n grafiese voorstelling bevat om 'n betekenis oor te dra.
- (4) 'n Persoon wat strydig met enige bepalings van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

#### **7. Toestemming vereis vir sekere aktiwiteite**

- (1) Geen persoon mag sonder skriftelike toestemming wat vooraf van die Munisipaliteit verkry is, by, in of op 'n openbare gerief:
  - (a) die volgende reël, hou, aanbied of bywoon nie:
    - (i) 'n openbare vermaakseleentheid;
    - (ii) 'n vergadering;
    - (iii) 'n openbare byeenkoms of optog, uitstalling of opvoering; of
    - (iv) 'n veiling; of
  - (b) geld of enige ander goedere invorder nie;
  - (c) 'n pamflet, plakkaat, skildery, boek, strooibiljet of 'n gedrukte, geskrewe of geverfde werk vertoon of versprei nie; of
  - (d) enige handelsaktiwiteit uitvoer nie.
- (2) Geen persoon mag by of in 'n openbare gerief enige aktiwiteit onderneem of uitvoer wat in stryd is met 'n kennisgewingbord wat ingevolge artikel 6(1) opgerig is nie.
- (3) Geen persoon mag sonder dat die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit vooraf verkry is, enige heining, struktuur, dam, skuiling of enigiets anders oprig of vestig nie, en 'n persoon wat sodanige toestemming verkry het, mag sodanige heining, struktuur, dam, skuiling of enigiets anders slegs oprig in 'n aangewese gebied wat vir dié doel opsy gesit is.
- (4) Geen persoon mag sonder dat die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit vooraf verkry is, 'n vuurwapen in 'n openbare gerief inbring of dit in sy of haar besit hê nie, en die Munisipaliteit mag slegs onder die volgende omstandighede sodanige toestemming verleen:
  - (a) vir die afvuur van loskruitpatrone tydens georganiseerde kompetisies of sportbyeenkomste;
  - (b) wat verband hou met die insameling van monsters van seelewe, of -voëls of -diere vir wetenskaplike doeleindes;
  - (c) vir die regmatige uitdunning van 'n walvis, dolfyn of dier;
  - (d) om 'n noodsein te gee in die geval waar 'n beoogde aktiwiteit mag vereis dat 'n noodsein by wyse van 'n vuurwapen gegee word.

- (5) 'n Persoon wat die Munisipaliteit se toestemming wil verkry, soos beoog in subartikel (1), moet die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi en indien, en die Munisipaliteit mag toestemming weier of toestaan behoudens enige voorwaardes wat dit nodig ag en behoudens die betaling van die voorgeskrewe geld, en 'n persoon wat voedsel wil verkoop moet ook voldoen aan enige wetgewing met betrekking tot die verkoop van voedsel.
- (6) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (5) toestemming ontvang het, moet te alle tye die vorm in sy of haar besit hou, en moet op versoek van 'n amptenaar die vorm toon.

## 8. Gebruik van openbare geriewe

Die Munisipaliteit mag 'n ooreenkoms aangaan met enige persoon ingevolge waarvan 'n openbare gerief of enige gedeelte daarvan gebruik mag word vir die doeleindes van en behoudens enige voorwaardes wat in die ooreenkoms uiteengesit word.

## 9. Permit

- (1) Nieteenstaande die bepalings van artikel 4, 5(1), 5(3) en 6(1) mag die Munisipaliteit, op aansoek en behoudens enige voorwaardes wat die Munisipaliteit mag oplaê, 'n permit gratis of andersins uitreik:
  - (a) aan 'n groep mense soos byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, 'n groep *bona fide* studente; of
  - (b) aan 'n persoon wat wetenskaplike, opvoedkundige of soortgelyke navorsing doen.
- (2) Die houër van 'n permit uitgereik ingevolge subartikel (1) uitgereik is, mag:
  - (a) indien hy of sy die houër van 'n geldige jaglisensie is, onder die toesig, beheer en volgens die instruksies van 'n amptenaar fauna jag, vang, doodmaak of verwyder;
  - (b) flora pluk, versamel of verwyder;
  - (c) enigiets van historiese of wetenskaplike belang neem of verwyder;
  - (d) duiktoerusting, 'n wapen, 'n strik, gif of tuingereedskap, lewende of dooie fauna of flora in sy of haar besit hê;
  - (e) enige flora wat gepluk of karkas wat gejag is, verwyder slegs as die amptenaar:
    - (i) sodanige flora of karkas geïnspekteer het;
    - (ii) dit nodig of wenslik ag, die afmetings of massa gemeet het of 'n monster van sodanige flora of karkas geneem het; en
    - (iii) die permithouër skriftelik gemagtig het om sodanige flora of karkas te verwyder; of
    - (iv) grond, sand of klip uitgrawe of organiese of anorganiese voorwerpe verwyder.
- (3) Die houër van 'n permit moet, by aankoms by die openbare gerief, sodanige permit aan die amptenaar in beheer toon, en 'n persoon wat versuim om dit te doen, begaan 'n misdryf.
- (4) Die houër van 'n permit wat 'n aktiwiteit in stryd met 'n opgelegde voorwaarde onderneem, begaan 'n misdryf.

## 10. Voorgeskrewe gelde

Die Munisipaliteit mag gelde bepaal wat ingevolge hierdie verordening betaalbaar is.

## 11. Diere

- (1) Geen persoon mag in stryd met 'n kennisgewingbord enige dier by 'n openbare gerief inbring nie.
- (2) 'n Persoon wat toestemming het om 'n dier by 'n openbare gerief in te bring, moet regstreekse en fisieke beheer oor die dier hê by wyse van 'n leiband of ander toestel, en mag nie sodanige dier bad, was of toelaat om in enige dammetjie, fontein of ornamentele waterbad te klim of daarin te vertoef nie.
- (3) 'n Persoon wat toestemming het om 'n dier by 'n openbare gerief in te bring, moet in sy of haar besit 'n meganisme of toestel hê om enige ontlasting in of op sodanige openbare gerief deur sodanige diere op te tel of te verwyder, en enige ontlasting in sodanige openbare gerief deur enige sodanige dier moet opgetel en verwyder word deur die persoon wat die dier by die openbare gerief ingebring het.
- (4) Enige dier wat nie onder die beheer of oënskynlike beheer van 'n persoon is nie, mag, as dit in of op 'n openbare gerief gevind word, deur die Munisipaliteit aangekeer en na 'n skut verwyder word waar dit ingevolge enige wet ten opsigte van die skutting van diere hanteer sal word.
- (5) Enige persoon wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1), (2) of (3) optree, begaan 'n misdryf.

## 12. Verbode gedrag

- (1) Geen persoon:
  - (a) wat dronk of onder die invloed van enige dwelmiddel is mag 'n openbare gerief binnegaan of daar teenwoordig wees nie, en so 'n persoon sal nie tot 'n openbare gerief toegelaat word nie;
  - (b) mag in of by 'n openbare gerief:
    - (i) enigiets breek, beskadig, vernietig, daarmee peuter, misbruik, ontsier of gebruik of versuim om 'n opdrag van die Munisipaliteit te gehoorsaam nie;
    - (ii) 'n klip, rots of voorwerp gooi of rol nie;
    - (iii) enige flora wat in die gerief groei, uittrek, pluk, afsny of beskadig of sodanige flora in sy of haar besit hê nie, behalwe as hy of sy ingevolge artikel 8(2)(b) daartoe gemagtig is;
    - (iv) op 'n blombedding loop nie;
    - (v) in stryd met 'n kennisgewing op gras loop, staan, sit of lê nie;
    - (vi) graffiti of 'n voorstelling op 'n struktuur of paadjie skryf, verf of teken nie;
    - (vii) grond, sand of klip uitgrawe of organiese of anorganiese voorwerpe verwyder nie, behalwe as magtiging daartoe ingevolge artikel 8 verleen is;
    - (viii) met watervloei inmeng, water laat opdam, 'n stroom verlê of 'n vleiland dreineer nie;

- (ix) enigiets wat deur die Munisipaliteit voorsien word, ontsier of skend deur op enige wyse enige biljette, papiere, besigheidskaartjies/visitekaartjies, kennisgewings of enigiets anders op te plak of aan te bring nie;
- (x) 'n voertuig was, poleer of herstel nie, behalwe as noodherstelwerk vereis word;
- (xi) 'n vuur maak of vullis verbrand nie;
- (xii) enige afval, tuinvullis of bourommel stort nie;
- (xiii) breekgoed of wasgoed was of klere uithang nie, behalwe op plekke waar 'n kennisgewing aandui dat dit vir dié doel gebruik kan word;
- (xiv) enigiets wat die Munisipaliteit in sodanige gerief voorsien het, gebruik of probeer gebruik vir 'n doel anders as die doel waarvoor dit bestem is of wat ingevolge 'n kennisgewing bepaal is nie;
- (xv) enige brandende of smeulende voorwerp weggooi nie;
- (xvi) hom of haar op 'n onbehoorlike, onbetaamlike of ontoepaslike wyse gedra nie;
- (xvii) ontlas, urineer of ontklee nie, behalwe in 'n gebou of op 'n perseel wat vir dié doel bestem is;
- (xviii) op 'n bank of sitplek wat deur die Munisipaliteit voorsien is, lê of dit op so 'n wyse gebruik dat dit vir ander gebruikers of potensiële gebruikers onmoontlik is om daarvan gebruik te maak nie;
- (xix) met toerusting in die speelpark speel of daarop sit nie, behalwe as die betrokke persoon 'n kind onder die ouderdom van 12 jaar is;
- (xx) teenstrydig met 'n kennisgewing wat sulke optrede verbied, in 'n visdam, fontein, dam, rivier, kunsmatige kenmerk of dammetjie swem, loop of speel nie;
- (xxi) in 'n swembad klim wat deur die Munisipaliteit voorsien is as hy of sy 'n oop wond op sy of haar liggaam het nie;
- (xxii) enige daad pleeg wat die gesondheid van 'n ander persoon nadelig mag raak nie;
- (xxiii) 'n toiletfasiliteit wat deur 'n teken vir gebruik deur lede van die teenoorgestelde geslag bestem is, binnegaan of gebruik nie;
- (xxiv) oornag bly of oorslaap nie, behalwe ingevolge artikel 13;
- (xxv) 'n dier jag, beseer, versteur, voer, doodmaak, seermaak, volg, mishandel of vang nie, of 'n voël, nes of eier verskuif, versteur, vernietig of verwyder nie, of 'n dier afslag of die binnegoed verwyder nie, behalwe as hy of sy ingevolge artikel 8(2) daartoe gemagtig is;
- (xxvi) 'n vuurwapen, windbuks of lugpistool afvuur nie, behalwe as toestemming daarvoor ingevolge artikel 7(4) verkry is;
- (xxvii) 'n boog aftrek, vuurwerke aansteek, of 'n slingervel of kettie gebruik nie;

- (xxviii) op enige wyse hoegenaamd inbreuk maak op die veiligheid, gerief of regte van ander persone nie;
  - (xxix) enige amptenaar wat deur die Munisipaliteit aangestel is, insluitend 'n lewensredder, in die behoorlike uitvoering van sy of haar amptelike pligte belemmer of daarmee inmeng nie;
  - (xxx) 'n speletjie speel of hou op 'n wyse wat ergernis veroorsaak of openbare veiligheid in gevaar stel nie;
  - (xxxii) by 'n openbare gerief enige speletjies met 'n harde bal speel of daaraan deelneem tensy 'n toepaslike teken dit toelaat of as skriftelike toestemming van die Munisipaliteit verkry is nie;
  - (xxxiii) sy of haar liggaam ontbloot of onbetaamlik geklee wees nie;
  - (xxxiv) 'n brandende of smeulende voorwerp weggooi of uit 'n voertuig gooi nie;
  - (xxxv) 'n motorvoertuig bestuur of parkeer op enige openbare gerief sonder die toestemming van die Munisipaliteit nie;
  - (xxxvi) onredelike geraas veroorsaak nie;
  - (xxxvii) in besit wees van alkohol of alkohol verbruik nie, behalwe binne 'n afgebakende gebied by spesiale geleenthede waarvoor 'n permit vir alkoholverkope en -verbruik uitgereik is.
- (c) mag 'n openbare gerief binnegaan:
- (i) of verlaat behalwe by wyse van die amptelike toegang- en uitgangspunt nie;
  - (ii) as die toegangsgelde soos beoog in artikel 5(1) nie betaal is nie;
- (d) mag enige wilde dier, voël of flora in 'n openbare gerief vrylaat nie;
- (e) mag in binnelandse waters:
- (i) swem, visvang of hengel as hy of sy nie daartoe gemagtig is ingevolge 'n kennisgewingbord wat kragtens artikel 6(1) opgerig is nie;
  - (ii) hom of haar was of enigets skoonmaak nie;
  - (iii) enige vaartuig op binnelandse waters gebruik by enige plek buiten dié wat op aangedui word op 'n kennisgewingbord wat kragtens artikel 6(1) opgerig is nie;
- (2) 'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1) optree, begaan 'n misdryf.

### 13. Voertuie

- (1) Waar 'n persoon toegelaat word om 'n voertuig in 'n openbare gerief te bestuur, mag hy of sy nie:
- (a) met die voertuig ry op enige plek behalwe op 'n pad wat deur die Munisipaliteit aangebring is nie;
  - (b) fisiese hindernisse wat deur die Munisipaliteit opgerig of geplaas is, verwyder ten einde onwettige toegang tot afgeslote gebiede te verkry nie;

- (c) die voertuig bestuur teen 'n spoed hoër as dié wat aangedui word op 'n kennisgewingbord wat deur die Munisipaliteit opgerig is nie; of
  - (d) die regulasies insake die beheer van die gebruik van voertuie in kusgebiede (2014) oortree wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, 2008 (Wet No. 24 van 2008) soos gewysig deur Wet No. 36 van 2014 nie.
- (2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op 'n noodvoertuig terwyl dit regmatig as sodanig in gebruik is nie, of op 'n voertuig wat in 'n noodgeval gebruik word nie, of op 'n voertuig wat deur 'n amptenaar in die uitvoering van sy of haar pligte gebruik word nie.
- (3) 'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1) optree, pleeg 'n misdryf.

### **Bote/vaartuie, insluitend tewaterlating en bestuur**

14. **Algemene bepalings** met betrekking tot bote/vaartuie, insluitend tewaterlating en bestuur.

- (1) Die Munisipaliteit mag bestuurs- en/of operasionele planne vir openbare tewaterlatingsgebiede ontwikkel en goedkeur ingevolge die regulasies oor die bestuur van openbare tewaterlatingsgebiede in die kussone (2014) wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, 2008 (Wet No. 24 van 2008) soos gewys deur Wet No. 36 van 2014 ingevolge waarvan die Munisipaliteit:
- (a) 'n plek opsy mag sit vir die eksklusiewe gebruik van verskeie tipes bote en vaartuie, of vir die tydelike gebruik van slegs bote of vaartuie wat aan lede van 'n boot- of seiljagklub behoort;
  - (b) die gebruik of bestuur van enige boot of vaartuig of tipe boot of vaartuig op sekere gedeeltes van die strand- en/of riviergebiede mag verbied, en mag onderskei tussen
    - bote of vaartuie wat behoort aan of gebruik word deur lede van boot- of seiljagklubs en dié wat behoort aan of gebruik word deur nie-lede van sodanige klubs; en
    - die grootte en/of die enjinvermoë van bote of vaartuie.
- (2) Geen persoon sal:
- (a) sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit of ander gemandateerde staatsdepartement binne die strand- en/of riviergebiede 'n roeiboot, seilboot, roeiski of selfaangedrewe vaartuig van welke soort ook al te water laat, aan wal sit, op die strand sleep, hou, verhuur of huur nie, behalwe by 'n erkende privaat tewaterlatingsgebied of plekke wat deur middel van 'n ter plaatse kennisgewing vir dié doel deur die Munisipaliteit of ander gemandateerde staatsdepartement opsygesit is en wat as geregistreerde openbare tewaterlatingsgebiede geregistreer is;
  - (b) 'n boot, branderplank of vaartuig van welke soort ook al gebruik of bestuur op 'n wyse wat gevaarlik is of 'n ergernis veroorsaak vir enige persoon nie.

- (3) Geen persoon mag 'n boot, vaartuig, branderplank of soortgelyke vaartuig vir meer as 10 uur onbewaak op 'n strand hou of los nie, tensy 'n kennisgewing dit toelaat;
- (4) 'n Boot, branderplank of vaartuig wat in stryd met subartikel (3) onbewaak op die strandgebied gehou of gelos word, mag deur 'n gemagtigde amptenaar geskut word;
- (5) Subartikel (2) tot (4) van hierdie verordening sal nie geld wanneer 'n boot, vaartuig, branderplank of soortgelyke vaartuig in 'n noodgeval of in die geval van lewensredding gebruik word nie.

#### **15. Registrasie van bote**

- (1) Geen persoon mag enige kragaangedrewe boot of 'n seilboot of enige ander boot met 'n totale lengte van 6 meter of meer, of met enjins/motors (enkel of gekombineer) van meer as 150 perdekrag, met uitsondering van seilplanke, kano's, roeiski's en roeibote, op 'n rivier, dam of riviermonding bestuur nie, tensy sodanige boot by die Munisipaliteit geregistreer is en die identifikasienommer wat deur die Munisipaliteit toegeken is, daarop vertoon is op die wyse waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak word nie.
- (2) Die Munisipaliteit mag 'n aansoek om registrasie van 'n boot waarna daar in subartikel (1) verwys word, goedkeur behoudens die voorwaardes en die betaling van gelde wat die Munisipaliteit goeddink, en kan sodanige voorwaardes wysig of herroep of die registrasie herroep indien die Munisipaliteit besluit dat sodanige wysigings of herroeping van voorwaardes of herroeping van registrasie in die publieke belang is.
- (3) Die registrasie van 'n boot is nie oordraagbaar van een persoon na 'n ander of van een boot na 'n ander nie, behalwe waar 'n eienaar van 'n geregistreerde boot kragtens hierdie verordening met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit sy registrasie oordra na 'n ander boot wat aan hom of haar behoort.
- (4) Die registrasie sal die naam van die persoon of klub aan wie dit uitgereik is, die maksimum aantal mense wat in die boot toegelaat word, soos per die aansoek, die tipe en totale lengte van die boot, die maksimum krag van die enjin, en die identifikasienommer toegeken aan die boot spesifiseer.
- (5) Die Munisipaliteit mag bepaal hoeveel bote altesaam in 'n enkele lisensiëringstydperk van twaalf maande geregistreer mag word.
- (6) Die registrasie van 'n boot sal vir 'n maksimum tydperk van een jaar geldig wees.
- (7) Die Munisipaliteit mag van tyd tot tyd die gelde betaalbaar vir die registrasie van bote bepaal.
- (8) Die Munisipaliteit mag pro-rata gelde bepaal.
- (9) Die registrasie van bote is uitsluitlik na goeddunke van die Munisipaliteit en geen redes sal verskaf word as 'n boot nie geregistreer word nie, tensy daar skriftelik aansoek gedoen word om sodanige redes te verskaf.
- (10) Die Munisipaliteit behou die reg voor om die aantal registrasies wat per persoon uitgereik word, te beperk.
- (11) Die registrasie van bote sal vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie verordening eerstens uitgereik word aan die aansoekers wie se aansoeke teen die



datum van inwerkingtreding by die Munisipaliteit ingedien is, en ten opsigte van daaropvolgende lisensiëringstydperke, teen 1 Julie van elke jaar.

- (12) Registrasie sal plaasvind in die volgorde waarin aansoeke ontvang word, behoudens die Munisipaliteit se reg om op goeie gronde enige aansoek om registrasie te weier.
- (13) Die eienaar van 'n geregistreerde boot moet voor die boot herregistreer word en te alle tye tydens die geldigheid van die registrasie van die boot, die identifikasienommer wat ten opsigte van die boot uitgereik is, in syfers in 'n grootte en kleur wat deur die Munisipaliteit bepaal word, permanent aan die boot aanbring sodat die nommer duidelik aan elke kant van die boot sigbaar is.
- (14) Die registrasie van 'n boot is 'n aanduiding van magtiging om die boot slegs op 'n rivier, dam of riviermonding te gebruik, en dui nie magtiging aan om die boot deur 'n riviermonding se nouste punt uit te neem see toe nie.
- (15) Die eienaar van 'n geregistreerde boot moet te alle tye tydens die geldigheid van die registrasie van die boot die registrasiedokumente vir inspeksie beskikbaar hê.
- (16) 'n Bootregistrasiepermit mag geweier word as die voorwaardes van 'n voorheen uitgereikte bootregistrasiepermit nie nagekom is nie.
- (17) Die eienaar van 'n geregistreerde boot mag nie in stryd wees met enige voorwaarde wat opgelê is ingevolge die Suid-Afrikaanse Owerheid vir Marieneveiligheid se nasionale veiligheidsregulasies vir klein vaartuie (2007) saamgelees met "Mariene Kennisgewing 13" ingevolge die Koopvaardywet, 1951 (Wet No. 57 van 1951) nie.
- (18) 'n Persoon wat strydig met enige bepaling van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

#### **16. Die vasmeer van bote**

- (1) Wanneer bote nie in gebruik is nie, moet hulle deeglik geanker of vasgemeer wees sodat hulle nie ander bote in gevaar stel nie.
- (2) Bote wat los ronddryf mag deur die operateur van 'n ander boot of 'n gemagtigde amptenaar gesleep en verskuif word na 'n veilige plek wat nie in die pad van ander gebruikers van 'n rivier, dam of riviermonding is nie.
- (3) Waar 'n boot ronddryf as gevolg van nalatigheid aan die kant van die eienaar of persone wat die boot met sy of haar uitdruklike of stilswyende toestemming gebruik, sal die eienaar in stryd met hierdie verordening wees en aan die Munisipaliteit aanspreeklik wees vir uitgawes wat aangegaan is, sou die verwydering na 'n veilige plek deur 'n gemagtigde amptenaar uitgevoer word.
- (4) 'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1) optree, begaan 'n misdryf.

#### **17. Reëls op die water**

- (1) Die skipper van 'n boot moet 'n algemene veiligheidsreël van "hou regs" handhaaf terwyl die boot beweeg.
- (2) Kragaangedrewe bote moet uit die pad bly van en deurgangsreg gee aan seilbote en bote wat deur roeispane aangedryf word.
- (3) Wanneer twee seilbote mekaar nader en daar 'n risiko van 'n botsing betrokke is, moet een van hulle soos volg uit die pad van die ander bly:
  - (a) 'n boot wat vryloop moet uit die pad bly van 'n boot wat oor een boeg seil;

- (b) 'n boot wat aan bakboord oor een boeg seil, moet uit die pad bly van 'n boot wat aan stuurboord oor een boeg seil;
  - (c) wanneer bote met die wind aan dieselfde kant vryloop, moet die boot wat loefsy is uit die pad bly van die boot wat aan lykant is; en
  - (d) seilbote sal nie onmiddellik voor enige ander boot van koers verander nie.
- (4) Wanneer twee kragaangedrewe bote reg van voor of amper reg van voor op mekaar afstuur en daar 'n risiko van 'n botsing betrokke is, moet die bestuurder van elke boot die koers na stuurboord (regs) verander sodat elkeen mekaar aan die bakboord (links) sal verbysteek.
  - (5) Die bestuurder van 'n boot wat 'n ander boot verbysteek, moet die boot aan die bakboordkant (linkerkant) verbysteek en moet sy boot uit die pad hou van die boot wat verbygesteek is.
  - (6) 'n Persoon wat strydig met enige bepaling van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

#### **18. Bestuur van bote en verbodsbepalings**

- (1) Die eienaar van 'n geregistreerde kragaangedrewe boot mag nie toelaat dat enige persoon onder die ouderdom van 16 jaar sodanige boot beheer of bestuur nie.
- (2) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1), moet elke eienaar van 'n kragaangedrewe boot toesien dat geen persoon toegelaat word om sodanige boot, ongeag die enjinkrag daarvan, te beheer of bestuur as die persoon nie bevoegd is om dit doeltreffend te hanteer nie en nie oor 'n geldige Skipperlisensie beskik nie.
- (3) Geen persoon mag 'n boot bestuur as sy visie vorentoe asook agtertoe deur passasiers of enige ander voorwerp belemmer word nie.
- (4) Geen persoon in beheer van of aan die stuur van of aan boord 'n boot mag sodanige boot op 'n onverskillige of roekelose manier gebruik of 'n besering of skade veroorsaak of enige persoon of eiendom in gevaar stel nie.
- (5) Geen kommersieel geregistreerde bote of bote wat vir handelsdoeleindes gebruik word of bote wat langer as ses meter is, sal op 'n rivier, dam of riviermonding toegelaat word sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit nie, en sodanige bote mag nie stroomop geneem word vanaf enige aangewese punt wat die Munisipaliteit in sodanige geskrewe toestemming bepaal nie.
- (6) Geen persoon mag sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit enige vaartuig met 'n gekombineerde vermoë van meer as 200 perdekrag op die rivier bestuur nie.
- (7) Geen kragaangedrewe boot mag vinniger as "geen-volgstroom-spoed" ry wanneer dit nader as tien meter verby enige bewegende of stilstaande boot, kaai, sleepelling of persoon beweeg nie.
- (8) Die skipper van 'n boot moet toesien dat die aantal persone aan boord van die boot op geen tydstip die maksimum aantal sal oorskry wat by registrasie van die boot deur die Munisipaliteit gestipuleer is nie.
- (9) Geen boot sal die veiligheid van 'n ander boot in sy volgstroom belemmer of in gevaar bring nie.
- (10) Ná sonsondergang en vóór sonsopkoms:

- (a) sal geen persoon 'n boot op 'n rivier, dam of riviermonding bestuur nie;
  - (b) sonder 'n vorentoe-gerigte rooi bakboordlig, 'n vorentoe-gerigte groen stuurboordlig en 'n wit navigasielig wat aangeskakel is, sal geen persoon 'n boot op 'n rivier, dam of riviermonding anker sonder dat 'n enkele wit lig wat vir 360 grade sigbaar is, aangeskakel is nie;
  - (c) sal geen persoon 'n kano, roeiski of seilplank op 'n rivier, dam of riviermonding gebruik sonder 'n aangeskakelde lig wat vir 360 grade sigbaar is nie, welke lig gedra moet word deur die persoon wat op die kano, roeiski of seilplank is;
  - (d) sal geen persoon 'n boot teen 'n nie-volgstroom-spoed op 'n rivier, dam of riviermonding bestuur nie.
- (11) Geen persoon mag 'n boot op 'n rivier, dam of riviermonding bestuur tensy daar 'n geskikte houër vir afval, roeispane of ander toerusting vir voortdrywing, en 'n geskikte anker met 'n voldoende ankertou aan boord is nie.
  - (12) Eienaars of gebruikers van geregistreerde bote moet toesien dat kinders jonger as vyf jaar en enigiemand op die boot wat nie kan swem nie, 'n geskikte hulpmiddel met dryfvermoë dra terwyl die boot op die water is.
  - (13) Alle kragbote en ander enjins wat op 'n rivier, dam of riviermonding gebruik word, moet behoorlik stilgehou word.
  - (14) Geen persoon mag 'n boot met verblyfgeriewe op 'n rivier, dam of riviermonding sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit gebruik nie.
  - (15) Geen regatta's met krag-, roei- of seilbote sal op 'n rivier, dam of riviermonding sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit toegelaat word nie.
  - (16) Die skipper van 'n boot mag nie 'n riviermonding verlaat of binnegaan sonder dat die persone aan boord geskikte lewensbaadjies met SANS-merke dra nie.
  - (17) Geen persoon mag 'n boot in 'n "geen-volgstroom-sone" gebruik teen 'n spoed wat 'n "geen-volgstroom-spoed" oorskry nie.
  - (18) 'n Persoon wat strydig met enige bepaling van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

#### **19. Straalaangedrewe vaartuie**

- (1) Geen persoon mag 'n straalaaangedrewe vaartuig in 'n riviermonding gebruik of bestuur tensy spesiale toestemming deur die Munisipaliteit verleen is nie.
- (2) Geen persoon mag 'n persoonlike watervaartuig of enige ander straalaaangedrewe vaartuig gebruik in 'n gebied buiten die gedeelte wat vir sodanige aktiwiteit afgebaken is nie.
- (3) Geen persoon mag 'n persoonlike watervaartuig in 'n riviermonding gebruik anders as met die uitdruklike doel om toegang na en vanaf die see te verkry nie.
- (4) Die eenaar van 'n persoonlike watervaartuig of enige ander straalaaangedrewe vaartuig mag nie toelaat dat enige persoon jonger as 16 jaar sy persoonlike watervaartuig gebruik nie, tensy die persoon in besit is van 'n geldige spesiale renlisensie of onder die persoonlike toesig is van 'n volwassene wat die eenaar van sodanige persoonlike watervaartuig moet wees.

- (5) Geen persoon mag 'n persoonlike watervaartuig bestuur tensy hy of sy 'n geskikte lewensbaadjie, helm en afskakelaar aan sy of haar persoon dra nie.
- (6) Die eienaar van 'n geregistreerde persoonlike watervaartuig of enige ander straalaangedrewe vaartuig mag nie sy watervaartuig op 'n roekelose, nalatige of onbedagsame wyse bestuur of toelaat dat 'n ander persoon sy watervaartuig op so 'n wyse bestuur nie.
- (7) Die aantal passasiers, waar van toepassing, mag nie die veilige-vermoë-lading van die betrokke vaartuig oorskry nie.
- (8) Geen persoon mag op die water brandstof in enige vaartuig tap nie.
- (9) Geen persoon mag 'n persoonlike watervaartuig of enige ander straalaangedrewe vaartuig in enige modderbanke, soutmoerasse of ander ekologies sensitiewe gebiede gebruik nie.
- (10) Geen persoon mag 'n persoonlike watervaartuig of enige ander straalaangedrewe vaartuig gebruik in water wat vlakker as 50 sentimeter is nie, behalwe in aangewese tewaterlatingsgebiede.
- (11) 'n Persoon wat strydig met enige bepaling van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

## 20. Ski

- (1) Geen persoon mag na sonsondergang of voor sonsopkoms ski nie.
- (2) Geen boot wat 'n skiër trek mag nader as tien meter verby enige ander stilstaande of bewegende boot, 'n kaai of sleephelling beweeg nie, behalwe wanneer 'n skiër afgelaai word.
- (3) Die skipper van 'n boot mag nie nader as 100 meter in die volgstroom van 'n ander boot wat 'n waterskiër trek, volg nie.
- (4) Geen persoon mag 'n metaalkabel of staaldraad gebruik om 'n skiër agter 'n boot te trek nie.
- (5) Geen skiër mag doelbewus 'n waterski laat val of uitskop nie, tensy dit heeltemal veilig is om dit te doen en dit nie 'n gevaar vir enige ander boot of persoon inhou nie.
- (6) Wanneer 'n skiër val, moet die skipper van die boot toesien dat 'n rooi vlag van 300 mm x 300 mm omhoog gehou word in die boot wat die skiër getrek het en dat dit omhoog gehou word totdat die skiër in die boot klim of voortgaan om te ski.
- (7) Geen persoon mag 'n ski-tou agter 'n boot trek wanneer dit nie vir ski-aktiwiteite gebruik word nie.
- (8) Wanneer daar geski word, moet die boot wat die skiër trek regs hou en 'n baan in 'n antikloksgewyse rigting volg in 'n posisie halfpad tussen die wal en die middelpunt van die rivier.
- (9) Die skipper van die boot mag nie toelaat dat enige persoon agter die boot waterski tensy die persoon geskikte persoonlike toerusting met dryfvermoë dra nie.
- (10) Elke persoon wat 'n kragaangedrewe boot bestuur en 'n persoon op 'n waterski, branderplank, waterslee of soortgelyke voorwerp trek, moet in die tydperk 15 Desember tot 15 Januarie, oor die Paasnaweek en op alle openbare vakansiedae 'n ander verantwoordelike persoon van minstens 16-jarige ouderdom aan boord hê om as 'n

behoorlike uitkyk te dien, en hierdie persoon moet met erkende handseine vertrouwd wees.

- (11) Die skipper van 'n boot moet nie toelaat dat enige persoon agter die boot waterski in 'n sone wat nie binne die afgebakende ski-sones is nie.
- (12) 'n Persoon wat strydig met enige bepaling van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

## **Kustoegangsgrond**

21. Die bevoegdheid word hiermee ingevolge artikel 20(1)(c) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur aan die Munisipaliteit opgelê om:

- (1) Enige serwituut met openbare toegang ten gunste van die Munisipaliteit as kustoegangsgrond aan te wys; en
- (2) Enige serwituut met openbare toegang ten gunste van die Munisipaliteit as kustoegangsgrond – wat nadelige gevolge het of daartoe bydra en die Munisipaliteit nie in staat is om te voorkom of voldoende te versag nie – te verwyder; onderworpe daaraan dat die Munisipaliteit aan die eienaar van die grond kennis van die beoogde aanwysing of opheffing van die aanwysing gee.
- (3) Die regte van die publiek om kustoegangsgrond te gebruik om toegang tot openbare kuseiendom te verkry, te beskerm en af te dwing;
- (4) Daardie grond in stand te hou ten einde te verseker dat die publiek toegang tot die betrokke openbare kuseiendom het;
- (5) Waar van toepassing en volgens sy beskikbare hulpbronne, fasiliteite te voorsien wat toegang tot openbare kuseiendom bevorder, insluitend parkeergebiede, toilette, promenades en ander geriewe, met inagneming van die behoeftes van liggaamlik gestremde persone.

### **22. Die publiek mag**

- (1) Kustoegangsgrond gebruik vir die uitsluitlike doeleinde om toegang tot openbare kuseiendom te verkry.

### **23. Ingevolge hierdie verordening:**

- (1) Word kustoegangsgrond as 'n openbare gerief beskou;
- (2) Is alle verbodsbepalings en voorwaardes van toepassing op openbare geriewe op kustoegangsgrond van toepassing;
- (3) Mag geen persoon die publiek se reg om kustoegangsgrond te gebruik ten einde toegang tot die kussone te verkry, verhinder nie, onderworpe aan die bepalinge van toepassing op openbare geriewe.

## **Oornag/kampering**

### **24. Bepalings met betrekking tot oornag en kampering**

- (1) Geen persoon mag op enige grond wat aan die Munisipaliteit behoort of onder die Munisipaliteit se beheer is kampeer nie, behalwe op 'n kampeerterrein binne die grense van 'n kampeergebied.

- (2) Geen persoon mag vir langer as drie maande, hetsy aaneenlopend of andersins, in enige tydperk van twaalf maande sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit in 'n gemagtigde kampeergebied kampeer of oornag nie.
- (3) Die Munisipaliteit mag so 'n aansoek toestaan of weier, behoudens sodanige bepalings en vir sodanige tydperk as wat die Munisipaliteit dit goeddink, maar nie vir enige tydperk wat langer as nog drie opeenvolgende maande is nie.
- (4) Die okkupeerder van 'n kampeerterrein moet die persoon wees wie se naam op die kampeerpermit verskyn, en hy of sy mag nie sy of haar regte daarvolgens onderverhuur, sedeer, mee wegdoen of op enige wyse vervreem nie.
- (5) Die bespreking van kampeerterreine sal slegs by ontvangs van 'n skriftelike aansoek oorweeg word.
- (6) Die Munisipaliteit mag voorwaardes bykomstig tot dié wat in hierdie verordening vervat is, bepaal vir kampeerterreine wat onder die Munisipaliteit se beheer is.
- (7) Die Munisipaliteit mag voorwaardes vir die oprigting van privaat kampeergeriewe bepaal.
- (8) 'n Persoon wat 'n bepaling van subartikel (1), (2) en (4) of enige voorwaarde wat ingevolge subartikel (6) en (7) deur die Munisipaliteit opgelê is, oortree, begaan 'n misdryf.

#### **25. Bepalings ten opsigte van karavaanparke**

- (1) Nieteenstaande die bepalings van artikel 23(2), mag die Munisipaliteit tien persent (10%) of 'n groter persentasie van die terreine in 'n karavaanpark toewys as terreine vir permanente okkupasie deur karavane of mobiele wonings.
- (2) Die Munisipaliteit mag voorwaardes vir die inrigting van privaat karavaanparke bepaal.
- (3) Die Munisipaliteit mag voorwaardes bykomstig tot dié wat in hierdie verordening vervat is, bepaal vir karavaanparke wat onder die Munisipaliteit se beheer is.
- (4) Enige persoon wat enige voorwaarde opgelê ingevolge subartikel (2) en (3) oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf.

### **Drankverbruik/Dwelms**

26. Geen persoon mag 'n vaartuig bestuur of gebruik, of mag aan die stuur wees van 'n kraggedrewe boot met die enjin wat loop, of mag waterski terwyl sy of haar bloed 0,05 gram alkohol of meer per 100 ml bloed bevat, of soos deur moontlike nuwe wetgewing gewysig ten opsigte van alkohol per 100 ml bloed of terwyl onder die invloed van dwelms.

### **Vermaak en handel**

27. Geen persoon sal sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, en dan slegs ingevolge enige voorwaardes wat deur die Munisipaliteit opgelê mag word, ongeag of dit vir beloning of gewin is:
  - (i) 'n georganiseerde vermaakgeleentheid, sportbyeenkoms, ontspanningsaktiwiteit hou; of
  - (ii) 'n besigheid of handel van enige soort in die strandgebied bedryf nie; en
  - (iii) 'n gebou of struktuur van enige soort op enige gedeelte van die strandgebied bou, oprig of plaas nie.

## Vuurwerk

28. Geen persoon sal sonder die vooraf toestemming van die Munisipaliteit enige vuurwerk of pirotegniese werke in die strandgebied, kustoegangsgrond of openbare kuseiendom afvuur nie.

## Vure

29. Geen persoon sal, behalwe op plekke en by geriewe wat deur die Munisipaliteit voorsien word, 'n vuur in die strandgebied aansteek sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit nie, uitgesluit met gasaangedrewe toerusting waarvan die gassilinder nie 4,5 kg gaskapasiteit oorskry nie.

## Beskerming van seefauna en -flora

### 30. Omgewingsbewaring

- (1) Geen persoon mag onder 'n hoogwatermerk kampeer, piekniek hou of 'n vuur aansteek nie.
- (2) Geen persoon mag, behoudens die bepalings van ander wetgewing, enige voël, seelewe of ander dier wat in die strandgebied voorkom, vang, jaag, verwyder of doodmaak nie.
- (3) Geen persoon mag enige voël of voëlnes versteur of eiers uit neste verwyder nie, of enige dier of plant versteur or probeer versteur nie.
- (4) Geen persoon mag moedswillig of uit nalatigheid 'n waterliggaam met brandstof, olie, vullis, afval, rioolwater, riool of rommel van enige soort wat ook al besoedel of bevuil nie.
- (5) Die munisipaliteit het die reg om by wyse van opgerigte kennisgewings aan te dui waar aktiwiteite beperk, toegelaat, beheer of verbied word, en geen persoon buiten 'n gemagtigde amptenaar mag sodanige kennisgewingbord, kennisgewing of merker wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit aangebring is, verwyder, ontsier of andersins daarmee peuter nie.
- (6) 'n Persoon wat strydig met enige bepaling van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

## Afvalbestuur

### 31. Rommelstrooiing

- (1) Geen persoon mag –
  - (a) afval op enige munisipale grond, 'n openbare pad of 'n openbare plek weggooi, neersit of agterlaat buiten in 'n houer wat deur die Munisipaliteit vir die wegdoening van afval deur die publiek voorsien en goedgekeur is nie;
  - (b) aan enigiets krap in enige houer wat vir die doel van die versameling van afval voorsien is nie, of enigiets daaruit verwyder nie; of
  - (c) enige afval in 'n sloot, op 'n padreserwe of op enige ander openbare plek vee nie.
- (2) 'n Eienaar of bewoner van eiendom moet die eiendom monitor vir dade van rommelstrooiing deur 'n ander persoon en moet sonder versuim so 'n daad van rommelstrooiing by die Munisipaliteit aanmeld.
- (3) 'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

### 32. Storting

- (1) Geen persoon mag –
  - (a) behalwe met die toestemming van die eienaar of van die persoon of owerheid wat beheer daarvoor het, enige afval hoegenaamd stort, versamel, plaas, aflaai of agterlaat, of veroorsaak of toelaat om gestort, versamel, geplaas, afgelaai of agtergelaat te word nie, hetsy vir wins of andersins, op of in –
    - (i) 'n openbare pad;
    - (ii) 'n openbare plek;
    - (iii) enige drein, waterweg, vloedliggende gebiede, gety- of ander water in of aangrensend tot enige sodanige pad, snelweg, straat, laan, openbare voetpad of sygaardjie, kant van die pad of ander oop ruimte waartoe die publiek toegang het; of
    - (iv) privaat of munisipale grond.
- (2) Indien 'n persoon enige van die handeling beoog in subartikel (1) uitvoer, mag die Munisipaliteit by skriftelike kennisgewing van enige van die volgende persone vereis om die afval binne die tydperk gemeld in die kennisgewing te verwyder:
  - (a) die persoon direk of indirek verantwoordelik vir die storting, versameling, plasing, aflaai of agterlaat van die afval;
  - (b) die eienaar van die afval, ongeag of hy of sy verantwoordelik is vir die storting, versameling, plasing, aflaai of agterlaat van die afval; of
  - (c) die eienaar van die perseel waarop die afval gestort, versameling, geplaas, afgelaai of agtergelaat is, ongeag of hy of sy daarvoor verantwoordelik is.
- (3) Indien 'n persoon versuim om aan die vereistes van 'n skriftelike kennisgewing te voldoen, mag die Munisipaliteit die afval mee wegdoen, vernietig of verwyder en die koste daarvan verhaal van die persoon of persone aan wie die kennisgewing uitgereik is.
- (4) Indien afval afgelaai is op of by enige onbewoonde grond in stryd met subartikel (1) en dit nodig is dat die afval onmiddellik verwyder of ander stappe gedoen word om die gevolge van die aflaai te elimineer of te verminder, mag die Munisipaliteit die afval van die grond verwyder of ander stappe doen om die gevolge van die aflaai te elimineer of te verminder of, na gelang van die geval, die afval te verwyder en daardie stappe te doen, en is geregtig om die koste aangegaan te verhaal –
  - (a) van die eienaar van die grond tensy hy of sy bewys dat hy of sy nie die afval afgelaai het of wetende veroorsaak of wetende toegelaat het dat die afval afgelaai word nie; of
  - (b) van enige persoon wat die afval afgelaai het of wetende veroorsaak of wetende toegelaat het dat enige van die afval afgelaai word.
- (5) Enige afval wat deur die Munisipaliteit verwyder word, behoort aan die Munisipaliteit en mag dienooreenkomstig hanteer word.
- (6) 'n Persoon wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree of versuim om aan 'n kennisgewing uitgereik kragtens subartikel (2) te voldoen, begaan 'n misdryf.



**33. Verbranding van afval**

- (1) Geen persoon mag afval verbrand nie behalwe by:
  - (a) 'n gemagtigde verbrandingsoond wat deur die Munisipaliteit bedryf word; of
  - (b) 'n plek wat deur die Munisipaliteit vir so 'n doel aangewys word.
- (2) 'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1) optree, begaan 'n misdryf.

**Swem/baai****34. Verbod op swem binne sekere gebiede**

- (1) Die Munisipaliteit mag by wyse van 'n kennisgewing enige gedeelte van die strandgebied, insluitend 'n swembad, uitsluitlik vir swem of baai opsyt en reserveer.
- (2) Swem binne enige gedeelte van die baaigebied of teenwoordigheid binne die baaigebied mag deur die Munisipaliteit verbied word, eerder as 'n permanente of tydelike maatregel, waar spesiale omstandighede dit so vereis.
- (3) Swem of teenwoordigheid binne enige gedeelte van die baaigebied mag tydelik verbied word deur 'n gemagtigde lewensredder wat aan diens is vir solank as wat hy 'n situasie of die toestande van die see as onveilig beskou.
- (4) Enige permanente aanwysing of verbod onder hierdie verordening sal met 'n ter plaatse kennisgewing aangedui word, en enige tydelike aanwysing of verbod met herkenbare en verstaanbare tekens aan albei kante van die verbode gebied.

**35. Oortredings wat met swem verband hou**

- (1) Geen persoon sal in enige deel van die baaigebied swem waar swem verbied is nie.
- (2) Geen persoon sal kaal wees, swem of baai nie, of onbehoorlik of onweloweglik geklee wees nie, of in slegs onderklere binne die baaigebied geklee wees nie.
- (3) Geen persoon sal aan enige veiligheidstoue wat vir die beskerming van baaiers voorsien is, vasklou, daarop sit of veroorsaak dat dit sink nie, of op enige wyse met sulke veiligheidstoue of ander apparaat wat vir swemmers in nood voorsien is, peuter of inmeng nie.
- (4) Geen persoon sal in stryd met 'n redelike verbod deur die persoon met bevoegdheid oor of in beheer van 'n kus- of strandgebied, of soos aangedui deur 'n ter plaatse kennisgewing, sodanige baaigebied binnegaan of daar vertoef nie.

**Akwatiese geleenthede (bv. georganiseerde driekampe, wedrenne met opblaasbote)****36. Geen persoon sal:**

- (a) binne of op enige strandgebied enige swemkompetisie of akwatiese sport of geleentheid organiseer, daaraan deelneem of daarin meeding of opleiding ten opsigte van sodanige water- of enige ander sport reël wat 'n ergernis veroorsaak of die veiligheid, gerief of regte van die gebruikers van die strandgebied beïnvloed nie, behalwe met die vooraf toestemming van die Munisipaliteit en op 'n tydstip en 'n plek wat deur die Munisipaliteit bepaal is;

- (b) binne die baaigebied enige speletjies speel waar die speel van speletjies deur 'n teken verbied word nie.

## Skade aan eiendom

### 37. Skade van eiendom

- (1) Geen persoon mag:
- (a) enige kennisgewingbord, kennisgewing of merker of ander voorwerp wat op die strand deur die Munisipaliteit of 'n gemagtigde amptenaar opgerig is, verwyder, ontsier of andersins daarmee peuter nie; of
  - (b) hom of haar bemoei met enige gebou, fasiliteit, struktuur of ander gerief wat vir gebruik deur die publiek op die strandgebied voorsien is of dit misbruik of beskadig nie.
- (2) Enige persoon wat versuim om gehoor te gee aan die voorwaardes op kennisgewings wat aan enige gebou, struktuur of gerief of op die strandgebied deur die Munisipaliteit of 'n gemagtigde persoon aangebring is, sal aan 'n misdryf skuldig wees.

## Hengel

### 38. Geen persoon mag:

- (1) ondergrootte- of onlangs uitgebroeide vis vang of sodanige vis vir die doel van teel of bevoorrading verwyder nie;
- (2) visvang of hengel, hetsy uit 'n boot of by wyse van kiefnette, in die eerste 1 km (een kilometer) vanaf die riviermonding nie;
- (3) visvang of hengel in daardie gedeelte van die baaigebied waar die Munisipaliteit volgens kennisgewing visvang verbied;
- (4) waar visvang en hengel nie verbied word nie, mag geen persoon sy visvangtoerusting uitgooi of manipuleer op 'n wyse wat enige persoon in gevaar kan stel of 'n ergernis veroorsaak nie.

### 39. Geen persoon mag:

- (1) van enige brug oor 'n rivier visvang nie;
- (2) enige navigasiekanaal met 'n vislyn belemmer nie;
- (3) 'n vislyn onbeman in of naby 'n navigasiekanaal los nie;
- (4) in 'n rivier spieshengel nie.

'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van hierdie artikel optree, begaan 'n misdryf.

## Diere op strande en aanliggende gebiede

### 40. Diere op strande

- (1) Die Munisipaliteit kan, na 'n impakbepaling en openbare deelnameproses, honde of perde of albei op aangewese gedeeltes van die strandgebied toelaat onder sulke voorwaardes, vereistes, beperkings of tariewe wat nodig geag word.
- (2) Geen persoon sal:

- (a) veroorsaak of toelaat dat enige dier wat aan hom behoort of onder sy beheer is, enige gedeelte van die baaigebied binnegaan of daar vertoef nie, tensy dit 'n afgebakende gebied is waar die Munisipaliteit volgens 'n ter plaatse kennisgewing die teenwoordigheid van diere toelaat, behalwe 'n gesertifiseerde gidshond wat sy taak as 'n gidshond vervul;
  - (b) veroorsaak of toelaat dat 'n hond of perd onder sy beheer die baaigebied binnegaan of daar vertoef waar die teenwoordigheid van honde en perde volgens kennisgewing toegelaat word nie, tensy:
    - (i) so 'n hond op 'n leiband is;
    - (ii) so 'n perd betoom of betoel is; en doeltreffend daarvan weerhou word om vir enige persoon of persone 'n ergernis te veroorsaak of 'n gevaar in te hou;
  - (c) veroorsaak of toelaat dat enige ander dier onder sy beheer die baaigebied binnegaan of daar vertoef sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit nie.
- (3) Enige dier wat strydig met die bepalings van subartikel (2) in die baaigebied aangetref word, mag deur 'n gemagtigde persoon of munisipale amptenaar na 'n skut of ander plek van veilige bewaring verwyder word, om daar hanteer te word volgens die voorskrifte van sodanige skut of plek van veilige bewaring, ongeag of sodanige dier onder die beheer of sorg is van, of vergesel word deur die eienaar of enige ander persoon.
- (4) Die eienaar of persoon in beheer van die toegelate hond, perd of ander dier:
- (a) moet te alle tye die nodige toerusting in sy besit hê om dadelik enige ontlasting van sodanige dier op te tel en in 'n sak, omhulsel of ander houer te plaas;
  - (b) moet sonder versuim enige ontlasting van so 'n dier optel en plaas in 'n houer wat vir die wegdoening van rommel of vullis voorsien word of dit hou totdat dit mee weggedoen kan word.
- (5) Geen diere van enige aard mag op enige riviermonding, soutmoeras of vleiland wei nie.
- (6) Enige persoon wat in stryd met die bepalings of vereistes van subartikel (4) of (5) 'n dier in 'n baaigebied bring of toelaat dat enige dier op enige riviermonding, soutmoeras of vleiland wei, is skuldig aan 'n misdryf, en so 'n dier mag deur 'n gemagtigde persoon aangekeer en na die Munisipaliteit se skut of ander plek van veilige bewaring geneem word, om daar hanteer te word volgens die voorskrifte van sodanige skut of plek van veilige bewaring.

## **Algemene gedrag by riviere, damme, riviermondings en die see**

### **41. Gedrag by riviere, damme, riviermondings en die see**

- (1) Geen persoon mag:
  - (a) onbetaamlike, beledigende of onbehoorlike taal gebruik nie;
  - (b) op 'n onweloweglike, onbehoorlike of wanordelike wyse optree nie;
  - (c) opsetlik of uit nalatigheid ongemak of ongerief vir ander veroorsaak nie;
  - (d) die vrede versteur of onnodige geraas veroorsaak nie;
  - (e) op 'n gevaarlike of roekelose manier optree nie;

- (f) enige besonderhede wat vals of misleidend is aan enige gemagtigde amptenaar verstrekkend nie;
  - (g) hom of haar as 'n gemagtigde amptenaar voordoen of valslik as een voorstel nie;
  - (h) versuim om aan die regmatige vereistes van enige gemagtigde amptenaar te voldoen nie; of
  - (i) 'n gemagtigde amptenaar in die uitvoering van sy of haar pligte aanrand, belemmer, weerstaan, vertraag, intimideer of andersins met hom of haar inmeng nie.
- (2) 'n Persoon wat strydig met 'n bepaling van subartikel (1) optree, begaan 'n misdryf.

## Diverse bepalings

### 42. Bevoegdhede van amptenare en misdrywe

- (1) Die Munisipaliteit kan 'n beampte asook as enige ander amptenaar of persoon aanstel en bevoegdhede en pligte aan hom of haar opleë om toe te sien dat hierdie verordening behoorlik nagekom word.
- (2) Benewens die bevoegdhede en pligte waarna elders in hierdie verordening verwys word, en onderworpe aan enige ander toepaslike wetgewing, kan 'n beampte of enige ander aangestelde amptenaar of persoon, insluitend 'n vredesbeampte, by voorlegging van sy of haar amptelike identifikasie:
  - (a) enige handeling of versuim ondersoek wat met redelike vermoede 'n misdryf kan uitmaak, en 'n persoon begaan 'n misdryf indien hy of sy:
    - (i) 'n amptenaar in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die uitvoering van sy of haar pligte bedreig, weerstaan, belemmer of verhinder, of onwettige, beledigende of onbetaamlike taal teenoor hom of haar gebruik;
    - (ii) hom of haar valslik as 'n amptenaar voordoen;
    - (iii) na aanleiding van 'n versoek van 'n amptenaar vals of misleidende inligting verstrekkend;
    - (iv) versuim om aan 'n versoek van 'n amptenaar te voldoen.
  - (b) enige voertuig of vaartuig binne die strandgebied stop en enige permit of magtiging nagaan ten einde hom of haar te vergewis dat die voertuig of vaartuig se permit of magtiging aan hierdie verordening of enige ander toepaslike wetgewing voldoen;
  - (c) waar daar redelikerwys na die mening van die amptenaar vermoed word dat die persoon 'n misdryf begaan het of getuie kan lewer ten opsigte van die handeling of vermoedelike handeling van so 'n misdryf, vereis dat enige persoon sy/haar naam en adres en enige ander besonderhede vir die doel van identifikasie verstrekkend;
  - (d) beslag lê op enigiets wat na die mening van die amptenaar bewys van 'n misdryf kan voorstel, met dien verstande dat indien geen stappe vir vervolging insake so 'n misdryf ingestel word nie, dit terugbesorg sal word aan die persoon uit wie se besit dit geneem is;
  - (e) behoudens subartikel 2(c) moet enigiets waarop beslag gelê word, in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) mee weggedoen word.

**43. Appèl**

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur die Munisipaliteit gedelegeer is, kan ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000) binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing van die besluit appèl teen daardie besluit aanteken deur skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor aan die munisipale bestuurder te gee binne 21 dae vanaf die datum van die kennisgewing van die besluit.

**44. Boetes**

'n Persoon wat ingevolge hierdie verordening 'n misdryf begaan het, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of by versuim om te betaal, met gevangenisstraf, of met sodanige gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en in die geval van 'n opeenvolgende of voortdurende misdryf, met 'n boete vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, of by versuim om dit te betaal, met gevangenisstraf.

**45. Beperking van aanspreeklikheid**

Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak is deur:

- (a) enige bevoegdheid wat uitgeoefen word of enige plig wat te goeder trou ingevolge hierdie verordening uitgevoer word nie; of
- (b) die versuim om enige bevoegdheid uit te oefen of om enige plig te goeder trou ingevolge hierdie verordening uit te voer nie.

**46. Bekragtiging en betekening van kennisgewings en ander dokumente**

- (1) 'n Kennisgewing wat kragtens hierdie verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word as behoorlik uitgereik beskou as dit onderteken is deur 'n amptenaar wat deur die Munisipaliteit daartoe gemagtig is.
- (2) Enige kennisgewing of ander dokument wat aan 'n persoon beteken word, word as behoorlik beteken beskou:
  - (a) wanneer dit persoonlik by daardie persoon afgelewer is;
  - (b) wanneer dit by daardie persoon se woonplek of besigheid in die Republiek van Suid-Afrika gelos is by 'n persoon wat oënskynlik ouer as sestien jaar is;
  - (c) wanneer dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woon- of sake-adres in die Republiek van Suid-Afrika ge-pos is, en 'n erkenning van die posdiens ontvang word dat dit ge-pos is;
  - (d) indien daardie persoon se adres in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit aan daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek van Suid-Afrika beteken is op die wyse bepaal in paragraaf (a), (b) of (c);
  - (e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit geword ge-plaas is in 'n opsigtelike plek by die grond of sakeperseel waarop dit betrekking het;
  - (f) in die geval van 'n regs persoon, wanneer dit by die geregistreerde kantoor of die sakeperseel van die regs persoon afgelewer is;
  - (g) wanneer dit op versoek van daardie persoon by sy of haar e-posadres afgelewer is.
- (3) Die betekening van 'n afskrif word geag die betekening van die oorspronklike te wees.

- (4) Wanneer enige kennisgewing of dokument beteken word aan die eienaar, bewoner of houer van enige eiendom, of reg in enige eiendom, is dit voldoende as daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van die eiendom of die reg ter sprake, en is dit nie nodig om daardie persoon by die naam te noem nie.

#### **47. Aanname**

By enige vervolging kragtens hierdie verordening sal dit, tensy die teendeel bewys word, aangeneem word dat 'n dier wat in 'n openbare gerief aangetref word, deur die eienaar of 'n persoon onder beheer van die eienaar in so 'n openbare gerief gebring is, of dat die eienaar of die persoon die dier toegelaat het om die openbare gerief binne te gaan.

#### **48. Die aangaan van ooreenkomste**

Die munisipaliteit mag 'n skriftelike ooreenkoms met enige persoon, staatsorgaan, plaaslike gemeenskap of organisasie aangaan om voorsiening te maak vir –

- (a) die gesamentlike ontwikkeling van enige openbare gerief; of
- (b) die gesamentlike bestuur van enige openbare gerief; en
- (c) die regulering van menslike aktiwiteite binne 'n openbare gerief.

#### **49. Skakelforums in 'n gemeenskap**

- (1) Die Munisipaliteit mag een of meer skakelforums in 'n gemeenskap instel met die doel om:
  - (a) omstandighede te skep vir 'n plaaslike gemeenskap om aan die sake van die Munisipaliteit deel te neem;
  - (b) 'n plaaslike gemeenskap aan te moedig om aan die sake van die Munisipaliteit deel te neem; en
  - (c) die doeltreffende en veilige gebruik van openbare geriewe te bevorder.
- (2) 'n Skakelforum kan bestaan uit:
  - (a) 'n lid of lede van 'n belangegroep, of 'n geaffekteerde persoon;
  - (b) 'n lid of lede van 'n gemeenskap in wie se onmiddellike omgewing 'n openbare gerief bestaan;
  - (c) 'n aangewese amptenaar of amptenare van die Munisipaliteit;
  - (d) die raadslid verantwoordelik vir openbare geriewe.
- (3) Die Munisipaliteit mag, wanneer 'n aansoek of registrasie ingevolge hierdie verordening oorweeg word, die insette van 'n skakelforum aanvra.
- (4) 'n Skakelforum of enige persoon of persone bedoel in subartikel (2) mag op eie inisiatief insette vir oorweging deur die Munisipaliteit lewer.

### **Herroeping van verordeninge**

50. Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die Munisipaliteit of enige van die afgestelde munisipaliteite wat nou by die Munisipaliteit ingelyf is, uitgevaardig is, word hiermee herroep in soverre dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak word.

**Kort titel en inwerkingtreding**

- (1) No person may
  - (a) Permit a bitch on heat owned or kept by him or her to be in a public road or public place without supervision.
  - (b) Urge a dog to attack, worry or frighten any person or animal, except where necessary for the defence of such first-mentioned person or his or her property.
  - (c) Keep a dog if the premises where such a dog is kept is not properly and adequately fenced to keep such a dog inside when it is not on a leash.
  - (d) Permit a dog owned or kept by such a person;
    - (i) to trespass on private property;
    - (ii) to be in any public road or public place whilst such dog suffers from an infectious or contagious disease;
    - (iii) to constitute a hazard to traffic on any street;
    - (iv) to constitute or likely to constitute a source of danger or injury to persons outside the premises on which such dog is kept;
    - (v) to be a source of danger to employees of the Municipality entering upon such premises for the purpose of carrying out their duties.
  - (e) Keep any dog which;
    - (i) by barking, yelping, howling or whining; or

- (ii) by having acquired the habit of charging persons, vehicles or animals outside any premises where it is kept;
  - (iii) interferes materially with the ordinary comfort, convenience, peace or quiet or neighbours.
- (2) The Municipality may seize and impound at a place designated by the Municipality, a dog which is found in a public road or public place in contravention with the provisions of subsection (1).
- (3) Notwithstanding the provisions of subsection 20(2), no person or authorised official may take any dog or other animal into custody for the purpose of having it impounded if there are reasonable grounds to believe that the dog or other animal is a female with un-weaned young, unless such animal and un-weaned young are taken into custody together.
- (4) A dog impounded in terms of subsection (2) may be released to the owner of such dog upon payment of a fee determined by the Municipality.
- (5) A dog impounded in terms of subsection (2), may be sold or euthanased after having been kept in custody for ten working days.
- (6) A person who contravenes any provision of Section 19 or of this section commits an offence.

## **21. FENCING OF PROPERTY**

- (1) No person shall keep a dog on his or her premises which is not properly and adequately fenced to keep such dog inside when it is not on a leash unless the dog is confined to the premises in some other manner, provided that such confinement is not inhumane in the assessment of the authorised official.

## **PART III – ANIMAL CRUELTY**

### **22. ANIMAL CRUELTY**

- (1) No person may terrify or cause stress or fear to any animal with fireworks or by any other means.
- (2) Any person who
  - (a) possesses, keeps, imports, buys, sells, trains, breeds or has under his or her control an animal for the purposes of fighting any other animal;
  - (b) baits, provokes or incites any animal to attack another animal or to proceed with the fighting of another animal;
  - (c) for financial gain or as a form of amusement promotes animal fights;
  - (d) allows any of the acts referred to in paragraphs (a) to (c) to take place on any premises or place in his or her possession or under his or her charge or control;
  - (e) owns, uses or controls any premises or place for the purposes or partly for the purpose of presenting animal fights on such premises or place or who acts or assists in the management of such premises or place, or who receives any consideration for the admission of any person to such premises or place; or
  - (f) is present as a spectator at any premises or place where any of the acts referred to in paragraphs (b) to (e) is taking place or where preparations are being made for such acts,is guilty of an offence.
- (3) In any prosecution it is presumed, unless the contrary is proved, that an animal that is found at any premises or place is the property or under the control of the owner of those premises or that place, or is the property or under the control of the person who uses or is in control of the premises or place.

### **CHAPTER III: DOG KENNELS, CATTERIES, PET SHOPS AND PET PARLOURS**

#### **23. PERMISSION TO OPERATE**

- (1) No kennel, cattery, pet shop or pet parlour may be operated without the permission of the Municipality, which permission may be subject to conditions.
- (2) Applications for permission must be done on an application form obtainable from the Municipality.
- (3) The person operating a kennel, cattery, pet shop or pet parlour may not conduct the business in such a manner so as to cause any nuisance or annoyance to other people.
- (4) A person who contravenes any provision of this section commits an offence.

### **CHAPTER IV: CO-OPERATION BETWEEN MUNICIPALITIES**

#### **24. SERVICE DELIVERY ARRANGEMENTS**

In an effort to achieve optimal service delivery in terms of this by-law, the Municipality may enter into agreement with the district municipality with which legislative and executive powers is shared, in respect of the following:

- (a) the practical arrangement with regard to the execution of the provisions of this by-law;
- (b) the imposition and enforcements of conditions with regard to any application in terms of this by-law, in so far as such conditions pertain to the functions and powers performed by the district municipality;
- (c) the recovery of costs and expenses related to any action in terms of this by-law;
- (d) subject to the provisions of section 86 of the Local Government: Municipal Structures Act, No 117 of 1998 mechanisms for the settlement of disputes with regard to execution of powers of functions in terms of this by-law or the matters on which have been agreed;
- (e) any other matter regarded necessary by the parties to achieve optimal service delivery in terms of this by-law.

### **CHAPTER V: GENERAL PROVISIONS**

#### **25. RIGHT OF ENTRY AND INSPECTION**

- (1) Any duly authorised employee of the Municipality is authorised to inspect any premises within the municipal area when there are reasonable grounds to suspect that there is non-compliance with the provisions of this by-law.
- (2) When entering premises in terms on subsection (1), the authorised employee must on request by any person, identify him/herself by producing written proof of authorisation.
- (3) The authorised employee may be accompanied by a person reasonably required to assist in conducting the inspections.
- (4) Any person who fails to give or refuses access to any authorised employee if he requests entrance on any land or premises, or obstructs or hinders him in the execution of his duties under this by-law, or who fails or refuses to give information that he may lawfully be required to give to such employee, or who gives false or misleading information knowing it to be false or misleading, shall be guilty of an offence.



## **26. SERVICE OF DOCUMENTS AND PROCESS**

- (1) Whenever a notice, order, demand or other document is authorised or required to be served on a person in terms of this by-law, it shall be deemed to have been effectively and sufficiently served on such person,
  - (a) when it has been delivered to him personally;
  - (b) when it has been left at his place of residence or business in the Republic with a person apparently over the age of 16;
  - (c) when it has been posted or registered by certified mail to his/her last known residential or businesses address in the Republic and an acknowledgement of the posting thereof is produced;
  - (d) if his address in the Republic is unknown, when it has been served on his agent or representative in the Republic in the manner provided by section (a), (b) or (c); or
  - (e) if his address and agent in the Republic is unknown, when it has been posted in a conspicuous place on the immovable property (if any) to which it relates.
- (2) When any notice, order, demand or other document as aforesaid is authorised or required to be served on a person by reason of his being or having been the owner or occupier of or holding some other right in respect of immovable property, it shall not be necessary to name him, but shall be sufficient if he is therein described as the owner, occupier or holder of such immovable property or other right, as the case may be.

## **27. TRANSITIONAL PROVISIONS**

A person who, at the commencement of this by-law, owns a larger number of animals than the number contemplated in section 12, may continue to keep such larger number of animals, but may not replace any animal in excess of that number should one or more of the animals die or be disposed of, unless permission is obtained from the Municipality for exceeding that number.

## **28. APPEAL**

- (1) A person whose rights are affected by a decision taken by a political structure, political office-bearer, or staff member of a municipality in terms of a power of duty delegated or sub-delegated by a delegating authority to the political structure, political office-bearer, or staff member may appeal against that decision by giving written notice of the appeal and reasons to the municipal manager within 21 days of the date of the notification of the decision.
- (2) The municipal manager must promptly submit the appeal to the appropriate appeal authority mentioned in subsection (4).
- (3) The appeal authority must consider the appeal, and confirm, vary or revoke the decision, but no such variation or revocation of a decision may detract from any rights that may have accrued as a result of the decision.
- (4) When the appeal is against a decision taken by;
  - (a) a staff member other than the municipal manager, the municipal manager is the appeal authority.
  - (b) the municipal manager, the executive mayor is the appeal authority.



- (c) a political structure or office bearer, a committee of councillors who were not involved in the decision and appointed by the municipal council for this purpose is the appeal authority.
- (5) An appeal authority must commence with an appeal within six weeks and decide the appeal within a reasonable period.
- (6) The provisions of this section do not detract from any appropriate appeal procedure provided for in any other applicable law.

## **29. OFFENCES AND PENALTIES**

- (1) A person who—
  - (a) contravenes or fails to comply with any provisions of this by-law or with any order or notice lawfully issued thereunder commits an offence; and
  - (b) continues to commit an offence after notice has been served on him or her to cease committing such offence or after he has been convicted of such offence shall be guilty of a continuing offence.
- (2) Any person convicted of an offence under this by-law shall be liable to a fine not exceeding R20 000 or imprisonment for a period not exceeding two years.
- (3) Any court convicting any person of keeping any animal which is not kept under control in accordance with the provisions of the by-law may, in addition to the penalty referred to in subsection (2), order the euthanasation of the animal concerned, and thereupon an authorised official may euthanase such animal.

## **30. EXEMPTION**

Notwithstanding the provisions of this by-law, the Municipality may exempt any person and/or class of persons from any or all of these requirements and may impose any other requirements it deems appropriate.

## **31. REPEAL OF BY-LAWS**

The by-laws relating to the keeping of animals previously applicable in the Municipality of Matzikama or any of the disestablished municipalities that were incorporated into the current Municipality of Matzikama are hereby repealed.

## **32. SHORT TITLE AND COMMENCEMENT**

This by-law shall be known as the “By-law relating to the Keeping of Animals” and shall come into operation on the date of publication thereof in the Provincial Gazette.

## **MATZIKAMA MUNISIPALITEIT**

### **VERORDENING INSAKE DIE AANHOU VAN DIERE**

#### **INHOUDSOPGAWE**

1. Woordomsrywings
2. Toepassing van Verordening

#### **HOOFSTUK I: ALGEMENE BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE AANHOU VAN DIERE**

3. Toestemming om diere aan te hou
4. Oorweging van aansoeke en oplegging van voorwaardes
5. Sigbaarheid van strukture op perseel
6. Afstanddoening van vereistes en herroeping van toestemming
7. Geldigheid van toestemming
8. Pligte van diegene wat diere besit of aanhou
9. Diere wat op 'n onbevredigende wyse aangehou word
10. Genadedood van diere
11. Smous met diere

#### **HOOFSTUK II: BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE AANHOU VAN HONDE, KATTE EN TROETELDIERE**

##### **DEEL 1 – ALGEMENE BEPALINGS MET BETREKKING TOT HONDE, KATTE EN TROETELDIERE**

12. Aantal honde en katte
13. Telers van honde en katte
14. Telers van troeteldiere
15. Voorwaardes en beperkings
16. Herroeping van toestemming

##### **DEEL 2 – SPESIFIEKE BEPALINGS OOR HONDE**

17. Aanhou van honde
18. Sterilisasie van honde
19. Honde in openbare plekke
20. Beheer van honde
21. Omheining van eiendom

##### **DEEL 3 – WREEDHEID TEENoor DIERE**

22. Wreedheid teenoor diere

**HOOFSTUK III: HONDEHERBERGE, KATTEHERBERGE, TROETELDIERWINKELS EN TROETELDIERSALONNE**

23. Toestemming om te bedryf

**HOOFSTUK IV: SAMEWERKING TUSSEN MUNISIPALITEITE**

24. Diensleweringreëlings

**HOOFSTUK V: ALGEMENE BEPALINGS**

25. Reg van toegang en inspeksie

26. Betekening van dokumente, en proses

27. Oorgangsbepalings

28. Appèl

29. Misdrywe en boetes

30. Vrystelling

31. Herroeping van verordeninge

32. Kort titel en inwerkingtreding

## 1. Woordomsrywings

In hierdie verordening sluit woorde wat in die manlike geslag gebruik word, die vroulike geslag in; die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd; die Engelse teks sal voorrang geniet in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

“**Diere**” enige perd, bees, skaap, bok, pluimvee, kameel, hond, kat of ander huisdier of voël, of enige wilde dier of reptiel wat in aanhouding of onder 'n persoon se beheer is;

“**Gemagtigde amptenaar**” – 'n aangewese persoon;

- (a) 'n lid van die Diens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet 68 van 1995)
- (b) 'n munisipale wetstoepassingsbeampte wat kragtens enige wetgewing aangestel is; of
- (c) 'n persoon wat ingevolge artikel 334(1) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) as 'n vredesbeampte verklaar is;
- (d) 'n lid van die Dierewelsynsvereniging of Dierebeskermsvereniging

“**Voël**” 'n duif, pou, fisant, patrys, kanarie, budjie, papegaaï, volstruis en enige ander mak voël of wilde voël wat in aanhouding of onder 'n persoon se beheer is.

“**Katherberg**” enige onderneming waar katte geteel of gehuisves word;

“**Distriksmunisipaliteit**” die Weskus Distriksmunisipaliteit ingestel kragtens artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsdraer of behoorlik gevolmagtigde agent of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid wat in die Munisipaliteit gevestig is en aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, agent of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;

“**Woonhuis**” 'n enkele gebou ontwerp vir gebruik as woning vir 'n enkele gesin en wat geleë is op 'n perseel wat nie meer as twee sulke geboue bevat nie;

“**Wooneenheid**” 'n gekoppelde stel kamers wat 'n kombuis of opwaskamer insluit en ontwerp is vir bewoning deur 'n enkele gesin, anders as 'n woonhuis, ongeag of sodanige eenheid in 'n enkele gebou is of deel uitmaak van 'n gebou wat twee of meer sulke eenhede bevat;

“**Gidshond**” 'n hond wat opgelei is om 'n blinde persoon of 'n swaksiende persoon te help en sluit 'n dienshond in wat opgelei is om 'n geestelik of fisies gestremde persoon te help;

“**Hondeherberg**” 'n perseel waarin of waarop –

- (a) verblyfgeriewe vir honde voorsien word;
- (b) honde vir kommersiële doeleindes geteel word;
- (c) honde vir die doeleindes van opleiding of verhuring met of sonder hanteerders aangehou word; of
- (d) honde vir kommersiële sekuriteitsdoeleindes aangehou word;

“**Munisipaliteit**” die Matzikama Munisipaliteit, gevestig ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), Provinsiale Kennisgewing 481 gedateer 4 Desember 2000, en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsdraer of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die Munisipaliteit en wat aan so 'n politieke struktuur, politieke ampsdraer of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;

“**Munisipale Bestuurder**” 'n persoon wat ingevolge artikel 54A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) aangestel is en sluit in enige persoon:

- (a) wat in sodanige amp waarneem; en

(b) aan wie die munisipale bestuurder enige bevoegdheid, funksie of verantwoordelikheid gedelegeer het in soverre dit op die uitvoering van daardie bevoegdhede, funksies of pligte betrekking het.

“**Eienaar**” in verband met enige dier, onder meer die persoon wat in besit of bevel van sodanige dier is, of wat toesig of beheer daarvoor het;

“**Permit**” die skriftelike toestemming wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word;

“**Troeteldier**” ’n mak dier wat vir geselskap en genot in ’n huishouding aangehou word;

“**Troeteldiersalon**” ’n onderneming vir die kosmetiese versorging van troeteldiere;

“**Troeteldierwinkel**” ’n onderneming waar troeteldiere vir handelsdoeleindes aangehou word;

“**Pluimvee**” ’n hoender, gans, volstruis, eend, duif, kalkoen, makou, tarentaal, kwartel, boskwartel, eksotiese en inheemse wilde voëls, pou of voël, ongeag of dit mak of wild is;

“**Perseel**”:

(a) grond of ’n gedeelte grond, ongeag of ’n gebou of struktuur op sodanige grond of gedeelte daarvan gebou of opgerig is;

(b) ’n gebou, struktuur, tent of karavaan en die grond waarop dit geleë is, met inbegrip van enige voertuig, rytuig, skip of boot;

“**Openbare plek**” enige parkeergebied, ontspanningsgebied, sportterrein, strand, oop plek, onbenutte of onbeboude munisipale grond begraafplaas, plekke wat op enige tydstip aan die publiek toegewy is of op enige tydstip as sodanig deur die Munisipaliteit of ander bevoegde owerheid verklaar of voorsien is;

“**Openbare pad**” enige pad, straat of deurgang of enige ander plek (hetsy ’n deurgang of nie) wat algemeen deur die publiek of enige gedeelte daarvan gebruik word, of waartoe die publiek ’n reg van toegang het, en wat dienooreenkomstig deur die Munisipaliteit geproklameer is en/of as sodanig op ’n diagram aangedui word wat deur Landmeter-Generaal goedgekeur is, met inbegrip van:

(a) enige diensteserwituut en openbare deurgang op openbare grond;

(b) die sygaardjie of rand van enige sodanige pad, straat of deurgang;

(c) enige brug, struktuur of drif waaroor sodanige pad, straat of deurgang loop; en

(d) enige ander werke of voorwerpe wat deel uitmaak van, verbind is aan of behoort tot so ’n pad, straat of deurgang;

“**Verantwoordelike owerheid**” die Matzikama Munisipaliteit of enige nasionale of provinsiale departement wat ingevolge sy bevoegdhede en funksies voorwaardes of beperkings met betrekking tot die aanhou van diere mag oplê;

“**Struktuur**” enige stal, skuur, varkhok, kraal, voëlhuis, veekamp, bedekte struktuur, pluimveehok, bedekte loophok, duiwehok of gebou wat gebruik word vir skulping of die aanhou of inkamping van diere.

## 2. TOEPASSING VAN VERORDENING

(1) Die bepalings van artikel 3 en 12(1) is nie van toepassing op:

(a) ’n perseel of grond wat vir bona fide-landboudoeleindes gebruik word nie; of

(b) ’n perseel of grond aangewys deur die Munisipaliteit waar die aanhouer van diere of die bedryf van troeteldiersalonne, troeteldierwinkels of katherberge en hondherberge toegelaat word, en as sodanig in ’n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en soneringskema aangedui word nie.

(2) ’n Persoon wat diere aanhou op ’n perseel wat in subartikel (1)(a) en (b) beoog word, is nie vrygestel van die ander bepalings van hierdie verordening nie.

## **HOOFSTUK I: ALGEMENE BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE AANHOU VAN DIERE**

### **3. TOESTEMMING OM DIERE AAN TE HOU (TROETELDIERE UITGESLUIT)**

- (1) Geen persoon mag enige diere, troeteldiere uitgesluit, op enige perseel of eiendom sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit aanhou of laat aanhou nie.
- (2) Ten einde die aanhou van diere op persele te bestuur, kan die Munisipaliteit die aantal byekorwe en die soort, aantal en geslag diere bepaal wat aangehou mag word, asook die gebiede waar die aanhou van sodanige diere en bye verbied word.
- (3) Om 'n aansoek ingevolge subartikel (1) te oorweeg, kan die Munisipaliteit die insette of kommentaar van die eienaars of inwoners van omliggende persele aanvra.
- (4) 'n Aansoek om diere aan te hou moet ingedien word op 'n aansoekvorm wat by die Munisipaliteit beskikbaar is, en moet vergesel word van 'n uitvoerige terreinplan wat alle bestaande of voorgestelde strukture en heinings aandui op die perseel waarvoor die permit benodig word.
- (5) Uitvoerige planne van strukture waarin daar beoog word om diere aan te hou, volgens spesifikasies wat by die Munisipaliteit beskikbaar is, moet die aansoek in subartikel (4) vergesel, en sodanige planne moet deur die Munisipaliteit goedgekeur word.
- (6) Waar moontlik moet 'n uiteensetting van die aantal, soort en geslag diere die planne in subartikel (5) vergesel.

### **4. OORWEGING VAN AANSOEKE EN OPLEGGING VAN VOORWAARDES**

- (1) Die Munisipaliteit kan toestemming verleen of weier ná die oorweging van:
  - (a) die insette of kommentaar wat ingevolge artikel 3(3) verkry is;
  - (b) die ligging, geografiese kenmerke of grootte van die perseel waarvoor die aansoek ingedien is;
  - (c) die dokumente en uiteensettings wat ingevolge artikel 3 ingedien is; of
  - (d) enige ander inligting met betrekking tot die aansoek.
- (2) Waar toestemming geweier word, moet die Munisipaliteit die aansoeker van die redes vir sodanige weiering voorsien en hom terselfdertyd van sy reg op appèl ingevolge artikel 28 meedeel.
- (3) Waar toestemming verleen word, kan die Munisipaliteit voorwaardes oplê.

### **5. SIGBAARHEID VAN STRUKTURE OP PERSEEL**

Alle strukture waarin diere aangehou word, moet op gepaste wyse van enige straat afgeskerm word.

### **6. AFSTANDDOENING VAN VEREISTES EN HERROEPING VAN TOESTEMMING**

Ondanks voorgemelde bepalings, kan die Munisipaliteit ná oorweging van voorwaardes van toepassing op die eiendom, en mits geen beswaar van die eienaars of bewoners van omliggende persele ontvang word nie, afstand doen van enige of al die vereistes van hierdie artikel, en waar toepaslik ander voorwaardes oplê, en kan ook enige toestemming ingevolge artikel 4 herroep indien enige van die voorwaardes daarin nie nagekom word nie.

### **7. GELDIGHED VAN TOESTEMMING**

Enige toestemming wat ingevolge enige herroepde verordening of regulasie vir die aanhou van diere verleen is, sal geag ingevolge hierdie verordening verleen te wees.

## **8. PLIGTE VAN DIEGENE WAT DIERE BESIT OF AANHOU**

Diegene wat diere besit of aanhou:

- (a) mag nie veroorsaak of toelaat dat 'n dier met die normale gerief, gemak, rus of vrede van ander mense inmeng nie;
- (b) moet sodanige diere daaglik van slaapgoed, skuiling, die nodige veeartsenykundige behandeling, water en behoorlike voedsel voorsien; en
- (c) moet te alle tye die perseel waarop die diere aangehou word en alle by- en toebehore in 'n goeie en netjiese toestand in stand hou ten einde 'n openbare oorlas te voorkom.

## **9. DIERE WAT OP 'N ONBEVREDIGENDE WYSE AANGEHOU WORD**

Wanneer diere op enige perseel aangehou word, ongeag of sodanige perseel ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit goedgekeur is, en 'n openbare oorlas veroorsaak, kan die Munisipaliteit deur skriftelike kennisgewing van die eienaar of bewoner van sodanige perseel vereis om binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing aangedui word, maar nie minder as 24 uur na die datum van sodanige kennisgewing nie, die oorsaak te verwyder en sodanig op te tree en die nodige stappe te doen om die voorkoming van daardie oorlas te verseker.

## **10. GENADEDOD VAN DIERE (TROETELDIERE INGESLUIT)**

Die Munisipaliteit kan gelas dat 'n dier van kant gemaak word wat:

- (a) gevaarlik of woensig is; of
  - (b) in so 'n mate beseer of siek is dat dit menslik sou wees om dit te doen.
- (2) Diere wat ingevolge subartikel (1) van kant gemaak word, moet deur 'n gekwalifiseerde veearts onder die toesig van 'n gekwalifiseerde veearts van kant gemaak word met sodanige instrumente of toestelle en op so 'n wyse wat so min lyding as moontlik veroorsaak.

## **11. SMOUS MET DIERE (TROETELDIERE INGESLUIT)**

- (1) Geen persoon mag met 'n dier smous:
- (a) langs 'n openbare pad of in 'n openbare plek nie; of
  - (b) in of vanuit 'n bewegende struktuur of voertuig nie.
- (2) 'n Persoon wat enige bepalings in artikel 3, 8 en 9 asook subartikel (1) van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

## **HOOFSTUK II: BEPALINGS MET BETREKKING TOT DIE AANHOU VAN HONDE, KATTE EN TROETELDIERE**

### **DEEL 1 – ALGEMENE BEPALINGS MET BETREKKING TOT HONDE, KATTE EN TROETELDIERE**

#### **12. AANTAL HONDE EN KATTE**

- (1) Behoudens die bepalings van artikel 13 en 27, mag geen persoon op enige perseel:
- (a) meer as twee honde; en
  - (b) meer as twee katte
- sonder die toestemming van die Munisipaliteit aanhou nie.
- (2) 'n Aansoek om toestemming ingevolge subartikel (1) om meer as die aangewese aantal honde of katte aan te hou, moet ingedien word op 'n aansoekvorm wat by die Munisipaliteit beskikbaar is, en moet 'n uiteensetting gee van die ras, geslag en aantal honde en katte waarom aansoek gedoen word.

- (3) 'n Beperking ingevolge hierdie artikel op die aantal diere wat op die perseel aangehou mag word, geld nie vir 'n tydperk van 10 weke na die geboorte van die werpsel van 'n dier ingevolge 'n permit nie.
- (4) 'n Persoon wie se permit om 'n hond of kat of ander dier aan te hou, gekanselleer is of wie se hond, kat of ander dier voorheen uit sy sorg verwyder is of wat 'n vorige kriminele skuldigbevinding of siviele bevel met betrekking tot wreedheid teenoor diere teen hom het, mag nie 'n hond of kat of ander dier aanhou tensy 'n hof anders besluit nie.

### **13. TELERS VAN HONDE EN KATTE**

- (1) 'n Teler van honde wat meer as twee honde wil aanhou of 'n teler van katte wat meer as twee katte wil aanhou, moet toestemming van die Munisipaliteit bekom.
- (2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet ingedien word op die wyse wat die Munisipaliteit voorskryf, en moet 'n uiteensetting bevat van die ras, geslag en aantal honde of katte waarom daar aansoek gedoen word.
- (3) Planne en spesifikasies van voorgestelde strukture vir die aanhou van honde en katte, asook 'n terreinplan wat alle bestaande of voorgestelde strukture en omheinings aandui op die perseel waarvoor die permit vereis word, moet die aansoek in subartikel (1) vergesel, en sodanige planne moet deur die Munisipaliteit goedgekeur word.

### **14. TELERS VAN TROETELDIERE**

- (1) 'n Persoon wat met troeteldiere teel, moet goedkeuring van die Munisipaliteit bekom.
- (2) Die bepalings van artikel 13(2) en (3), met die nodige aanpassings, is van toepassing op 'n aansoek ingevolge subartikel (1).

### **15. VOORWAARDES EN BEPERKINGS**

Die Munisipaliteit se toestemming ingevolge artikel 4, 12, 13 en 14 word verleen onderworpe aan sodanige voorwaardes en beperkings as wat die Munisipaliteit in oorleg met 'n ander verantwoordelike owerheid goeddink om op te lê.

### **16. HERROEPING VAN TOESTEMMING**

- (1) Waar 'n persoon in stryd is met of versuim om te voldoen aan 'n voorwaarde of beperking wat in artikel 15 beoog word, kan die Munisipaliteit, nadat daardie persoon aangehoor is, die toestemming herroep en gelas dat die diere van die perseel verwyder en in die sorg en veilige bewaring van 'n dierewelsynsorganisasie of skut geplaas word.
- (2) Enige koste wat die Munisipaliteit met die verwydering en veilige bewaring van diere beoog in subartikel (1) aangaan, sal van die eienaar of aanhouer van sodanige diere verhaalbaar wees.

## **DEEL 2 – SPESIFIEKE BEPALINGS OOR HONDE**

### **17. AANHOU VAN HONDE**

- (1) Geen persoon sal toelaat dat enige hond wat deur hom aangehou word en na oordeel van die gemagtigde amptenaar woest, kwaai of gevaarlik is, in enige openbare pad of openbare plek teenwoordig is tensy dit behoorlik gemuilband en aan 'n leiband vasgemaak en onder beheer is nie.
- (2) 'n Gemagtigde amptenaar kan die eienaar van die hond opdrag gee om die perseel waarop die hond aangehou word, behoorlik te omhein en om ook 'n teken of tekens in opsigtelike posisies te plaas om mense te waarsku dat 'n moontlik kwaai of woeste hond op die eiendom aangehou word,



en versuim om binne 'n tydperk wat in die opdrag gespesifiseer word, aan die opdrag te voldoen, sal 'n misdryf uitmaak.

- (3) Die eienaar van 'n hond pleeg 'n misdryf as hy nie redelike voorsorgmaatreëls getref het om te verhoed dat 'n hond iemand byt of aanval of 'n gevaar vir die veiligheid van persone of huisdiere inhou nie.
- (4) 'n Aangewese wetstoepassingsbeampte kan 'n lasbrief ontvang om 'n hond van 'n bepaalde plek te verwyder indien dit nie in die belang van openbare veiligheid is om die hond op daardie plek te hê nie.
- (5) Onder dringende omstandighede waar daar redelike gronde is om te glo dat toegang sonder 'n lasbrief nodig is om dreigende liggaamlike besering of die dood van enige persoon of huisdier te voorkom, sal aangewese vredesbeamptes die reg tot toegang sonder 'n lasbrief hê en om, indien nodig, so 'n hond in beslag en na 'n plek van veilige bewaring te neem.

#### **18. Sterilisasie van honde**

- (1) 'n Gemagtigde amptenaar mag 'n hond laat steriliseer as hy of sy dit nodig ag –
  - (a) in die belang van die welstand van die hond;
  - (b) om 'n oorlas te verhoed; of
  - (c) wanneer die hond los rondloop.
- (2) Die eienaar van 'n gesteriliseerde hond moet van 'n geregistreerde veearts bewys ontvang dat die hond gesteriliseer is en moet so 'n dokument ter insae van enige gemagtigde amptenaar voorlê.

#### **19. HONDE IN OPENBARE PLEKKE**

- (1) Die eienaar of aanhouer van 'n hond mag dit nie in 'n openbare pad of openbare plek laat wees of toelaat tensy die hond deur 'n verantwoordelike persoon aan 'n leiband vasgemaak is nie.
- (2) Behalwe in die geval van 'n blinde persoon wat deur 'n gidshond gelei word, moet 'n persoon in beheer van 'n hond in 'n openbare pad of openbare plek enige ontlasting van die hond verwyder deur dit in papier of plastiek toe te draai en in 'n houer te plaas wat vir rommel of vullis voorsien is.

#### **20. BEHEER VAN HONDE**

- (1) Geen persoon mag:
  - (a) toelaat dat 'n teef op hitte wat in sy besit of aanhouding is sonder toesig in 'n openbare pad of openbare plek kom nie.
  - (b) 'n hond aanhits om enige persoon of dier aan te val, te pla of bang te maak nie, behalwe waar dit nodig mag wees om eersgenoemde persoon of sy eiendom te verdedig.
  - (c) 'n hond aanhou as die perseel waarop die hond aangehou word, nie behoorlik en voldoende omhein is om die hond binne te hou wanneer dit nie aan 'n leiband is nie.
  - (d) 'n hond in sy besit of aanhouding toelaat –
    - (i) om privaat eiendom te oortree nie;
    - (ii) om in enige openbare pad of openbare plek te wees terwyl die hond aan 'n aansteeklike of oordraagbare siekte ly nie;
    - (iii) om 'n gevaar vir verkeer op enige straat in te hou nie;

- (iv) om 'n bron van gevaar of besering te wees of moontlik te wees vir persone buite die perseel waarop sodanige hond aangehou word nie;
  - (v) 'n bron van gevaar te wees vir werknemers van die Munisipaliteit wat sodanige perseel betree om hulle pligte uit te voer nie .
- (e) enige hond aanhou wat –
- (i) deur 'n geblaf, gekef, getjank of gekerm; of
  - (ii) as gevolg van die gewoonte om af te storm op mense, voertuie of diere buite die perseel waar dit aangehou word;
  - (iii) wesenlik in te meng met die normale gerief, gemak, rus of vrede van bure nie.
- (2) Die Munisipaliteit kan beslag lê op 'n hond wat in stryd met die bepalings van subartikel (1) in 'n openbare pad of openbare plek aangetref word en die hond skut by 'n plek wat deur die Munisipaliteit aangewys is.
- (3) Nieteenstaande die bepalings van subartikel 20(2) mag geen persoon of gemagtigde amptenaar beslag lê op enige hond of ander dier met die doel om dit te skut as daar redelike gronde bestaan dat die hond of ander dier 'n vroulike dier met ongespeende kleintjies is nie, tensy sodanige dier en haar ongespeende kleintjies saam geskut word.
- (4) 'n Hond wat ingevolge subartikel (2) geskut word, kan aan die eienaar van sodanige hond terugbesorg word na betaling van gelde wat deur die Munisipaliteit bepaal word.
- (5) 'n Hond wat ingevolge subartikel (2) geskut word, kan verkoop of afgemaak word nadat dit vir tien werkdag geskut is.
- (6) 'n Persoon wat enige bepaling van artikel 19 of hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

## **21. OMHEINING VAN EIENDOM**

- (1) Geen persoon mag 'n hond aanhou op 'n perseel wat nie behoorlik en voldoende omhein is om sodanige hond binne te hou wanneer dit nie aan 'n leiband is nie, tensy die hond op 'n ander wyse tot die perseel beperk is, met dien verstande dat sodanige beperking na mening van die gemagtigde amptenaar nie onmenslik is nie.

## **DEEL III – WREEDHEID TEENoor DIERE**

### **22. WREEDHEID TEENoor DIERE**

- (1) Geen persoon mag deur middel van vuurwerke of op enige ander wyse 'n dier bangmaak of stres of angs in die dier veroorsaak nie.
- (2) Enige persoon wat –
- (a) 'n dier besit, aanhou, invoer, koop, verkoop, oplei, teel of onder sy beheer het met die doel om daardie dier teen enige ander dier te laat veg;
  - (b) enige dier uitlok, tart of aanhits om 'n ander dier aan te val of voort te gaan om teen 'n ander dier te veg;
  - (c) vir finansiële gewin of as 'n vorm van vermaak gevegte tussen diere bevorder;
  - (d) toelaat dat enige van die handelinge waarna in paragraaf (a) tot (c) verwys word, op enige perseel of plek in sy besit of onder sy bewaking of beheer plaasvind;

- (e) enige perseel of plek besit, gebruik of beheer met die doel of gedeeltelike doel om gevegte tussen diere op sodanige perseel of plek aan te bied, of wat sodanige perseel of plek bestuur of help om dit te bestuur, of wat enige vergoeding ontvang om enige persoon op sodanige perseel of plek toe te laat; of
  - (f) as 'n toeskouer teenwoordig is op enige perseel of plek waar enige van die handeling waarna in paragraaf (b) verwys word, plaasvind of waar voorbereidings vir sodanige handeling getref word, is skuldig aan 'n misdryf.
- (3) In enige vervolging word daar aanvaar dat, tensy die teendeel bewys word, 'n dier wat op enige perseel of plek gevind word, die eiendom of onder die beheer van die eienaar van daardie perseel of plek is, of die eiendom of onder die beheer is van die persoon wat die perseel of plek gebruik of in beheer daarvan is.

### **HOOFSTUK III: HONDEHERBERGE, KATHERBERGE, TROETELDIERWINKELS EN TROETELDIERSALONNE**

#### **23. TOESTEMMING OM TE BEDRYF**

- (1) Geen hondeherberg, katherberg, troeteldierwinkel of troeteldiersalon mag sonder die toestemming van die Munisipaliteit bedryf word nie, welke toestemming aan voorwaardes onderworpe kan wees.
- (2) Aansoeke om toestemming moet geskied op 'n aansoekvorm wat by die Munisipaliteit beskikbaar is.
- (3) Die persoon wat 'n hondeherberg, katherberg, troeteldierwinkel of troeteldiersalon bedryf, mag nie die onderneming bedryf op 'n wyse wat 'n oorlas of ergernis vir ander mense veroorsaak nie.
- (4) 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

### **HOOFSTUK IV: SAMEWERKING TUSSEN MUNISIPALITEITE**

#### **24. DIENSLEWERINGSREËLINGS**

In 'n poging om optimale dienslewering ingevolge hierdie verordening te bewerkstellig, kan die Munisipaliteit ten opsigte van die volgende 'n ooreenkoms aangaan met die distriksmunisipaliteit met wie wetgewende en uitvoerende bevoegdhede gedeel word:

- (a) die praktiese reëlins wat met die uitvoering van die bepalings van hierdie verordening verband hou;
- (b) die oplegging en afdwinging van voorwaardes met betrekking tot enige aansoek ingevolge hierdie verordening, in soverre sodanige voorwaardes betrekking het op die funksies en bevoegdhede wat deur die distriksmunisipaliteit uitgevoer word;
- (c) die verhaling van koste en uitgawes wat met enige handeling ingevolge hierdie verordening verband hou;
- (d) behoudens die bepalings van artikel 86 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998), meganismes vir die beslegting van geskille met betrekking tot die uitvoering van bevoegdhede of funksies kragtens hierdie verordening of die aangeleentheid waarvoor ooreengekom is;
- (e) enige ander aangeleentheid wat die partye nodig ag om optimale dienslewering ingevolge hierdie verordening teweeg te bring.

## HOOFSTUK V: ALGEMENE BEPALINGS

### 25. REG VAN TOEGANG EN INSPEKSIE

- (1) Enige behoorlik gemagtigde werknemer van die Munisipaliteit is by magte om enige perseel binne die munisipale gebied te inspekteer waar daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat die bepalings van hierdie verordening nie nagekom word nie.
- (2) Wanneer die gemagtigde werknemer 'n perseel ingevolge subartikel (1) betree, moet die werknemer op versoek van enige persoon homself by wyse van skriftelike bewys van magtiging identifiseer.
- (3) Die gemagtigde werknemer mag vergesel word van 'n persoon wie se bystand redelikerwys vir die inspeksie benodig word.
- (4) Enige persoon wat op versoek versuim of weier om enige gemagtigde werknemer van toegang tot enige grond of perseel te voorsien, of wat die werknemer in die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie verordening verhinder, of wat versuim of weier om inligting te verstrek wat hy volgens wet aan die werknemer moet verstrek, of wat willens en wetens vals of misleidende inligting voorsien, is skuldig aan 'n misdryf.

### 26. BETEKENING VAN DOKUMENTE, EN PROSES

- (1) Wanneer 'n kennisgewing, bevel, aanmaning of ander dokument ingevolge hierdie verordening gemagtig of vereis word vir betekening aan 'n persoon, word dit as effektiewelik en voldoende beteken beskou –
  - (a) as dit by daardie persoon self afgelewer is;
  - (b) as dit by sy woon- of werkplek in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat oënskynlik ouer is as 16 jaar oud is;
  - (c) as dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na sy laaste bekende woon- of sake-adres in die Republiek gepos is en 'n erkenning dat dit gepos is, voorgelê kan word;
  - (d) as sy adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit aan sy agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken is op die wyse bepaal in artikel (a), (b) of (c); of
  - (e) as sy adres en agent in die Republiek onbekend is, wanneer dit geplaas is in 'n opsigtelike plek op die onroerende eiendom (indien enige) waarmee dit verband hou.
- (2) Indien enige voorgemelde kennisgewing, bevel, aanmaning of ander dokument gemagtig of vereis word vir betekening aan 'n persoon omdat hy die eienaar of bewoner of reghebbende van onroerende eiendom is, hoef die persoon nie by name genoem te word nie, maar is dit voldoende as die dokument hom beskryf as die eienaar, bewoner of reghebbende van sodanige onroerende eiendom, na gelang van die geval.

### 27. OORGANGSBEPALINGS

'n Persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie verordening meer diere besit of aanhou as die aantal wat in artikel 12 beoog word, kan steeds sodanige groter aantal diere aanhou, maar mag nie enige dier bo daardie aantal vervang as een of meer van die diere sou vrek of verkoop word nie, tensy toestemming van die Munisipaliteit bekom word om daardie aantal te oorskry.

**28. APPÈL**

- (1) 'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur 'n politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid of personeellid van 'n Munisipaliteit geneem is ingevolge 'n bevoegdheid of plig wat deur 'n delegerende owerheid aan die politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid of personeellid gedelegeer of gesubdelegeer is, kan teen daardie besluit appelleer deur binne 21 dae na die datum van kennisgewing van die besluit aan die munisipale bestuurder skriftelike kennis van die appèl en redes daarvoor te gee.
- (2) Die munisipale bestuurder moet sonder versuim die appèl indien by die toepaslike appèlowerheid wat in subartikel (4) genoem word.
- (3) Die appèlowerheid moet die appèl oorweeg en die besluit bekragtig, wysig of herroep, maar geen sodanige wysiging of herroeping van 'n besluit mag afbreuk doen aan enige regte wat as gevolg van die besluit toegeval het nie.
- (4) Indien die appèl teen 'n besluit is wat geneem is deur:
  - (a) 'n personeellid buiten die munisipale bestuurder, is die munisipale bestuurder die appèlowerheid;
  - (b) die munisipale bestuurder, is die uitvoerende burgemeester die appèlowerheid;
  - (c) 'n politieke struktuur of ampsdraer, is die appèlowerheid 'n komitee van raadslede wat nie by die besluit betrokke was nie en vir hierdie doel deur die munisipale raad aangestel is;
- (5) 'n Appèlowerheid moet binne ses weke met 'n appèl begin en binne 'n redelike tydperk daaroor beslis.
- (6) Die bepalings van hierdie artikel doen geen afbreuk aan enige toepaslike appèlprosedure waarvoor enige ander toepaslike wet voorsiening maak nie.

**29. MISDRYWE EN BOETES**

- (1) 'n Persoon wat –
  - (a) enige bepalings van hierdie verordening oortree of versuim om sodanige bepalings of enige bevel of kennisgewing wat wettig daarvolgens uitgereik is, na te kom, pleeg 'n misdryf; en
  - (b) voortgaan om 'n misdryf te pleeg nadat kennis aan hom beteken is om sodanige misdryf te staak of nadat hy aan sodanige misdryf skuldig bevind is, sal aan 'n volgehoue misdryf skuldig wees.
- (2) Enige persoon wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge hierdie verordening is strafbaar met 'n boete van hoogstens R20 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.
- (3) 'n Hof wat 'n persoon skuldig bevind van die aanhouding van enige dier wat nie ingevolge die bepalings van hierdie verordening onder beheer gehou word nie, kan benewens die boete waarna in subartikel (2) verwys word, beveel dat die betrokke dier afgemaak word, waarna 'n gemagtigde amptenaar sodanige dier mag afmaak.

**30. VRYSTELLING**

Ondanks die bepalings van hierdie verordening, kan die Munisipaliteit enige persoon en/of klas persone vrystel van enige van of al hierdie vereistes, en enige ander vereistes oplê wat die Munisipaliteit as toepaslik beskou.

**31. HERROEPING VAN VERORDENINGE**

Die verordeninge insake die aanhou van diere wat voorheen van toepassing was in Matzikama Munisipaliteit of enige van die afgestelde munisipaliteite wat by die huidige Matzikama Munisipaliteit ingelyf is, word hiermee herroep.

**32. KORT TITEL EN INWERKINGTREDING**

Hierdie verordening sal as die Verordening insake die Aanhou van Diere bekend staan en sal in werking tree op die datum waarop dit in die Provinsiale Koerant afgekondig word.

## **MATZIKAMA MUNICIPALITY**

### **BY-LAW RELATING TO OUTDOOR AND TOURISM ADVERTISING AND SIGNAGE**

To provide a set of regulations governing the use of land and buildings for outdoor advertising and signage and for matters incidental thereto.

#### **1. INTRODUCTION**

- 1.1 Constitutional basis of this by-law
- 1.2 Definitions
- 1.3 Abbreviations and Acronyms
- 1.4 The purpose of this by-law
- 1.5 Application of the by-law and deferment of compliance
- 1.6 Guideline framework and the SAMOAC sign typology
- 1.7 Areas of Sensitivity
- 1.8 Guidelines for signage in the Matzikama Municipal area
- 1.9 Advertising signage on municipal property

#### **2. THE EXHIBITION OF TEMPORARY ADVERTISEMENTS**

#### **3. PROHIBITED SIGNS**

#### **4. APPLICATION AND APPEAL PROCEDURES**

- 4.1 Consent required
- 4.2 Application for consent
- 4.3 Departures
- 4.4 Appeals against applications for consent

#### **5. TECHNICAL REQUIREMENTS FOR SIGNAGE**

- 5.1 Safety and construction signs
- 5.2 Maintenance of signs
- 5.3 Positioning of signs
- 5.4 Illumination
- 5.5 Damage or defacement by removal of signs

#### **6. OFFENCES AND PENALTIES**

- 6.1 Offences
- 6.2 Penalties
- 6.3 Repeal of by-laws

#### **7. SHORT TITLE AND COMMENCEMENT**

#### **1. INTRODUCTION**

##### **1.1 Constitutional basis of this by-law**

Under Section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, the Matzikama Municipality, enacts that which follows in this document.

##### **1.2 Definitions**

In this by-law, unless the context otherwise indicates:

**ADVANCE SIGN** means a sign indicating the direction or distance to a facility, locality, activity, service or enterprise.

**ADVERTISEMENT** means any visible presentation of a word, name, letter, figure, object, mark or symbol or of an abbreviation of a word or name, or of any combination of such elements with the object of transferring information, including an election advertisement.

**ADVERTISER** means the person, or the proprietor of an enterprise, placing an advertisement, alternatively the supplier of a product which is being advertised.

**ADVERTISING** means the act or process of notifying, warning, informing, making known or any other act of transferring information in a visible manner.

**ADVERTISING DEVICE** means any physical device which is used to display or transfer an advertisement or which is in itself an advertisement.

**ADVERTISING STRUCTURE** means any physical structure built to display an advertisement.

**AERIAL SIGN** means any sign which is affixed to or produced by any form of aircraft, balloon or blimp and which is displayed in the air. Furthermore, aerial sign means a sign which is exhibited, displayed or performed in the air with the aid of balloons, searchlights, aircraft or similar means.

**ANIMATION** means a process whereby an advertisement's visibility or message is enhanced by means of moving units, flashing lights or similar devices.

**APPLICANT** means the owner of the advertising structure or device.

- 1.8.4 Hoogstens twee tekens per onderneming op die direkte straatkant en hoogstens drie tekens per onderneming sal op enige eiendom toegelaat word.
- 1.8.5 Die inhoud van 'n teken mag nie aanstootlik wees nie, maar moet smaakvol, eenvoudig en informatief wees.
- 1.8.6 Die verligting van tekens mag nie 'n bron van visuele oorlas of steurnis wees nie. 'n Omgewingsimpakbepaling (OIB) studie mag vereis word alvorens goedkeuring oorweeg word. Sodanige OIB, uitgevoer ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA), kan visuele, maatskaplike en verkeersveiligheidsaspekte aanspreek.
- 1.8.7 'n Teken of 'n gedeelte daarvan mag nie bo die hoofdaklyn of borsweringmuur van 'n gebou of verby die rande van die spesifieke gedeelte van die gebou waaraan dit geheg is, uitsteek nie, en mag ook nie argitektoniese detail van fasades op geboue verberg nie. 'n Teken wat aan 'n gebou geheg is mag geen hinderlik sigbare stutte of ankers bevat nie, en die elektrisiteitstoevoer na verligte tekens moet verberg wees.
- 1.8.8 Verligting moet tot die voorkant van die teken beperk wees, en waar verligting by wyse van 'n eksterne bron of kollig geskied, moet sodanige verligting afwaarts gerig wees op die voorkant van die teken en mag geen oorlas vir verbygaande verkeer of ander eiendomme veroorsaak nie.
- 1.8.9 'n Minimum vryhoogte van 2,3 m moet vir alle tekens bo openbare voetpaaie en toegange nagekom word, padverkeerstekens uitgesluit.
- 1.8.10 'n Teken of 'n gedeelte daarvan mag nie binne 300 mm vanaf die vertikale lyn wat deur die padrand van 'n randsteen gevorm word, geplaas word nie.
- 1.8.11 Op enige teken, insluitend dié wat gebruik word om geleenthede van 'n burgerlike, kulturele, godsdienstige, maatskaplike, sport- of welsynsverwante aard te adverteer, mag 'n borg se logo nie groter as een-derde van die oppervlak van die reklameteken wees nie.
- 1.8.12 Korporatiewe tekens moet aan die bepalings van hierdie verordening voldoen.
- 1.8.13 'n Inligting "i"-teken mag slegs vertoon word deur 'n onderneming wat ingevolge die Wet op Wes-Kaapse Toerisme, 2004 (Wet 1 van 2004), soos van tyd tot tyd gewysig, deur die Bestemmingbemarkingsorganisasie as 'n inligtingsburo geakkrediteer is.
- 1.8.14 Alle tekens op hoofpaaie moet voldoen aan die bepalings van die Wet op Adverteer Langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet 21 van 1940), soos van tyd tot tyd gewysig.
- 1.8.15 Geen advertensiepamflet mag op enige muur of struktuur geplak word sonder die uitdruklike toestemming van die eienaar daarvan nie. Die adverteerder sal aanspreeklik wees vir enige koste verbonde aan die verwydering van sodanige advertensies, insluitende waar rommelstrooiing as gevolg van die ongemagtigde plasing van sodanige pamflette of plakkate plaasgevind het.

- 1.8.16 Enige voertuig met 'n teken wat aandui dat sodanige voertuig te koop is en wat sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit op munisipale grond geparkeer word, mag op die eienaar se koste na die verkeerskut verwyder word en afhaalkoste sal betaalbaar wees, soos tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal.
- 1.8.17 Hierdie verordening moet saamgelees word met Matzikama Munisipaliteit Verordening insake Strate, Openbare Plekke en die Voorkoming en Bedwinging van Oorlaste.

## **1.9 Advertensietekens op munisipale eiendom**

Advertensies op munisipale eiendom –

- 1.9.1 sal slegs toegelaat word ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordening en die Munisipaliteit se beleide in hierdie verband, soos van tyd tot tyd gewysig;
- 1.9.2 mag slegs met die toestemming van en ooreenkomstig die beleide van die Munisipaliteit op munisipale eiendom opgerig of geplaas word;
- 1.9.3 wat nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordening opgerig of geplaas is nie, mag sonder skriftelike kennisgewing op die adverteerder se koste verwyder word, en dit sal eers na betaling van 'n voorgeskrewe fooi aan die adverteerder terugbesorg word.

## **2. DIE VERTONING VAN TYDELIKE ADVERTENSIES**

- 2.1 Geen advertensie met betrekking tot enige funksie, geleentheid of aanbieding buite die Munisipaliteit, uitgesonderd advertensies met betrekking tot liefdadigheids-, godsdienstige, kulturele, opvoedkundige, sport-, politieke, kuns- of burgerlike funksies of vergaderings, mag op enige wyse vertoon of versprei word nie.
- 2.2 Die vertoning van advertensies vir uitsluitlik kommersiële reklame word nie toegelaat nie, met dien verstande dat enige plakkaat wat deur 'n persoon opgerig of vertoon word vir 'n kommersiële voordeel wat met 'n sport, die kunste of 'n kulturele geleentheid verband hou, toegelaat mag word, ondanks die feit dat die plakkaat uitsluitlik vir kommersiële reklame vertoon word.
- 2.3 'n Advertensie moet op so 'n wyse aangebring word dat dit nie heeltemal of gedeeltelik deur wind of reën losgewikkel sal word nie, en moet aangebring word op 'n netjiese en sterk bord van hout of ander geskikte materiaal wat deur die munisipaliteit goedgekeur is, en sodanige bord of ander materiaal en die advertensie self sal nie groter as 0,9 m by 0,6 m wees nie.
- 2.4 'n Bord of materiaal soos bepaal in artikel 2.3 sal nie geplaas word op of teen of geheg wees aan of andersins ondersteun word deur enige transformatorbak, telegraafpaal, verkeerslig of -teken of ander struktuur of ding wat deur die Munisipaliteit of die provinsiale of nasionale regering opgerig is nie, of op of teen enige ander mure, heinings, bome, rotse of ander natuurlike kenmerke nie, behalwe op of teen 'n elektriese paal in 'n straat.
- 2.5 'n Bord of materiaal, soos bepaal in artikel 2.3, moet stewig aangebring word met draad van hoogstens 8 en nie minder nie as 10 standaard draadmaat, sterk tou of plastiese hegstuk.
- 2.6 Geen bord of materiaal mag in so 'n posisie geplaas of op so 'n wyse aangebring word dat dit na die mening van die Munisipaliteit waarskynlik 'n gevaar vir enige voertuigverkeer of voetganger in 'n straat inhou nie.
- 2.7 Advertensies mag nie binne 10 m van enige padverkeersteken, verkeersteken of kruising vertoon word nie.
- 2.8 Slegs een advertensie per funksie, of geleentheid, per liggaam of politieke party mag op enige enkele paal vertoon word.
- 2.9 Die naam van die gasheerorganisasie, die datum van die funksie en die lokaal moet op die advertensies verskyn.



- 2.10 Geen advertensie met betrekking tot 'n vergadering, funksie of geleentheid buiten 'n verkiesing mag langer as 14 dae voor die dag waarop dit begin of langer as drie dae na die dag waarop dit eindig, vertoon word nie.
- 2.11 Verkiesingsadvertensies mag vertoon word vanaf die datum waarop 'n verkiesing aangekondig word, met dien verstande dat geen advertensie langer as sestig dae voor die dag waarop die eerste stemdag van die verkiesing begin, vertoon moet word nie, en moet nie later nie as sewe dae na die dag waarop die verkiesing eindig, verwyder word.
- 2.12 Die maksimum aantal advertensies wat te eniger tyd ten opsigte van 'n vergadering, funksie, geleentheid of verkiesing vertoon word, sal deur die Munisipaliteit bepaal word.
- 2.13 Die Munisipaliteit sal self die advertensies verwyder wat nie binne die gespesifiseerde tydperk verwyder is nie, en die persoon wat sodanige advertensie vertoon het of dit laat vertoon het, sal aanspreeklik wees om vir sodanige verwydering aan die Munisipaliteit 'n bedrag terug te betaal wat aangedui word in die Munisipale Tariefbylae, soos van tyd tot tyd gewysig, en wanneer 'n aansoeker aansoek om goedkeuring doen, sal 'n onderneming vir hierdie doeleindes onderteken word.

### **3. VERBODE TEKENS**

- 3.1 Die volgende tekens mag nie vertoon word nie:
  - 3.1.1 Enige teken wat na die mening van die Munisipaliteit van 'n onbetaamlike, onweloweglike, afstootlike, afskuwelike of afkeurenswaardige karakter of inhoud is, of van 'n aard met die strekking om 'n nadelige of lasterlike effek op die publiek of enige persoon te hê, of op sodanige plek of sodanige wyse of by sodanige metode vertoon word dat dit die aantreklikheid van enige eiendom of buurt beïnvloed of moontlik kan beïnvloed, of dit ontsier of moontlik kan ontsier.
  - 3.1.2 Enige teken, insluitend die naam of nommer van die perseel in die straat waar sodanige teken voorkom, wat direk op rotse, bome, heuwels of ander natuurlike kenmerke geveerf is, en enige teken wat na die mening van die Munisipaliteit nadelig vir die omgewing is of moontlik nadelig kan wees uit hoofde van die grootte, vorm, kleur, tekstuur, intensiteit van verligting, gehalte van ontwerp of materiaal of enige ander rede waarvoor daar in hierdie verordening of enige ander wetgewing voorsiening gemaak word.
  - 3.1.3 Enige teken wat enige branduitgang of enige venster of deur of ander opening wat as uitgang, of vir ventilasie, of vir brandbestryding gebruik word, versper of wat vrye deurgang van een deel van 'n dak na die ander verhoed.
  - 3.1.4 Enige teken wat 'n teken in besit van 'n ander persoon wat voorheen opgerig en regmatig vertoon is, op 'n onredelike wyse heeltemal of gedeeltelik verberg.
  - 3.1.5 Enige selfaangedrewe voertuig, sleepwa of ander tuig wat advertensies vir die uitsluitlike doel van reklame dra, buiten advertensiesleepwaens en selfaangedrewe advertensievoertuie wat in die geval van spesiale geleenthede deur die Munisipaliteit goedgekeur is.

### **4. AANSOEK- EN APPÈLPROSEDURES**

#### **4.1 Vergunning benodig**

- 4.2.1 Geen persoon mag, behalwe soos andersins in hierdie verordening bepaal, enige teken sonder die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit en teen betaling van gelde soos bepaal deur die Munisipaliteit, buite oprig of vertoon of veroorsaak of toelaat dat dit opgerig of vertoon word nie, met dien verstande dat geen sodanige goedkeuring of gelde vereis word ten opsigte van die volgende nie:

- (1) 'n teken wat kleiner as 0,75 m<sup>2</sup> is op sake-, kommersiële, industriële of gemeenskapsfasiliteite se persele wat 'n vloeroppervlak van hoogstens 100 m<sup>2</sup> het;



- (2) 'n teken wat kleiner as 1,5 m<sup>2</sup> is op sake-, kommersiële, industriële of gemeenskapsfasiliteite se persele wat 'n vloeroppervlak groter as 100 m<sup>2</sup> het;
- (3) 'n teken op residensiële persele wat kleiner as 0,12 m<sup>2</sup> is; en welke teken voldoen aan die relevante parameters wat in hierdie verordening bepaal word;
- (4) reklametekens op voertuie, sleepwaens of ander tuie waar sodanige tekens nie vir die primêre doel van die vertoning van reklametekens gebruik word nie.

## **4.2 Aansoek om vergunning**

- 4.2.1 'n Persoon wat beoog om 'n teken, soos meer breedvoerig in Bylae A uiteengesit, op te rig, te verander of te vertoon en waarvoor die goedkeuring van die Munisipaliteit vereis word, moet by die Munisipaliteit op die voorgeskrewe vorm aansoek doen, vergesel van bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgelde.
- 4.2.2 Die volgende besonderhede moet die aansoek bedoel in artikel 4.2.1 vergesel:
- (1) Volledige spesifikasies wat die volgende aandui: die afmetings en ontwerp van sodanige teken, die ligging of beoogde ligging daarvan op 'n gebou of ander ondersteunende struktuur, die konstruksiemateriaal, die naam en adres van die kontrakteur wat die teken oprig en, waar toepaslik, die aantal elektriese ligte en elektriese besonderhede wat daarmee verband hou;
  - (2) 'n Plan wat die posisie van sodanige teken op die perseel aandui, gedetailleerde tekening wat op 'n toepaslike skaal geskets is, vergesel van die voorgeskrewe gelde; en
  - (3) In die geval van uitsteektekens of vrystaande tekens, inligting met betrekking tot die grootte van alle dele van die ondersteunende raamwerke en ankerpunte en, indien vereis deur die Munisipaliteit, alle berekeninge waarop sodanige grootte gegrond is.
- 4.2.3 Die Munisipaliteit mag enige aansoek weier of 'n aansoek toestaan, onderworpe aan sodanige voorwaardes wat dit nodig mag ag.
- 4.2.4 'n Aansoek vir die oprigting van plakkate, kennisgewings en baniere op sypaadjies op munisipale eiendom moet aan die prosedures soos bedoel in Bylae A van hierdie verordening voldoen.
- 4.2.5 Indien die Munisipaliteit 'n aansoek weier, terugtrek of voorwaardelik toestaan, mag die aansoeker teen sodanige besluit appèl aanteken, soos bepaal in artikel 4.4.

## **4.3 Afwykings**

- 4.3.1 'n Aansoek om 'n afwyking van die bepalings van hierdie verordening moet ooreenkomstig artikel 4.2 ingedien word, vergesel van 'n motivering en enige voorgeskrewe gelde vir die oorweging van afwykings van bepalings.
- 4.3.2 Dit mag, indien nodig geag, van 'n aansoeker vereis word om 'n Omgewingsimpakbepaling in te dien, met spesifieke klem op die visuele impak van die beoogde afwyking.

## **4.4 Appèlle teen aansoeke om vergunning**

'n Appèl teen 'n besluit van die Munisipaliteit wat ingevolge hierdie verordening geneem is, moet ingedien word ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) deur skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit aan die Munisipale Bestuurder te gee.

## **5. TEGNIESE VEREISTES VIR TEKENS**

### **5.1 Veiligheid en konstruksie van tekens**

- 5.1.1 Geen advertensie of reklamestruktuur, soos toegelaat ingevolge hierdie verordening, mag:

- (1) vertoon of geplaas word op 'n wyse wat 'n gevaar vir enige persoon of eiendom inhou nie;

- (2) so geplaas word of 'n element bevat wat die aandag van bestuurders aftrek op 'n wyse wat moontlik aanleiding tot onveilige bestuurstoestande sal gee nie;
- (3) verlig word in so 'n mate dat dit vir aankomende voetgangers of bestuurders ongemak veroorsaak of hulle sig belemmer nie;
- (4) geheg wees aan 'n padverkeersteken of -sein nie, gekombineer wees met 'n padverkeersteken of -sein nie, tensy daar uitdruklik in die Suid-Afrikaanse Handleiding vir Padverkeerstekens voorsiening voor gemaak word, 'n padverkeersteken of -sein verberg nie, verwarring met 'n padverkeersteken of -sein skep nie, inmeng met die funksionering van 'n padverkeersteken of -sein nie, of na die mening van die betrokke padowerheid 'n padveiligheidsgevaar skep nie;
- (5) die uitsig van voetgangers, 'n pad en kenmerke van die pad of 'n sypaadjie, soos aansluitings, draaie en veranderinge in breedte, belemmer nie;
- (6) die minimum vryruimte ten opsigte van oorhoofse kraglyne oorskry nie, soos bepaal in regulasie 15 van die Regulasies oor Elektriese Masjinerie, No. R1593 in Staatskoerant 11458 van 12 Augustus 1988; en
- (7) in 'n kraglynserwituut opgerig word sonder die toestemming van die beherende owerheid nie, en 'n afskrif van sodanige toestemming moet aan die Munisipaliteit beskikbaar gestel word.

5.1.2 Tekens of advertensies wat langs paaie geposisioneer is en spesifiek padgebruikers teiken, moet bondig en leesbaar wees en aan die volgende vereistes voldoen:

- (1) Geen teken wat een advertensie of boodskap vertoon, mag 15 "brokkies" inligting oorskry nie.
- (2) Geen kombinasieteken of enige ander teken wat meer as een advertensie of boodskap vertoon, mag meer as ses "brokkies" inligting per onderneming, diens of eiendom of per individuele advertensie of boodskap wat op 'n kombinasieteken vertoon word, bevat nie.
- (3) "Brokkie"-waardes sal soos volg bereken word:
  - a. Woorde van tot 8 letters, inklusief: 1 brokkie
  - b. Nommers van tot 4 syfers, inklusief: 0,5 brokkie
  - c. Nommers met 5-8 syfers: 1 brokkie
  - d. Simbool, logo of afkorting: 0,5 brokkie

5.1.3 Enige teken wat ingevolge hierdie verordening toegelaat word, moet:

- (1) netjies en behoorlik gebou en uitgevoer word, en op 'n vakkundige wyse afgewerk wees;
- (2) bestaan uit duursame materiaal in ooreenstemming met die funksie, aard en permanensie van die advertensie, teken of struktuur, en materiaal soos kledingstof, seil, karton, papier of sintetiese karton mag slegs gebruik word wanneer dit noodsaaklik is weens die aard en funksie van 'n teken;
- (3) 'n netjiese voorkoms ten opsigte van die advertensie se inhoud en letterskilderwerk hê;
- (4) sterk en stewig op 'n veilige manier vasgeheg, ondersteun of geanker wees sodat ongewenste beweging in enige rigting verhoed word;
- (5) in staat wees om minstens twee keer die gewig daarvan doeltreffend te beveilig, ondersteun en onderhou wanneer enige kragte waaraan die teken onderwerp word, insluitend winddruk, daarop toegepas word;
- (6) wanneer nodig weens die aard van die teken en wanneer dit aan steenwerk, messelwerk of beton geheg is, veilig en effektief daaraan geheg wees deur middel van boue wat stewig in sodanige steenwerk, messelwerk of beton vasgemaak is of wat daardeur dring en aan die teenoorgestelde kant vasgemaak is;

- (7) wanneer dit aan bewarenswaardige geboue geheg is, met die nodige deskundige advies geheg wees om skade aan sodanige geboue te verhoed;
- 5.1.4 Glas wat in tekens gebruik word (buiten glasbuis wat in neon- en soortgelyke tekens gebruik word) moet veiligheidsglas wees wat minstens 6 mm dik is, en glaspaneel wat in tekens gebruik word, mag nie 0,900 m<sup>2</sup> in oppervlak oorskry nie, met elke paneel wat stewig en onafhanklik van alle ander paneel in die hoofdeel van die teken, struktuur of toestel geheg is.
- 5.1.5 Elke verligte teken en elke teken waarin elektrisiteit gebruik word, moet in ooreenstemming met die vereistes van die Munisipaliteit of ander elektrisiteitsreguleerder gebruik word en moet –
- (1) kragkabels en geleidingsbuis hê wat elektriese geleiers bevat en so geplaas en vasgeheg is dat dit nie onooglik is nie;
  - (2) gebou wees van materiaal wat nie ontvlambaar is nie;
  - (3) voorsien wees van 'n eksterne skakelaar in 'n toeganklike posisie waar die kragtoevoer na die teken afgeskakel kan word; en
  - (4) behoorlik bedraad en gebou wees.
- 5.1.6 Alle tekens moet aan die betrokke bepalinge van die Nasionale Bouregulasies voldoen.

## 5.2 Instandhouding van tekens

- 5.2.1 Die eienaar van die eiendom waarop enige teken opgerig of vertoon word en die adverteerder sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die instandhouding van sodanige teken, tesame met al die steunstukke, dwarsstukke, ankertoue en ankers, en om dit struktureel asook esteties in 'n goeie en bewaarde toestand te hou.
- 5.2.2 Wanneer enige verandering aan die grondvlak langs enige teken aangebring word, sal sodanige eienaar en adverteerder gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die aanpassing van die hoogte van sodanige teken ten einde aan die volgende vereistes te voldoen:
- (1) Dit moet op 'n gereelde basis gediens word; en
  - (2) Dit moet in 'n goeie en veilige toestand gehou word ingevolge die hoogste standaard met betrekking tot die gehalte van struktuur, plasing en letterskilderwerk.
- 5.2.3 Indien enige teken gevaarlik of 'n oorlas word, moet die eienaar of adverteerder die bron van die gevaar of die oorlas onmiddellik verwyder, en versuim om dit te doen sal 'n misdryf uitmaak.
- 5.2.4 Indien 'n eienaar of adverteerder versuim om te voldoen aan die voorwaardes van 'n kennisgewing wat deur die Munisipaliteit uitgereik is om sodanige bron van gevaar of oorlas te verwyder, mag die Munisipaliteit die betrokke teken op die koste van die eienaar of die adverteerder verwyder, en geen vergoeding of skadevergoeding sal na aanleiding van sodanige verwydering deur die Munisipaliteit aan enige persoon betaalbaar wees nie.

## 5.3 Posisionering van tekens

Tensy daar andersins in hierdie verordening bepaal word, mag 'n teken wat ingevolge hierdie verordening toegelaat word:

- 5.3.1 nie op 'n verkeerseiland of -strook geposisioneer word nie, met die uitsondering van advertensies op straatname;
- 5.3.2 nie oor 'n pad gehang word nie, behalwe met die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit, en onderworpe aan enige voorwaardes wat deur die munisipaliteit opgelê word;
- 5.3.3 nie binne of oor 'n padreserwe opgerig word nie, behalwe tekens wat met padkonstruksiewerk verband hou;

- 5.3.4 nie opgerig word binne 'n gebied wat gevorm word deur 'n vierkant met sye wat 10 m gemeet word langs die randsteen van enige stedelike straathoek of binne die padreserwe vir 'n afstand van 25 m vanaf 'n stedelike straathoek nie, met die uitsondering van tekens wat aan geboue geheg is, en verligte tekens wat toegelaat word binne die gebied wat gevorm word deur 'n vierkant met sye wat 15 m gemeet word langs die randsteen vanaf enige onderskeie straathoek, mag nie die kleure rooi, groen of oranje bevat nie.

#### **5.4 Verligting**

- 5.4.1 In gebiede van sensitiwiteit moet afwaartsgerigte eksterne beligting gebruik word, en enige afwyking van hierdie bepaling sal aan goedkeuring van die Munisipaliteit onderworpe wees.
- 5.4.2 Die ligbron wat uit spreiligte straal mag nie enige oorlas vir verbygaande verkeer veroorsaak nie.
- 5.4.3 Spreibeligting moet so geposisioneer wees dat dit doeltreffende verspreiding verseker en die verkwisting van lig minimaliseer.
- 5.4.4 Geen verligte flikkertekens in die kleure rooi, oranje of groen mag binne 20 meter vanaf 'n verkeerslig opgerig word nie.

#### **5.5 Skade of ontsiering na verwydering van tekens**

Enige skade aan of ontsiering van enige gebou of perseel wat veroorsaak word deur of wat voortspruit uit die verwydering van enige teken, moet tot die bevrediging van die Munisipaliteit en op die eienaar se koste herstel word.

### **6. MISDRYWE EN STRAWWE**

#### **6.1 Misdrywe**

- 6.1.1 Enige persoon wat die bepalings van hierdie verordening oortree, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding onderworpe aan die straf wat in artikel 6.2 bepaal word.
- 6.1.2 Wanneer enige teken vertoon word waarvoor geen goedkeuring deur die Munisipaliteit verleen is nie of ten opsigte waarvan die goedkeuring verstryk het, of wat nie aan die bepalings van hierdie verordening voldoen nie, mag die Munisipaliteit by wyse van die betekening van 'n skriftelike kennisgewing aan die persoon wat sodanige teken vertoon of veroorsaak of toelaat dat sodanige teken vertoon word, of aan sodanige persoon en sodanige eienaar opdrag gee dat sodanige persoon of eienaar binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing gespesifiseer word, sodanige teken moet verwyder, herstel of wysig, of die wyse waarop, of plek waar of omstandighede waaronder dit vertoon word, te wysig, of te voldoen aan enige ander vereistes wat die Munisipaliteit nodig ag sodat die nie-nakoming gestaak kan word.
- 6.1.3 Indien 'n persoon of eienaar versuim om aan enige vereistes bedoel in artikel 6.1.2 te voldoen, mag die Munisipaliteit uitvoering daaraan gee, of enige teken waarna in sodanige kennisgewing verwys word, verwyder en konfiskeer, of enige goedkeuring ten opsigte van sodanige teken terugtrek en die koste van enige sodanige verwydering of enige sodanige handeling verhaal van enige persoon aan wie die betrokke kennisgewing beteken is, tensy sodanige persoon of eienaar tot die bevrediging van die munisipaliteit bewys:
- (1) dat hy nie die teken vertoon het nie; of
  - (2) dat hy nie 'n aktiewe rol in die vertoning van die teken gespeel het nie en nie aan enige persoon toestemming gegee het om dit te vertoon nie, en geen geldwaardige teenprestasie in verband met die vertoning daarvan ontvang het nie.
- 6.1.4 Geen vergoeding sal deur die Munisipaliteit aan enige persoon betaalbaar wees as gevolg van enige verwydering of ander werk ingevolge artikel 6.1.2 of 6.1.3 nie.

## **6.2 Strawwe**

Enige persoon wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om te voldoen aan 'n wettige opdrag wat deur 'n gemagtigde amptenaar van die Munisipaliteit uitgereik is, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding onderworpe aan 'n boete of gevangenisstraf of aan beide sodanige boete en gevangenisstraf, en in geval die misdryf voortduur, aan 'n verdere boete per dag vir elke dag wat die misdryf voortduur vanaf die datum waarop die opdrag uitgereik is.

## **6.3 Herroeping van verordening**

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die Munisipaliteit of enige van die afgestelde munisipaliteite wat nou by die Munisipaliteit geïnkorporeer is, uitgevaardig is, word hiermee herroep sover dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak is, en sover dit betrekking het op die Munisipaliteit deur die magtiging vir die uitvoering van bevoegdhede en funksies ingevolge artikel 84(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998).

## **7. KORT TITEL EN INWERKINGSTREDE**

Hierdie verordening sal bekend staan as die Matzikama Munisipaliteit: Verordening insake Buitereklame en Toerisme-advertensietekens en -aanwysings en in werking tree op die datum waarop dit in die Provinsiale Koerant afgekondig word.

**BYLAE A****Klas 1 Aanplakborde en ander hoë-impak, vrystaande tekens****Klas 1a Superaanplakborde**

Spesiale aansoek is nodig.

**Klas 1b Stellasië-aanplakborde**

Spesiale aansoek is nodig.

**Klas 1c Groot aanplakborde**

Spesiale aansoek is nodig.

**Klas 1d Medium aanplakborde**

Aanplakborde sal slegs toegelaat word op 'n tydelike basis wat nie ses maande oorskry nie, en mag slegs gebruik word om spesiale geleenthede van 'n burgerlike, kulturele, godsdienstige, sosiale, sport-, welsyn- of fondsinsameling-verwante aard te adverteer; sal 'n maksimum grootte van 12 m<sup>2</sup> hê, onderworpe aan goedkeuring van omgewingsimpak-bepaling vir tekens wat 12 m<sup>2</sup> in oppervlak oorskry; en mag slegs geleë wees in 'n posisie wat deur die Munisipaliteit goedgekeur word.

**Klas 2 Plakkate en algemene tekens**

Hierdie groot klas tekens bestaan uit ses permanente subklasse, agt tydelike subklasse en drie verdere spesiale tipe subklas tekens. Die permanente subklasse (2a tot 2f) word eers bespreek, gevolg deur die tydelike subklasse (2g (i) tot 2g (viii)) en dan die spesiale tipes.

**Klas 2a Produkreplikas en driedimensionele tekens**

Vergrote produkreplikas en 3D-tekens word nie toegelaat nie, behalwe waar dit na die mening van die Munisipaliteit 'n plaaslike kunshandwerkprodukt weerspieël.



**Klas 2b Straatpaaladvertensies**

Spesiale aansoek is nodig.

**Klas 2c Kommersiële tekens by opvoedkundige fasiliteite**


Spesiale aansoek is nodig. Enige struktuur van 'n teken moet nie hoër as 2,1 m en groter as 12 m<sup>2</sup> wees nie.

**Klas 2d Gespesialiseerde tekens vir parkeergebiede**

'n Spesiale aansoek is nodig en word beperk tot 'n maksimum van 12 m<sup>2</sup>.



### Klas 2e Straatmeubels en groot plakkate in voetgangersgebiede



Plakkaattekens en advertensies op straatmeubels mag nie groter as  $2,2 \text{ m}^2$  in oppervlak wees nie, op voorwaarde dat waar plakkaattekens of advertensies op straatmeubels in meer as een rigting punt, die totale oppervlak nie  $4,4 \text{ m}^2$  oorskry nie; mag nie 'n maksimum hoogte van 3 m oorskry nie; en spesiaal ontwerpte advertensies op straatmeubels van 'n hoë visuele gehalte mag gebruik word met die uitsluitlike doel om padkaarte en ander toeriste-inligting te vertoon, onderworpe aan vooraf goedkeuring van die Munisipaliteit.

### Klas 2f Baniere en vlae



- (1) Vyf baniere en vlae mag gebruik word om funksies en geleenthede vir godsdienstige, sosiale, welsyns-, sport-, burgerlike of kulturele doeleindes of vir die doeleindes van organisasies sonder winsbejag te adverteer; of funksies of geleenthede met betrekking tot munisipale, provinsiale of parlementêre verkiesings of referendums, en vir die straatverfraaiing van stedelike gebiede soos promenades en ingange.

- (2) Vlae en vlag-tipe baniere (vlag-tipe baniere geheg aan vlagpale of kruisstukke op vlagpale en vertikaal gehang) mag ook gebruik word om die naam, korporatiewe simbool en aard van 'n onderneming te vertoon.
- (3) Slegs liggingsgebonde baniere en vlae mag gebruik word om funksies, geleenthede, produsente te adverteer, behalwe waar dit by 'n projek vir straatverfraaiing geïnkorporeer is, of waar die toestemming van die Munisipaliteit andersins verkry is om nie-liggingsgebonde baniere op aangewese punte te plaas.
- (4) Baniere en vlae mag nie gebruik word om verkooppromosies of kommersiële projekte of geleenthede te adverteer nie, behalwe met die toestemming van die Munisipaliteit.
- (5) Geen banier, vlag, of vlag-tipe banier mag groter as 5 m<sup>2</sup> wees nie, en geen vlagpaal mag 'n relevante hoogtebeperking van die sonering van die perseel oorskry nie, tot 'n maksimum van 8 m bo die natuurlike grondvlak wat direk onder die paal gemeet is.
- (6) Baniere en vlae wat nie in 'n goeie toestand is nie, mag nie vertoon word nie en enige sodanige baniere en vlae moet ná skriftelike kennisgewing deur die Munisipaliteit verwyder word.

#### **Klas 2g Tydelike advertensies**

##### **Klas 2g (i) Advertensies op bouterreine**



Ontwikkelings- of verkoopborde sluit tekens in wat die tipe ontwikkeling beskryf wat op 'n eiendom uitgevoer word en verskaf besonderhede soos die tipe akkommodasie wat voorsien word, beskikbare vloer ruimte en die naam, adres en telefoonnommer van die ontwikkelaar of agent, op voorwaarde dat:


- (1) nie meer as twee tekens wat die tipe ontwikkeling beskryf, per eiendom toegelaat sal word nie;
- (2) tekens wat die tipe ontwikkeling beskryf, sal nie hoër as 3,0 m wees nie en sal nie 4,5 m<sup>2</sup> in grootte oorskry nie;
- (3) tekens wat die tipe ontwikkeling en ander toepaslike inligting beskryf, onderworpe aan goedkeuring deur die Munisipaliteit, kan op die eiendom bly nadat bouwerk

voltooi is vir 'n maksimum tydperk van ses maande na die datum van voltooiing, of tot die aanvanklike verkoop van alle eenhede of erwe, welke datum ook al die vroegste is;

- (4) nie-liggingsgebonde tekens word nie toegelaat nie.

**Klas 2g (ii)**

**Projekborde**



Kontrakteur- of konsultantborde bestaan uit tekens wat die betrokkenheid van kontrakteurs en konsultante by bouprojekte of verbouings aan bestaande strukture of fasiliteite beskryf, en:

- (1) mag binne padreserwes buiten snelweë geposisioneer word, maar slegs langsaan 'n ontwikkelingsterrein as daar nie voldoende ruimte op die terrein self beskikbaar is nie, onderworpe aan die Munisipaliteit se goedkeuring;
- (2) borde wat met padkonstruksie verband hou, mag in enige padreserwe, insluitend 'n snelweg, geposisioneer word;
- (3) sal slegs 'n beskrywing gee van die gebou of struktuur wat opgerig word of ander werk of aktiwiteite wat tydens die bou tydperk van die projek onderneem word, en die name van die kontrakteurs of konsultante wat by sodanige werk of aktiwiteite betrokke is;
- (4) mag die takke van die bedryf of die beroepe van die kontrakteurs of konsultante lys;
- (5) sal nie 1,5 m<sup>2</sup> per konsultant of kontrakteur oorskry nie, hetsy dit as deel van 'n gekombineerde projekbord of individueel vertoon word, al dan nie;
- (6) sal nie 9 m<sup>2</sup> in totaal oorskry as dit gekombineerde projekborde is nie;
- (7) geen individuele of enkele borde sal vertoon word as geen ander konsultante of kontrakteurs betrokke is nie of as 'n gekombineerde projekbord reeds opgerig is;
- (8) slegs een sodanige teken per kontrakteur of konsultant word per straatkant van 'n eiendom toegelaat;
- (9) kan slegs vertoon word tydens die bou tydperk op die eiendom.

### Klas 2g (iii) Tekens vir sportgebeure, feeste en uitstallings



Opblaasbare tekens word nie toegelaat nie, behalwe waar dit na die mening van die Munisipaliteit 'n plaaslike kunshandwerkprodukt weerspieël. 'n Spesiale aansoek word vir ander tekens benodig. Tekens word beperk tot 'n maksimum hoogte van 3 m.

### Klas 2g (iv) Eiendomsagente se borde en skouhuistekens

#### Eiendomsagente se borde



'n Teken sal bestaan uit 'n enkele bord wat nie groter as 0,27 m<sup>2</sup> vir 'n enkele residensiële eiendom is nie, maar twee duplikaatborde met 'n totale grootte van 2,3 m<sup>2</sup> kan vir ander tipes eiendom toegelaat word, met die Munisipaliteit se toestemming.

#### Skouhuistekens

1. Skouhuistekens kan sonder vooraf goedkeuring van die Munisipaliteit vanaf 12:00 Vrydae tot 12:00 Maandae opgerig word, asook op openbare vakansiedae direk voor en/of direk na 'n naweek, in welke geval dit na 12:00 op die dag voor die openbare vakansiedag opgerig kan word en teen nie later nie as 12:00 op die dag na die naweek of die openbare vakansiedag verwyder moet word.
2. Skouhuistekens mag op ander tye slegs met die vooraf skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit opgerig word.
3. Slegs een skouhuisteken mag per eiendom vertoon word, behalwe vir 'n hoekerf waar een teken op elke straatkant vertoon mag word, of waar sigbaarheid redelikerwys 'n teken aan elke kant van 'n straat vereis.
4. Skouhuistekens moet opgerig word op 'n wyse wat nie die normale beweging van voetgangers op sypaadjies belemmer nie.
5. Geen skouhuisteken mag op enige verkeerssirkel opgerig word nie.
6. Slegs een skouhuisteken per agentskap mag by enige kruising opgerig word om besoekers in een rigting aan te wys op een roete waarlangs die agentskap meer as een skouhuis mag hê. Waar dit nodig is om besoekers af van die roete na 'n bepaalde skouhuis aan te wys, mag 'n teken opgerig word om die roete na daardie skouhuis aan

te dui, asook 'n ander teken wat aandui dat daar nog skouhuis(e) verder langs die oorspronklike roete is.

7. Skouhuistekens mag slegs opgerig word op 'n eiendom wat op skou is met 'n gekwalifiseerde agent of geregistreerde skouhuissitter wat vir minstens twee uur oor die naweek teenwoordig is, of vir 'n ander behoorlik gemagtigde tydperk wat die skouhuistekens opgerig is.
8. Alle skouhuistekens mag nie groter as  $0,27 \text{ m}^2$  wees nie en moet aan rame of standers geheg wees. Geen ander items mag aan sulke tekens geheg word nie.
9. Hierdie tekens mag nie in die padreserwe of op verkeerseilande of -stroke vertoon word nie, behalwe met die spesifieke toestemming van die Munisipaliteit.
10. Vlagdoeke of baniervlae mag vertoon word by skouhuise in die tydperk wat die huise werklik op skou is.
11. In die geval van 'n residensiële ontwikkeling of woonstelblok, mag slegs een skouhuis-bord per agentskap buite die ontwikkeling of blok vertoon word.
12. Indien 'n skouhuis weens onvoorsiene omstandighede gekanselleer word, selfs op kort kennisgewing, moet die skouhuistekens verwyder word.

#### **Te-koop-tekens**

1. Slegs twee te-koop-tekens word per eiendom toegelaat, waarvan nie meer as een van 'n spesifieke eiendomsagentskap mag wees nie. In die geval van 'n hoekerf, mag elk van twee agentskappe 'n te-koop-teken aan die twee straatkante van die eiendom oprig.
2. Tekens moet aan rame of standers geheg wees en binne die grense van 'n eiendom opgerig word. Waar dit as gevolg van 'n grensmuur of heining nie moontlik is nie, moet die teken binne 0,5 m van die muur of heining of parallel daarmee geposisioneer word. In geskikte gevalle mag die bord aan 'n hek of muur of heining van die eiendom aangebring word.
3. Agentskappe en agente moet op 'n gereelde basis hul tekens inspekteer om toe te sien dat dit goed in stand gehou word en aan hierdie verordening voldoen.
4. Te-koop-tekens mag slegs op die betrokke eiendom opgerig word en mag nie gebruik word met pyle of soortgelyke aanwysers om kliënte te lei na 'n eiendom wat nie te koop is nie, behalwe in die geval van 'n pypsteelerf.
5. In die geval van 'n ingeslote residensiële ontwikkeling, mag slegs een te-koop-bord per agentskap buite sodanige ontwikkeling vertoon word.
6. Hierdie tekens moet by die betrokke gebou geplaas of daaraan vasgemaak word, of aan die grensheining van die betrokke perseel geheg word, of binne die grense van sodanige perseel, of waar dit vir die Munisipaliteit aanvaarbaar is, in die padreserwe binne 'n afstand van 0,5 m van die grens van die betrokke perseel vertoon word.
7. Alle te-koop-tekens moet nie groter as  $0,27 \text{ m}^2$  wees nie en moet aan 'n raam of staander geheg wees. Geen ander items mag aan sulke tekens geheg word nie.

### Verkooptekens

1. Verkooptekens mag op 'n eiendom opgerig word, onder dieselfde omstandighede van toepassing op te-koop-tekens, vir 'n tydperk van een maand na die transaksie.
2. Hierdie tekens moet by die betrokke gebou geplaas of daaraan vasgemaak word, of aan die grensheining van die betrokke perseel geheg word, of binne die grense van sodanige perseel, of waar dit vir die Munisipaliteit aanvaarbaar is, in die padreserwe binne 'n afstand van 0,5 m van die grens van die betrokke perseel vertoon word.

#### Klas 2g(v)

#### Tekens vir veilings



1. Alle borde waarop 'n veiling geadverteer word, mag slegs 14 dae voor sodanige veiling opgerig word, en moet een werkdag na afloop van sodanige veiling verwyder word.
2. Volgens die SAMOAC-dokument mag hoogstens twee aanwysingstekens slegs op die dag van die veiling opgerig word, beperk tot 'n maksimum grootte van 1,5 m<sup>2</sup> vir alle borde op die terrein.

#### Klas 2g(vi)

#### Verkiesingsplakkate en munisipale kennisgewings




#### Klas 2g(vii)

#### Voubiljette, strooibiljette en pamflette

Geen spesiale aansoek is nodig nie. Die Munisipaliteit behou die reg voor om die verspreiding van hierdie vorm reklame te beheer as dit 'n oorlas of rommelstrooiing veroorsaak.


#### Klas 2g(viii)

#### Tydlike venstertekens



Geen spesiale aansoek is nodig nie. Beledigende tekens word verbied.



**Klas 2h Straatnaam-advertensies**

'n Spesiale aansoek is nodig ten einde aan regulasie 290 van die Wet op Nasionale Padverkeer te voldoen. Die volgende spesifikasies is van toepassing:

- (1) Die maksimum grootte van die advertensie is  $1 \text{ m}^2$
- (2) Die minimum hoogte van die advertensie is 2,1 m
- (3) Die maksimum hoogte van die advertensie is 3,5 m
- (4) Nie-verligting is van toepassing, slegs ligte wat afwaarts skyn

**Klas 2i Voorstedelike advertensies**

Spesiale aansoek is nodig.

**Klas 2j Sekuriteitstekens**

Tekens sal nie groter as  $0,35 \text{ m}^2$  in oppervlak wees nie, asook nie hoër as 3 m bo grondvlak nie, met die uitsondering van plaaswagtekens wat nie groter as  $1,5 \text{ m}^2$  sal wees nie.

### Klas 3 Tekens op geboue, strukture en persele

#### Klas 3a Lugtekens



Nie toegelaat nie.

#### Klas 3b Daktekens



Nie toegelaat nie.


#### Klas 3c Muurtekens



- (1) Plat en geverfde muurtekens wat geheg word aan enige eksterne of hoofmuur van 'n gebou wat vir kommersiële kantoor-, industriële of vermaakdoeleindes gebruik word, uitgesonderd 'n borsweringmuur, balustrade of reling van 'n veranda of balkon van so 'n gebou, sal:
  - a. nie 15% oorskry van 'n spesifieke fasade van die grondvloer van die onderneming waarop dit betrekking het nie;
  - b. nie 20% van 'n spesifieke fasade van die winkelsentrum oorskry nie (uitgesonderd kantoorvlakke).
- (2) In die geval van enige plat of geverfde teken wat 12 m<sup>2</sup> in oppervlak oorskry, sal 'n Omgewingsimpakbepaling vereis word.




### Klas 3d Tekens en muurskilderye wat op mure en dakke gevef word



Tekens wat op die fasade of dak van 'n gebou gevef word, sal nie 20% van die oppervlak van die muur of dak oorskry nie. Die 20%-grootte waarna hier verwys word, sluit die agtergrond of 'raam' in van die teken waarin die inligting van die teken gevef word. Die maksimum grootte is 12 m<sup>2</sup>.

### Klas 3e Reklame op torings, brûe en maste



Tekens wat geheg word aan of gevef word op torings en brûe wat nie hoofsaaklik vir reklamedoeleindes gebruik word nie, insluitend tekens op sellulêre telefoon-basisstasie-torings, watertorings, radiotorings en soortgelyke strukture, en tekens geheg aan maste word nie toegelaat nie, tensy dit deur die Munisipaliteit goedgekeur word om spesifieke geleenthede van 'n burgerlike, kulturele, godsdienstige, sosiale, sport- of welsynsverwante aard te adverteer.

### Klas 3f Besigheidstekens op die perseel in stedelike gebiede



- (1) Vrystaande “besigheidstekens op die perseel” kan toegelaat word waar ’n gebou, behuising of ’n onderneming so geleë is dat enige sodanige tekens wat aan sodanige gebou geheg word, nie sigbaar is vanaf die pad- of straatkant nie, of waar dit nie struktureel moontlik of visueel haalbaar is om geskikte tekens aan so ’n gebou te heg nie, of waar sodanige teken nodig is om die ingang na die sakeperseel of die privaat toegangspad na ’n besigheid te vind, of waar ’n vrystaande kombinasie die vermenigvuldiging van tekens kan verhoed.
- (2) Subartikel (1) is nie van toepassing op kleinsake op stedelike residensiële terreine of in geboue wat oorspronklik vir residensiële of gemeenskaplike doeleindes gebou is nie;
- (3) Slegs een teken of reklamepaneel op ’n kombinasieteken word per onderneming toegelaat, op voorwaarde dat as daar meer as een toegang tot ’n perseel aan verskillende straatkante is, kan twee tekens of reklamepanele per onderneming toegelaat word, elkeen aan ’n verskillende straatkant;

- (4) 'n Maksimum oppervlak van  $4,5 \text{ m}^2$  vir 'n teken word toegelaat, op voorwaarde dat waar 'n teken aan 'n nie-reklamestruktuur soos 'n grensmuur of hekstruktuur geheg is, mag dit nie meer as 50% van die struktuur waaraan dit geheg is, in beslag neem nie, en 'n maksimum hoogte van 4 m sal van toepassing wees;
- (5) In die geval van ingewikkelde en soliede reklamestrukture word 'n maksimum oppervlak van  $9 \text{ m}^2$  per teken toegelaat, met inbegrip van die ondersteunende struktuur, op voorwaarde dat die paneel self of letterwerk nie meer as 50% van die totale oppervlak van die teken mag beslaan nie, en 'n maksimum hoogte van 6 m sal van toepassing wees.
- (6) Waar 'n teken in 'n kombinasieteken geïnkorporeer is, sal 'n maksimum oppervlak van  $3 \text{ m}^2$  per reklamepaneel van toepassing wees.

### Klas 3g Uitsteektekens



Uitsteektekens sal 'n maksimum grootte en afmeting van  $1,2 \text{ m}^2$  hê, met 'n maksimum horisontale afmeting van 1,0 m en 'n maksimum vertikale afmeting van 1,5 m, en slegs een sodanige teken sal per fasade van 'n onderneming toegelaat word.

### Klas 3h Tekens op verandas, balkonne, sondakke en onder weerskerms



- (1) Tekens op balkonne sal nie bo die laer rand van enige sigbare venster op die tweede verdieping vertoon word nie;
- (2) Advertensies op sondakke sal, na die mening van die Munisipaliteit, 'n integrale deel vorm van die sondak of blinding, sonder om die struktuur van die sondak of blinding te domineer;
- (3) Tekens op verandas se relings, ondersteunende kolomme, pilare of stutte sal nie toegelaat word nie.

### Klas 3i Venstertekens



Die grootte van 'n permanente vensterteken word beperk tot 25% van die totale vensteroppervlak op die grondvloer. Alle elektroniese tekens groter as 1 m<sup>2</sup> sal aan 'n strategiese impakbepaling (SEA) onderworpe wees.

### Klas 3j Advertensies op voorpleine van sakepersele



Die totale toegelate oppervlak vir alle vrystaande advertensies op 'n voorplein sal nie groter as 5 m<sup>2</sup> aan elke front na die voorplein van 'n perseel wees nie, d.w.s. 'n gebou met twee fronte op 'n voorplein sal advertensies van hoogstens 10 m<sup>2</sup> in totaal hê, op voorwaarde dat die teken op elke front nie groter as 5 m<sup>2</sup> sal wees nie.

### Klas 3k Diverse tekens vir stedelike residensieel-georiënteerde grondgebruik en gemeenskapsdienste



Hierdie tekens mag in stedelike residensieële gebiede, by gemeenskapsdienste en op kleinhoewes gebruik word, en sulke tekens hou verband met:

- (1) Identifisering, aanwysing en waarskuwing met betrekking tot die woning (bv. straatnummers en huisname, woonstelkomplekse, plase en kleinhoewe, en kennisgewings of tekens soos "Pasop vir die hond" en "Geen toegang nie") en sodanige tekens mag nie 'n totale oppervlak van 0,25 m<sup>2</sup> per perseel oorskry nie, met 'n maksimum lettergrootte van 350 mm, op voorwaarde dat as daar meer as een toegang na die eiendom is (d.w.s. een elk aan verskillende straatkante), 'n totale oppervlak van 0,5 m<sup>2</sup> vertoon mag word (met nie meer as 0,25 m<sup>2</sup> per kant nie);

- (2) Kleinsake, ondernemings en praktyke op stedelike residensiële eiendomme (insluitend kleinhoewes) of in geboue wat oorspronklik vir residensiële doeleindes of vir gemeenskapsdienste gebou en gebruik is (d.w.s. residensiële gebied waar kantoor- en kommersiële oorskryding plaasgevind het), en kleinskaalse stedelike en landelike verblyfgeriewe met 'n residensiële en buurtkarakter soos gastehuse, B&B-ondernemings, losieshuise en kleiner hotelle:
- 2.1 Tekens wat die naam en aard van die besigheid, praktyk of onderneming en/of die naam/name van die eienaar, praktisyn of vennote bevat, word toegelaat;
  - 2.2 Een teken met 'n maksimum oppervlak van 0,75 m<sup>2</sup> per perseel word toegelaat;
  - 2.3 As daar meer as een toegang na die eiendom is (d.w.s. een elk aan verskillende straatkante), mag twee advertensies met 'n maksimum oppervlak van 0,75 m<sup>2</sup> elk vertoon word (elk aan 'n verskillende kant);
  - 2.4 Waar 'n meer ingewikkelde en soliede ondersteunende struktuur voorsien is, kan die maksimum oppervlak per teken, insluitend die ondersteunende struktuur, na 1,5 m<sup>2</sup> vergroot word, op voorwaarde dat die paneel of letterwerk nie meer as 50% van die totale oppervlak van die teken sal beslaan nie;
- (3) Gemeenskapsdienste en instansies soos godsdienstige, opvoedkundige, kulturele, ontspannings- en sekere mediese en soortgelyke instansies:
- 3.1 Sodanige tekens mag die naam en aard van die instansie, die naam/name van
    - (a) praktisyn(s) en die aard en omvang van die diens, kantoorure, en dies meer bevat;
    - (b) ander inligting soos deur die Munisipaliteit bepaal mag word.
  - 3.2 Behoudens die volume inligting wat vertoon moet word, mag 'n teken wat nie groter as 3 m<sup>2</sup> is nie, per eiendom toegelaat word;
  - 3.3 As daar meer as een ingang na die eiendom aan verskillende kante is (d.w.s. een elk per straatkant), mag twee tekens met 'n maksimum oppervlak van 3 m<sup>2</sup> elk vertoon word, elk aan 'n verskillende kant;
  - 3.4 Waar 'n meer ingewikkelde en soliede ondersteunende struktuur deel van die teken vorm, kan die totale oppervlak van die teken na 6 m<sup>2</sup> vergroot word, op voorwaarde dat die paneel self of letterwerk nie meer as 50% van die totale oppervlak van die teken sal beslaan nie;
  - 3.5 In gevalle waar meer as een instansie of gemeenskapsfasiliteit dieselfde eiendom deel, sal 'n kombinasieteken of gesamentlike bord opgerig word wat vir nie meer as 2 m<sup>2</sup> per instansie of gemeenskapsfasiliteit voorsiening maak nie.



**Klas 3l Tekens vir landboukundige en verwante grondgebruik in landelike en natuurgebiede**



- (1) Hierdie tekens moet langs die ingang van die toegangspad na die plaaswerf vertoon word of moet aan die hek by die ingang na sodanige toegangspad geheg word;
- (2) In die geval van meer as een plaas/kleinhoewe wat 'n ongenommerde of privaat toegangspad deel, mag 'n gesamentlike tekenbord of kombinasieteken by die ingang na die toegangspad geposisioneer word of, waar toepaslik, mag 'n kleiner teken wat slegs die betrokke eiendomnommers aandui, vertoon word;
- (3) Indien enige amptelike verkeerstekens met 'n bestemming of roetenommer by die ingang na sodanige toegangspad vertoon word, sal geen tekens met die naam van 'n plaas of kleinhoewe toegelaat word nie;
- (4) 'n Standaard naambord vir spesifieke kleinhoewes mag deur die Munisipaliteit voorgeskryf word.
- (5) In gevalle waar meer as een plaas of kleinhoewe dieselfde ongenommerde of privaat toegangsroete deel, of meer as een onderneming dieselfde eiendom deel, moet 'n kombinasieteken of gesamentlike bord opgerig word wat vir nie meer as 0,5 m<sup>2</sup> per plaas, kleinhoewe of onderneming voorsiening maak nie.
- (6) Die maksimum grootte van hierdie tekens mag nie 9 m<sup>2</sup> oorskry nie.

**Klas 3m Tekens wat by die materiaal van 'n gebou geïnkorporeer is**



Hierdie tekens moet as muur- of daktekens hanteer word.

**Algemeen: 'n Verskeidenheid tekens wat in voorkoms en karakter verskil, mag in hierdie klas gebruik word.**

- (1) Vrystaande tekens sal slegs toegelaat word wanneer dit nie prakties of visueel aanvaarbaar is om 'n teken aan 'n gebou, grensmuur, grensheining, hek of hekstruktuur te heg nie, en die hoogste punt van enige enkele vrystaande teken sal nie 4 m bo die natuurlike grondvlak, wat direk onder enige deel van die teken gemeet word, oorskry nie;
- (2) Alle tekens in hierdie klas sal slegs toegelaat word op die eiendom waarna dit spesifiek verwys of op die grensmuur of -heining of hek van sodanige perseel;
- (3) Die Munisipaliteit mag, op die eenaar se koste, enige voertuig, sleepwa of ander tuig of voorwerp wat nie 'n gemagtigde reklamestruktuur is nie en wat na die mening van die Munisipaliteit hoofsaaklik vir die doel van reklame (Klas 5) geparkeer, geposisioneer of andersins gebruik word, tensy andersins deur die Munisipaliteit goedgekeur, skut of konfiskeer, en die Munisipaliteit mag voorwaardes neerlê, insluitend gelde, vir die vrystelling van sodanige ongemagtigde voertuig, sleepwa of ander tuig of voorwerp;
- (4) Enige teken van 'n tipe waarvoor daar nie in hierdie verordening voorsiening gemaak word nie, is onderworpe aan die indiening van 'n aansoekvorm vir 'n afwyking ingevolge artikel 4.3.

#### Klas 4 Tekens vir die toeris en reisiger

##### Klas 4a Tekens vir diensfasiliteite



- (1) Hierdie tekens mag nie hoër as 7,5 m in hoogte en 2,0 m in breedte wees nie, en 'n maksimum van agt reklamepanele mag per kombinasieteken toegelaat word, met slegs een onderneming of diens wat per paneel toegelaat word;
- (2) 'n Reklamepaneel mag nie groter as 4,5 m<sup>2</sup> in oppervlak wees nie en slegs een kombinasieteken mag op die perseel van 'n vulstasie of paddiensstasie opgerig word;
- (3) Beligting mag toegelaat word, maar slegs as die besigheid 'n 24-uur diens lewer;
- (4) Fasiliteite met beperkte na-uurse dienste mag toegelaat word om slegs gedurende besigheidsure advertensies te belig.



**Klas 4b Geborgde padverkeersprojekte**

Spesiale aansoek is nodig.

**Klas 4c Toerisme-aanwysingstekens**

- (1) Toerismetekens wat deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse Padverkeerstekenstelsel en wat aanvullend tot aanwysingstekens voorsien word, moet aan die bepalings van die SA Handleiding vir Padvervoertekens voldoen;
- (2) Tekens moet aan SADC-RTSM voldoen, soos van tyd tot tyd gewysig.

**Klas 4d Tekens vir nutsmaatskappye en soortgelyke diensverskaffers**

'n Aansoek is nodig en word na die uitsluitlike goeddunke van die Munisipaliteit goedgekeur, en mag 'n OIB/SEA vereis as die tekens 'n nadelige uitwerking op die omgewing het.

**Klas 4e Toerismetekens op die terrein**



Spesiale aansoeke kan oorweeg word.

**Klas 4f Poorttekens**



Poortgebiede soos in die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk gespesifiseer. Toerismetekens op die perseel sal ingesluit wees.

**Klas 5 Mobiele tekens**

**Klas 5a Reklamesleepwaens en selfaangedrewe reklamevoertuie**



Beperk tot spesiale geleenthede wat deur die Munisipaliteit goedgekeur word.

**Klas 5b Lugtekens**

Beperk tot spesiale geleenthede wat deur die Munisipaliteit goedgekeur word.

**Klas 5c Voertuigreklame**


Die gebruik van voertuie vir die uitsluitlike doel van reklame, word nie toegelaat nie.

**Klas 5d Lopende reklameborde en ander draagbare kennisgewings**

- (1) Word slegs in winkelsentrums en by geleenthede en uitstillings toegelaat.
- (2) Word nie op munisipale sypaadjies toegelaat nie, behalwe waar plaaslike toerisme bevorder word.

**Klas 6 Unieke tipe tekens****Klas 6a Reklame met behulp van strale en reklame wat soortgelyke bronne van verligting gebruik**

OIB en SOB is nodig.

**Klas 6b Tekens wat op klippe op heuwels gevef word**

OIB en SOB is nodig.

**MATZIKAMA MUNICIPALITY**  
**UTILISATION OF COMMONAGE LAND BY EMERGING**  
**FARMERS BY-LAW**

**1. INTRODUCTION / PURPOSE**

This by-law is applicable to the proclaimed jurisdiction of the Matzikama Municipality and provides for the utilisation and management of commonage land made available to emerging farmers by the Municipality, as well as the control of animals on such commonage land.

**2. DEFINITIONS**

“**Act**” means the Animal Identification Act, 2002 (Act 6 of 2002);

“**agriculture**” means the cultivation of land for the purpose of growing crops for own use and/or for financial gain;

“**commonage land**” means the portion of the municipal property earmarked by the Municipality for animal grazing, stock-farming, agriculture and any other approved agricultural activities by emerging farmers;

“**emerging farmer**” means previously disadvantaged black (Brown, African and Indian) residents of the Matzikama municipal area of jurisdiction who either have no land or insufficient land for the grazing of their animals or the cultivation of agricultural products;

“**emerging farmers’ association**” means a legal entity with its own constitution and whose members consist of emerging farmers and is recognised as such by the Municipality;

“**grazing area**” means the portion of commonage land that is earmarked for the purpose of grazing by large and small stock;

“**grazing camp**” means the portion of a grazing area that is demarcated and fenced off for grazing by large and small stock;

“**land user**” means any small farmers’ association or emerging farmers’ association with whom the Municipality has agreed in writing to be engaged in the control or management of commonage land and includes an authorised person from such association;

“**large stock**” means cattle, horses, mules and donkeys and includes any other species which the Minister by notice in the Provincial Gazette declares as large stock for the purposes of the Act;

“**mark**” means any mark registered in terms of section 5(2) of the Act and placed on any animal for any purpose, including any representation of a mark intended to be placed on animals, as the circumstances may require, but excludes the following:

- (1) a mark made or placed on the horn or hoof of an animal;
- (2) a mark made with paint on any animal;
- (3) a clasp, rivet or tag attached to the ear, or any mark made on such clasp, rivet or tag; or
- (4) a notch or hole on the ear of an animal;

“**municipality**” means the Matzikama Municipality, established in terms of Section 12 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) and includes any political structures, political office-bearers, duly authorised agent or any employee acting in terms of this by-law by virtue of a power vested in the Municipality and delegated or subdelegated to such political structure, office-bearer, agent or employee;

“**person**” means a natural or legal person;

“**prescribed**” means prescribed by the Municipality;

“**resident**” means a person who is a registered voter on the Matzikama municipal voters’ roll or who has a Matzikama municipal service account in his or her name;

“**small farmers’ association**” means a legal entity with its own constitution and which consists of emerging farmers and is recognised as such by the Municipality;

“**small stock**” means sheep, pigs and goats and includes any other species which the Minister by notice in the Provincial Gazette declares as small stock for the purposes of the Act.

### **3. THE LEASING OF COMMONAGE LAND**

- (1) Where possible and where the need exists, commonage land belonging to the Municipality is made available to emerging farmers so that they can keep stock and farm in order create a better existence for themselves and their dependants.
- (2) Commonage land is leased to small farmers’ associations and emerging farmers’ associations only, and not to individuals.
- (3) Small farmers’ associations and emerging farmers’ associations who wish to lease commonage land from the Municipality on behalf of their members, must apply to the Municipality for recognition, which application must include the constitution and members’ register of emerging farmers who must also be residents.
- (4) Recognised small farmers’ associations and emerging farmers’ associations, also known as land users, must submit any amendments to their constitution and/or members’ register to the Municipality annually before 31 May.
- (5) In the event of failure to comply with the lease conditions or the provisions of subsection (4), the Municipality reserves the right to withdraw the recognition of the land user concerned and to terminate any lease agreement with such land user.
- (6) Lease periods are determined per lease agreement and are renewable on application by the land user, provided that a lease period may not be longer than a uninterrupted period of 9 (nine) years and 11 (eleven) months.

### **4. RENT**

- (1) Rent for the utilisation of commonage land by land users is determined annually by the Municipality as part of the budgeting process and comes into effect on 1 July of the relevant financial year.
- (2) Rent is payable as stipulated in the relevant lease agreement, provided that failure to pay the rent due may lead to the termination of the agreement.

### **5. ESTABLISHMENT OF GRAZING CAMPS FOR ANIMALS**

The Municipality may reserve and fence off a portion of commonage land as a grazing area and establish grazing camps in the area or allow that fenced-off grazing camps for the stock of emerging farmers be established.

### **6. CLOSURE OF CAMPS**

- (1) The Municipality may, when deemed necessary for the maintenance and/or re-establishment of pasturage and after notification to the land users, close a grazing camp or prohibit the grazing thereon or on a portion thereof for a specified period.
- (2) No person may allow his or her animals to graze in a grazing camp that has been closed by the Municipality, irrespective the purpose or reason therefor.
- (3) Any person contravening subsection (2) is guilty of an offense.



**7. APPROVAL PROCESS TO ALLOW ANIMALS TO GRAZE**

- (1) No land user may keep any animal or let any animal graze in a grazing camp and/or on commonage land before written permission has been obtained from the Municipality.
- (2) A land user who wishes to obtain the permission as contemplated in subsection (1), must submit the prescribed form to the Municipality who may, after consideration of the following factors, grant or refuse permission:
  - a) the total number of animals already allowed in the grazing camp; and
  - b) the number and type of animals that the applicant has applied for to be released in the grazing camp;
- (3) The approval contemplated under subsection (1) may be granted subject to the condition(s) or provision(s) deemed necessary by the Municipality.
- (4) The right to allow grazing is personal to the land user and no land user is entitled to transfer or cede such right in any manner.
- (5) A land user contravening subsection (1) or failing to comply with the provisions in terms of subsection (3), is guilty of an offense.

**8. RESTRICTION OF ANIMALS TO GRAZING CAMPS / COMMONAGE LAND**

- (1) A land user who lets animals graze in the grazing camp or on commonage land must restrict the stock to the camp allocated by the Municipality.
- (2) A land user contravening subsection (1) is guilty of an offense.

**9. NUMBER AND CONDITION OF ANIMALS**

- (1) The Municipality may determine the number and type of animals kept by a land user on the commonage land.
- (2) A land user who keeps an animal on the commonage land, must personally ensure that the animal is in a healthy condition.
- (3) The Municipality may require a land user who applies for or already keeps an animal on the commonage land to submit a sworn affidavit regarding the ownership and condition of the animal to the Municipality.
- (4) Any land user who –
  - a) keeps more animals on the commonage land than those contemplated in subsection (1); or
  - b) fails to keep an animal in a healthy condition in terms of subsection (2); or
  - c) fails to submit an affidavit as stipulated in subsection (3); or
  - d) provides false information to the Municipality, is guilty of an offense.

**10. MARKING OF ANIMALS**

- (1) A land user who lets any stock graze on the commonage land, must personally ensure that all animals are marked in terms of Section 7 of the Act.
- (2) No land user may keep or let any animal graze on the commonage land before the animal is marked.
- (3) Stock found on the commonage land without any marks, may be impounded by the Municipality and pound fees as approved in the budget or as stipulated in the Municipality's By-law on the Impoundment of Animals shall be charged.

**11. INFECTED ANIMALS**

- (1) No land user may bring any stock infected with any transmittable or contagious disease, or suspected of being infected with such disease, onto commonage land or let them graze on such land.

- (2) Any stock found on the commonage land that is suspected of being infected with any contagious or transmittable disease, must be examined by a veterinarian at the expense of the owner of such stock, and if the veterinarian finds such infection to be contagious or transmittable, he or she may arrange for such stock to be placed under quarantine or to be destroyed.
- (3) Any person contravening subsection (1) commits an offense.

## **12. CARCASSES OF ANIMALS**

- (1) If an animal dies on the commonage land, the land user must arrange for the carcass to be buried elsewhere within 24 hours of discovery of the carcass, provided that if the land user fails to do so, the Municipality will bury the carcass and recover the costs from the land user.
- (2) A land user who fails to remove and bury a carcass as contemplated in subsection (1), is guilty of an offense.

## **13. PROHIBITED BEHAVIOUR**

- (1) No person or land user may, without the prior permission of the Municipality –
  - a) build any hut, shelter, kraal, dwelling or structure of any kind on commonage land, nor live, camp or squat on any part on the commonage land;
  - b) collect, dump or place any car wreck, other vehicles, machines or any scrap thereof on any part of commonage land;
  - c) dig and/or remove soil, clay, sand, gravel or stone from the commonage land;
  - d) manufacture bricks or construct brick, lime or charcoal furnaces on commonage land;
  - e) cut, damage, burn, destroy, collect or remove any plant, bark, tree, wood, firewood, undergrowth, bush, shrub, manure or any grass present on the commonage land;
  - f) establish and/or use a road over commonage land, except roads that the Municipality may authorise from time to time, as well as roads that are prohibit by law to be utilised by the public;
  - g) deposit any poison for any purpose whatsoever on commonage land or leave it there in any manner;
  - h) kill, capture, keep or hunt any wild animal or bird of any description whatsoever that is present on the commonage land, or attempt to kill such wild animal or bird of any description whatsoever;
  - i) set traps of any description on commonage land;
  - j) destroy the nest of any bird or waterfowl that is present on commonage land or remove its eggs or young ones from such nest; or
  - k) fish in any dam, river or any water present on commonage land.
- (2) The Municipality may take any steps necessary to rectify any contravention of subsection (1) and the Municipality may recover any such costs incurred from the land user responsible for the contravention.
- (3) A land user contravening subsection (1) commits an offense.

## **14. LEASE AGREEMENTS**

Any land user who lets stock graze on commonage land or in grazing camps, or who undertakes any other agricultural project on commonage land, shall conclude a lease agreement with the Municipality prior to the commencement of the project, as prescribed in the Management and Administration of Municipal Immovable Property By-law (excluding land utilised for the provision of social care).



**15. EXEMPTIONS**

- (1) Any person may apply to the Municipality for exemption from any provision of this by-law by means of a written representation stating full reasons therefor.
- (2) The Municipality may –
  - a) grant an exemption in writing, setting out the terms, if any, as well as the validity period for such exemption; or
  - b) amend or cancel any exemption or condition in an exemption; or
  - c) refuse the grant of an exemption.
- (3) The exemption will come into effect only after an applicant has signed a written undertaking to comply with all the conditions of the Municipality in subsection (2). If any activity commences before such undertaking has been submitted to the Municipality, the exemption shall expire.
- (4) The exemption expires immediately if any condition of the exemption is not complied with.

**16. CERTIFICATION AND SERVING OF NOTICES AND OTHER DOCUMENTS**

- (1) A notice that has been served by the Municipality in terms of this by-law, shall be deemed to be duly issued if signed by an official of the Municipality.
- (2) Any notice or other document served on a person in terms of this by-law, shall be deemed to be duly served –
  - a) if it has been handed in person to the individual concerned;
  - b) if it has been left with a person who is estimated to be 16 years or older at the relevant person's residential or business address within the Republic;
  - c) if it has been sent by registered or certified mail to the last known residential or business address in the Republic of the relevant person and proof thereof has been obtained from the postal service;
  - d) should the person's address in the Republic be unknown, if it is served on his agent or representative in the Republic in the manner described in paragraphs (a), (b) or (c);
  - e) should the address and agent of the relevant person or the representative in the Republic be unknown, if it is served in a visible place at the relevant grounds or business premises;
  - f) in the case of a land user, if it is served at the registered office of the land user's business premises;
  - g) if it has been sent to the e-mail address of the relevant person on his or her request.
- (3) The serving of a copy is deemed to be the serving of an original.
- (4) Whenever a notice or other document is addressed to the owner, tenant/resident or holder of the property or served on any property, it is sufficient if such person is the owner, tenant/resident or holder of the property or is correctly indicated on such property, and it is not necessary to mention the person by name.

**17. APPEAL**

Any person or legal person whose rights are affected by a decision of the Municipality, may in terms of Section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) appeal against the decision, with reasons for the appeal, and must be directed to the Municipal Manager within 21 (twenty-one) days from the date of notification of the decision.

**18. FINES**

A person who commits an offense in terms of the provisions of this by-law shall, on conviction and subject to fines prescribed in other legislation, subject him-/herself to a fine or, if he/she fails to pay, to imprisonment, or to imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and imprisonment, and in the event of successive or continued offenses, to a fine for each day that such contravention continues, or if the person fails to pay, to imprisonment.

**19. REPEAL OF BY-LAWS**

The provisions of any by-laws previously promulgated by the Municipality or by any of the municipalities now incorporated into the Municipality, are hereby repealed insofar as they relate to matters provided for in this by-law, and insofar as they are applicable to the Municipality through the mandate for the execution of powers and duties in terms of Section 84(3) of the Local Government: Municipal Structures Act (Act 117 of 1998).

**20. SHORT TITLE AND COMMENCEMENT**

This by-law is known as the Utilisation of Commonage Land by Emerging Farmers By-law and shall come into effect on the date it is published in the Provincial Gazette.

## MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

### VERORDENING INSAKE DIE GEBRUIK VAN MEENTGROND DEUR OPKOMENDE BOERE

#### 1. INLEIDING / DOEL

Hierdie verordening is van toepassing op die geproklameerde regsgebied van die Matzikama Munisipaliteit en maak voorsiening vir die gebruik en bestuur van meentgrond wat deur die Munisipaliteit aan opkomende boere beskikbaar gestel word, asook vir die beheer van diere op sodanige meentgrond.

#### 2. WOORDOMSKRYWINGS

“**grondgebruiker**” beteken enige kleinboerevereniging of opkomende-boerevereniging met wie die Munisipaliteit skriftelik ooreengekom het om by die beheer of bestuur van meentgrond betrokke te wees en sluit 'n gemagtigde persoon van sodanige vereniging in;

“**grootvee**” beteken beeste, perde, muile en donkies en sluit enige ander spesie in wat die Minister deur kennisgewing in die Provinsiale Koerant as grootvee vir die doeleindes van die Wet verklaar;

“**inwoner**” beteken 'n persoon wat 'n geregistreerde kieser op die Matzikama munisipale kieserslys is of wat 'n Matzikama munisipale diensrekening in sy of haar naam het;

“**kleinboerevereniging**” beteken 'n regspersoon met 'n eie grondwet wat uit opkomende boere bestaan en as sulks deur die Munisipaliteit erken word;

“**kleinvee**” beteken skape, varke en bokke en sluit enige ander spesie in wat die Minister deur kennisgewing in die Provinsiale Koerant as kleinvee vir die doeleindes van die Wet verklaar;

“**landbou**” beteken die bewerking van grond met die doel om gewasse vir eie gebruik en/of vir finansiële voordeel daarop te verbou;

“**meentgrond**” beteken die gedeelte van die munisipale eiendom wat deur die Munisipaliteit geormerk is vir weiding deur diere, veeboerdery, landbou en enige ander goedgekeurde landbou-aktiwiteite deur opkomende boere;

“**merk**” beteken enige merk, geregistreer ingevolge artikel 5(2) van die Wet en aangebring op enige dier vir enige doel, insluitend enige voorstelling van 'n merk wat beoog word om op diere geplaas te word, soos omstandighede vereis, maar sluit die volgende uit:

- (1) 'n merk gemaak of geplaas op die horing of hoef van 'n dier;
- (2) 'n merk gemaak met verf op enige dier;
- (3) 'n klamp, klinknael, etiket aan die oor geheg, of enige merk gemaak op sodanige klamp, klinknael of etiket; of
- (4) 'n keep of gat in die oor van 'n dier;

“**munisipaliteit**” beteken die Matzikama Munisipaliteit, gevestig kragtens artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) en sluit in enige politieke strukture, politieke ampsdraers, behoorlik gemagtigde agent of enige werknemer wat ingevolge hierdie verordening optree, by wyse van 'n bevoegdheid wat in die Munisipaliteit setel en gedelegeer of gesubdelegeer is aan sodanige politieke struktuur, ampsdraer, agent of werknemer;

“**opkomende boer**” beteken voorheen benadeelde swart (Bruin, Afrikaan en Indiër) inwoners van die Matzikama-munisipale regsgebied wat óf geen grond nie óf onvoldoende grond vir die weiding van hul diere of die verbouing van landbouprodukte het;

“**opkomendeboerevereniging**” beteken ’n regspersoon met ’n eie grondwet en waarvan die lede uit opkomende boere bestaan en wat as sulks deur die Munisipaliteit erken word;

“**persoon**” beteken ’n natuurlike of regspersoon;

“**voorgeskrif**” beteken voorgeskryf deur die Munisipaliteit;

“**weidingsgebied**” beteken die gedeelte meentgrond wat vir die doel van beweiding deur groot en klein vee geormerk is;

“**weidingskamp**” beteken die gedeelte van ’n weidingsgebied wat afgebaken en omhein is vir die beweiding daarvan deur groot- en kleinvee; en

“**Wet**” beteken die Wet op Identifisering van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002).

### **3. DIE VERHURING VAN MEENTGROND**

- (1) Meentgrond van die Munisipaliteit word, wanneer moontlik en die behoefte daarvoor bestaan, aan opkomende boere beskikbaar gestel sodat hulle by wyse van die aanhou van vee en die beoefening van landbou ’n beter bestaan vir hulself en hul afhanklikes kan skep.
- (2) Meentgrond word slegs aan kleinboereverenigings en opkomendeboereverenigings verhuur, en nie aan individue nie.
- (3) Kleinboereverenigings en opkomendeboereverenigings wat namens hul lede meentgrond by die Munisipaliteit wil huur, moet om erkenning by die Munisipaliteit aansoek doen, welke aansoek die grondwet en lederegister van opkomende boere, wat ook inwoners moet wees, moet insluit.
- (4) Erkende kleinboereverenigings en opkomendeboereverenigings, wat ook as grondgebruikers bekend staan, moet jaarliks voor 31 Mei enige wysigings aan hul grondwet en/of lederegister aan die Munisipaliteit voorlê.
- (5) Die Munisipaliteit behou die reg voor om by versuim om aan die huurvoorwaardes of aan die bepalinge van subartikel (4) te voldoen, die erkenning van die betrokke grondgebruiker terug te trek en enige huurooreenkoms met sodanige grondgebruiker te beëindig.
- (6) Huurtermyn word per huurooreenkoms bepaal en is op aansoek deur die grondgebruiker hernubaar met dien verstande dat ’n huurtermyn nie langer as 9 (nege) jaar en 11 (elf) maande aaneenlopend mag wees nie.

### **4. HURGELDE**

- (1) Huurgelde vir die gebruik van meentgrond deur grondgebruikers word jaarliks deur die Munisipaliteit as deel van die begrotingsproses bepaal en tree op 1 Julie van die betrokke boekjaar in werking.
- (2) Huurgelde is betaalbaar soos in die betrokke huurooreenkoms bepaal, met dien verstande dat die versuim om die verskuldigde huurgeld te betaal, tot die beëindiging van die ooreenkoms mag lei.

### **5. VESTIGING VAN WEIKAMPE VIR DIERE**

Die Munisipaliteit mag ’n gedeelte van ’n meent as ’n weidingsgebied reserveer en omhein en weikampe daarop vestig of toelaat dat omheinde weikampe vir die vee van opkomende boere opgerig word.

## **6. SLUITING VAN KAMPE**

- (1) Die Munisipaliteit mag, wanneer dit nodig geag word vir die onderhoud van en/of om weiding te laat hervestig, ná kennisgewing aan die grondgebruikers, 'n weikamp sluit of die beweiding daarvan of gedeelte daarvan vir 'n bepaalde tydperk verbied.
- (2) Geen persoon mag toelaat dat sy of haar diere in 'n weikamp wei wat deur die Munisipaliteit gesluit is nie, ongeag die doel of rede daarvoor.
- (3) Enige persoon wat subartikel (2) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

## **7. GOEDKEURINGSPROSES OM DIERE TE LAAT WEI**

- (1) Geen grondgebruiker mag enige dier aanhou of laat wei in 'n weikamp en/of op 'n meent alvorens skriftelike toestemming nie eers van die Munisipaliteit verkry is nie.
- (2) 'n Grondgebruiker wat die toestemming, soos in subartikel (1) beoog, wil verkry, moet die voorgeskrewe vorm by die Munisipaliteit indien wat ná oorweging van die volgende faktore toestemming mag verleen of weier:
  - a) die totale getal diere wat alreeds in die weikamp toegelaat is; en
  - b) die getal en soort diere waarvoor die aansoeker aansoek doen om in die weikamp vrygelaat te word.
- (3) Die goedkeuring wat onder subartikel (1) beoog word, mag toegestaan word onderhewig aan die voorwaarde(s) of die bepaling(s) wat die Munisipaliteit nodig ag.
- (4) Die reg om te laat wei is persoonlik tot die grondgebruiker en geen grondgebruiker is geregtig om dit op enige wyse oor te dra of te sedeer nie.
- (5) 'n Grondgebruiker wat subartikel (1) oortree of nalaat om te voldoen aan die voorwaardes wat ingevolge subartikel (3) bepaal is, is skuldig aan 'n misdryf.

## **8. BEPERKING VAN DIERE TOT WEIKAMPE / MEENT**

- (1) 'n Grondgebruiker wat diere in die weikamp of op 'n meent laat wei, moet die vee beperk tot die kamp wat deur die Munisipaliteit aangewys is.
- (2) 'n Grondgebruiker wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n misdryf.

## **9. GETAL EN TOESTAND VAN DIERE**

- (1) Die Munisipaliteit mag die getal en soort diere wat deur 'n grondgebruiker op die meent gehou word, bepaal.
- (2) 'n Grondgebruiker wat 'n dier op die meent aanhou, moet self toesien dat die dier in 'n gesonde toestand is.
- (3) Die Munisipaliteit mag van 'n grondgebruiker wat aansoek doen, of reeds 'n dier op die meent aanhou, vereis om 'n beëdigde verklaring oor eienaarskap en toestand van die dier aan die Munisipaliteit voor te lê.
- (4) Enige grondgebruiker wat –
  - a) meer as die bepaalde aantal diere ingevolge subartikel (1) op die meent aanhou; of
  - b) versuim om 'n dier in 'n gesonde toestand ingevolge subartikel (2) aan te hou; of
  - c) versuim om 'n verklaring in te dien soos in subartikel (3) bepaal; of
  - d) vals inligting aan die Munisipaliteit verskaf, is skuldig aan 'n misdryf.

## **10. MERK VAN DIERE**

- (1) 'n Grondgebruiker wat enige vee op die meent laat wei, moet self toesien dat alle diere gemerk is ingevolge artikel 7 van die Wet.
- (2) Geen grondgebruiker mag enige dier op die meent aanhou of laat wei alvorens dit gemerk is nie.

- (3) Vee wat op die meent gevind word sonder enige merke, mag deur die Munisipaliteit geskut word en skutgelde, soos in die begroting goedgekeur of soos in die Verordening insake die Skut van Diere van die Munisipaliteit bepaal, sal gehef word.

#### **11. BESMETTE DIERE**

- (1) Geen grondgebruiker mag enige vee wat besmet is met enige oordraagbare of aansteeklike siekte, of vermoedelik besmet is met sodanige siekte, op 'n meent bring of laat wei nie.
- (2) Enige vee wat op 'n meent gevind word en vermoedelik besmet is met enige aansteeklike of oordraagbare siekte, moet op koste van die eienaar daarvan ondersoek word deur 'n veearts, en indien hy of sy bevind dat sodanige besmetting aansteeklik of oordraagbaar is, mag hy of sy reël dat sodanige vee onder kwarantyn geplaas of vernietig word.
- (3) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, pleeg 'n misdryf.

#### **12. KARKASSE VAN DIERE**

- (1) Sou 'n dier op die meent vrek, moet die grondgebruiker binne 24 uur vanaf die ontdekking van die karkas reël dat die karkas elders begrawe word, met dien verstande dat indien die grondgebruiker hierdie plig versuim, die Munisipaliteit die karkas sal begrawe en die koste van die grondgebruiker sal verhaal.
- (2) 'n Grondgebruiker wat versuim om 'n karkas soos bedoel in subartikel (1) te verwyder en te begrawe, is skuldig aan misdryf.

#### **13. VERBODE GEDRAG**

- (1) Geen persoon of grondgebruiker mag sonder die vooraf verkreë toestemming van die Munisipaliteit –
- a) enige hut, skuiling, kraal, woning of struktuur van enige soort op meentgrond oprig nie en ook nie op enige deel van die meent woon, kampeer of plak nie;
  - b) op enige deel van 'n meent enige motorwrakke, ander voertuie, masjiene of enige skroot daarvan, versamel, stort of deponeer nie;
  - c) op die meent grond, klei, sand, gruis of klip delf en/of daarvan verwyder nie;
  - d) op die meent bakstene vervaardig of baksteen-, lym- of houtskool-oonde op 'n meent oprig nie;
  - e) enige plant, bas, bome, hout, brandhout, ruigte, bos, struik, mis of enige gras wat op die meent is, sny, beskadig, brandsteek, vernietig, versamel of daarvan verwyder nie;
  - f) enige pad oor 'n meent maak en/of gebruik, buiten paaie waarvan die Munisipaliteit van tyd tot tyd die gebruik magtig nie, asook paaie wat regtens deur die publiek gebruik mag word nie;
  - g) enige gif vir watter doel ook al op 'n meent deponeer of op enige wyse daar laat nie;
  - h) enige wild of voëls van watter beskrywing ook al en wat op die meent voorkom, doodmaak, vang, aanhou, jag of poog om sodanige wild of voëls van watter beskrywing ook al, dood te maak nie;
  - i) strikke van enige beskrywing op 'n meent stel nie;
  - j) enige voël of waterhoender se nes vernietig of se eiers of kleintjies daaruit verwyder waar sodanige neste op 'n meent voorkom nie; of
  - k) in enige dam, rivier of enige water wat op 'n meent voorkom, visvang nie.

- (2) Die Munisipaliteit mag enige stappe doen wat nodig is om enige oortreding van subartikel (1) te herstel en die Munisipaliteit mag enige sodanige koste aangegaan van die grondgebruiker verantwoordelik vir die oortreding verhaal.
- (3) 'n Grondgebruiker wat subartikel (1) oortree, pleeg 'n misdryf.

#### **14. HUUROOREENKOMSTE**

Elke grondgebruiker wat vee op meentgrond of in weikampe laat wei of enige ander landbouprojek op meentgrond aanpak, sal ingevolge artikel 3 en voor die projek 'n aanvang neem, 'n huurooreenkoms met die Munisipaliteit sluit, soos omskryf in die Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Munisipale Onroerende Eiendom (uitgesluit grond wat vir die lewering van maatskaplike sorg aangewend word).

#### **15. VRYSTELLINGS**

- (1) Enige persoon mag by wyse van 'n skriftelike versoë, met vermelding van volle redes, by die Munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van enige bepaling van hierdie verordening.
- (2) Die Munisipaliteit mag –
  - a) skriftelike vrystelling verleen waarin die voorwaardes, indien enige, uiteengesit word asook die tydperk waarvoor sodanige vrystelling geldig sal wees; of
  - b) enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling wysig of kanselleer; of
  - c) die toestaan van 'n vrystelling weier.
- (3) Die vrystelling tree slegs in werking nadat 'n aansoeker 'n skriftelike onderneming onderteken het om aan al die voorwaardes van die Munisipaliteit in subartikel (2) te voldoen. Indien enige aktiwiteit 'n aanvang neem alvorens sodanige onderneming by die Munisipaliteit ingedien is, verval die vrystelling.
- (4) Die vrystelling verval onmiddellik indien enige voorwaarde van die vrystelling nie nagekom word nie.

#### **16. SERTIFISERING EN BETEKENING VAN KENNISGEWINGS EN ANDER DOKUMENTE**

- (1) 'n Kennisgewing wat kragtens hierdie verordening deur die Munisipaliteit beteken is, word geag na behore uitgereik te wees indien dit deur 'n amptenaar van die Munisipaliteit onderteken is.
- (2) Enige kennisgewing of ander dokument wat kragtens hierdie verordening aan 'n persoon bedien word, word as behoorlik beteken geag –
  - a) indien dit persoonlik aan die betrokke persoon oorhandig is;
  - b) indien dit by die betrokke persoon se woon- of besigheidsadres binne die Republiek gelaat word by 'n persoon wat na raming 16 jaar of ouer is;
  - c) indien dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos na die laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek van die betrokke persoon gestuur is en 'n bewys daarvan van die posdiens verkry is;
  - d) indien die persoon se adres in die Republiek onbekend is, as dit aan sy agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken is op die wyse wat onder paragraaf (a), (b) of (c) beskryf word;
  - e) indien die adres en agent van die betrokke persoon of die verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, as dit op 'n opsigtelike plek by die betrokke gronde of sakeperseel beteken is;



- f) in die geval van 'n grondgebruiker, as dit by die geregistreerde kantoor van die sakeperseel van die grondgebruiker beteken is;
  - g) indien dit op versoek van die betrokke persoon aan sy of haar e-posadres gestuur is.
- (3) Die betekening van 'n afskrif word geag die betekening van 'n oorspronklike te wees.
- (4) Wanneer ook al 'n kennisgewing of ander dokument gerig word aan die eienaar, huurder/inwoner of houer van die eiendom of beteken word op enige eiendom, is dit voldoende as sodanige persoon die eienaar, huurder/inwoner of houer van die eiendom is of korrek op sodanige eiendom aangedui word, en is dit nie nodig om die persoon by name te noem nie.

#### **17. APPÈL**

Enige persoon of regspersoon wie se regte deur 'n besluit van die Munisipaliteit geraak word, mag ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) teen die besluit appelleer, met redes vir die appèl, en moet binne 21 (een-en-twintig) dae vanaf datum van kennisgewing van die besluit aan die Munisipale Bestuurder gerig word.

#### **18. BOETES**

'n Persoon wat kragtens die bepalings van hierdie verordening 'n misdryf pleeg, sal by skuldigbevinding en onderhewig aan boetes wat in ander wetgewing bepaal word, hom-/haarself aan 'n boete of, as hy/sy versuim om te betaal, aan tronkstraf, of aan tronkstraf sonder die opsie van 'n boete, of aan beide sodanige boete en tronkstraf blootstel, en in die geval van opeenvolgende of voortgesette oortredings, aan 'n boete vir elke dag wat sodanige oortreding voortduur, of indien die persoon versuim om te betaal, aan tronkstraf.

#### **19. HERROEPING VAN VERORDENINGE**

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die Munisipaliteit of deur enige van die munisipaliteite wat nou by die Munisipaliteit ingelyf is, afgekondig is, word hierby herroep in soverre dit verband hou met sake waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak is, en in soverre dit kragtens artikel 84(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998) deur die volmag vir die uitvoering van bevoegdhede en funksies op die Munisipaliteit toegepas is.

#### **20. KORT TITEL EN INWERKINGTREDING**

Hierdie verordening word die Verordening insake die Gebruik van Meentgrond deur Opkomende Boere genoem en sal in werking tree op die datum wat dit in die Provinsiale Koerant verskyn.